
# AFDELING 2 : LEGENDES

2

# "POSTMA SE HELDE"



1 Prof. APC Duvenage



2 Prof. Jan Kamp



3 Prof. SPE Boshoff



4 Prof. JC (Joon) Van Rooy



5 Prof. DJ ("Rooibees") du Plessis



6 Prof. GTS Eiselen



7 Prof. G van Wageningen




8 Prof. J Chris Coetzee



9 Prof. LJ (Wikus) du Plessis



10 Prof. DJ (Dirk) van Rooy



11 Prof. HG Schulze



12 Prof. AJH van der Walt



13 Prof. HG Stoker



14 Prof. G Dekker



15 Prof. JP van der Merwe



17 Mej. MM Radloff
(van der Merwe)



16 Mej. AC Norenius

# 2.1 "POSTMA SE HELDE" … 'N BINGLE-HULDEBLYK

*Die geskiedenis van die PUK vanaf sy formele beslaggewing in 1919 tot met selfstandigwording in 1951 is tegelykertyd ook die geskiedenis van Ferdinand Postma.* Spreektaalgewys is tydgenote en kenners dit hiermee roerend eens, maar dit sou oordrewe wees om nét vir Postma met hierdie ontsaglike prestasie te krediteer …

In Maart 1990 het 'n viertal PUK-dosente onderhoude gevoer met die voormalige rektor en kanselier, prof.HJJ (Hennie) Bingle. Hy het dit onder meer gehad oor "die helde van Postma" en hulle nader omskryf as "almal mense waarmee Postma hom toegerus het om daardie kleinood wat hy gedra het, in die wetenskaplike wêreld in te dra".

Hierdie kleinood, op sy beurt, het verduideliking deur Bingle geverg: Postma se hele stryd het in dié tyd gegaan om die veld van die hoër onderwys te betree en om aan die PUK se teenstanders en kritici te bewys dat Christelike wetenskapsbeoefening wel moontlik is: "En nou het hierdie mense 'n absolute vreemde wêreld betree, 'n vyandige wêreld waar hulle 'n staanplek moes uitmoker met hierdie beginsel en vir die mense wys ons kan 'n wetenskap net so en beter as julle bedryf omdat ons van meer gebruik maak as waarvan julle julle veroorloof om gebruik te maak."

'n Verdere afbakening van Postma is ten opsigte van die tydperk of era, naamlik vanaf 1921 (met inkorporasie by die Universiteit van Suid-Afrika) tot 1928 (met die verskyning van die omstrede verslag van die Van der Horst-kommissie wat wou hê dat die PUK sy deure moes sluit). Nou tref dit so dat feitlik al hierdie "helde" van Postma steeds in die dertiger- en veertigerjare sou bestaan en dat 'n aantal selfs ná selfstandigwording in 1951 die PUK-banier in die akademiese wêreld met waardigheid en trots sou dra.

Bingle, wat in 1928 eerstejaar was en 'n "grenslose respek" vir "hierdie generaal met sy leërbende" gehad het, het Postma se helde by die naam genoem. Op twee na – **proff. APC Duvenage en Jan Kamp**, wat reeds oorlede was – was die res van sy helde almal teen 1928, toe hy eerstejaar was, in die tuig. By sommiges het hy destyds klas gekry, andere was weer kollegas toe hy teen die middelveertigerjare as dosent aan die PUK aangestel is.

Bingle vertel: "Ek gaan die klompie name vir u noem: **JC van Rooy**, dis Joon; **J Chris Coetzee** – by hom het ek klas gehad, natuurlik my hele opleiding; **LJ du Plessis** (Klassieke Tale); **DJ van Rooy** (Wiskunde); **HG Schulze** (Duits); **SPE Boshoff** (Afrikaans); **G Dekker** (Afrikaans); **HG Stoker** (Wysbegeerte); **AJH van der Walt** (Geskiedenis); **DJ du Plessis** (Skeikunde); **G van Wageningen** (Fisika); **GTS Eiselen** (Plant- en Dierkunde) en **JP van der Merwe** (Ekonomie). Hulle is dertien. Dan was daar twee dames: **mej. MM Radloff** (Plantkunde – nou mev. Van der Merwe), en "**Miss**" **Norenius** (sy was 'n Noor, het Engels gegee.)"

Uitgevra na hulle opleiding, vir die besondere taak wat op hulle gewag het, het Bingle só gereageer: "JC van Rooy was hier 'n teologiese student. Toe hy klaargemaak het, het hy in die Filosofie ingegaan en hy het uiteindelik professor geword in Sosiologie. J Chr Coetzee het ook hier sy opleiding gehad, LJ du Plessis dieselfde, DJ van Rooy dieselfde, HG Schulze dieselfde. Boshoff nie, hy het elders gestudeer maar sy proefskrif geskryf toe hy hier was, onder iemand anders.

"HG Stoker is hier opgelei, AJH van der Walt is hier opgelei, G Dekker is nie hier opgelei nie, hy is op Tukkies en in Holland opgelei. DJ du Plessis is ook aanvanklik hier opgelei *[nee, hy het aan Grey Universiteitskollege studeer]*, maar toe is hy Duitsland toe. Van Wageningen is sommer van die veld af gevang, hy was natuurlik 'n gewone plaasskoolonderwyser en al kwalifikasie van hom was matriek en later van jare, terwyl ek al hier student was, was hy 'n ruk lank in Holland en het toe doctorandus status daar behaal. GTS Eiselen het sy opleiding by Wits gehad, JP van der Merwe op Bloemfontein en in Holland. Mej. Radloff was 'n Stellenbosser en Norenius weet ek nie waar sy vandaan kom nie." *[Sy was verbonde aan POK voordat sy in 1925 by die PUK aangestel is.]*

Bingle vat saam: "Nou hierdie mense is een vir een met die hand uitgesoek en alleen bewese mense het hy gevat."

Oor wie en wat hulle was en hoe nou juis hierdie persone deel geword het van Postma se heldespan vertel Bingle ook een en ander. Die kwaliteit van hul vakkundigheid was belangrik, maar so ook "hulle absolute toegewyde en deurwinterde toewyding aan die beginsel".

- Hy het nie vir Kamp en Duvenage geken nie, maar Kamp of "Ou Kampies" was skynbaar 'n legende in sy tyd. Studente het nie 'n klas van hom gemis nie "en almal het net gesit en luister na sy wonderlike voordrag".
- LJ (Wikus) du Plessis beskou hy as "seker die skranderste mens wat in daardie jare tot nadat ek lankal daar weg is, ooit by die PUK was" en haal prof.Ferdinand Postma aan, wat ook vir Wikus bestempel het as "die skranderste mens met wie hy ooit te doen gehad het".
- Van DJ van Rooy oftewel "Dirk van die Wiskunde" vertel Bingle dat daar op 'n stadium sewentien dosente aan ander universiteite was wat deur hom opgelei is.
- Duvenage en Boshoff weer was vir tye lank burgemeester van die dorp,
- terwyl Chris Coetzee, 'n "baie goedgeleerde man" na wie veral vanuit Pretoria en Stellenbosch verkleinerend verwys is, akademies daardie mense se meerdere was en hy hulle eenvoudig doodgeleef het: "Hy was baie skerp en baie vinnig en baie paraat, met 'n onverbeterlike geheue en 'n gespierde taal waarop hy dinge sê wat hulle hom dit nie kan nadoen nie ...".
- Bingle verwys ook na AJH van der Walt as "'n baie gesiene figuur en die vader van die huidige UNISA".
- En: "Vat H.G. Stoker en Dekker, dit is sterk mense."

Wat Bingle ook sterk opgeval het was die wyse waarop hierdie groot manne, hierdie helde, by wie hy teen die einde van die dekade dertig klas gehad het (by name Dekker, Van der Walt, Schulze, LJ du Plessis en JP van der Merwe), hom later – toe hy in 1945 as dosent aangestel is – aanvaar het: "Hulle het vir my kom kuier by die huis, besoek afgelê en gesels asof jy 'n gelyke van hulle is."

Dit tref nou so dat die meeste van "Postma se helde" vir Postma oorleef het en vir nog wisselende termyne voortgebou het aan die monument wat hulle (en andere) saam met Postma gebou het, naamlik die selfstandiggeworde Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, en dat hulle in daardie tyd nog verder in statuur gegroei en tot hul legendariese status toegevoeg het om sodoende vir opname in die oorkoepelende PUK-sage te kwalifiseer.

Die profiele van twee van die Bingle-geïdentifiseerde "helde", professore Jan Kamp en APC Duvenage, verskyn in die eerste volume van *Sages en Legendes*.

# 2.2 SPE BOSHOFF : BEELDBOUER, BEELDDRAER



*Prof. SPE Boshoff*

Stephanus Petrus Erasmus Boshoff, konsentrasiekampkind en boerseun uit Senekal se wêreld in die Oos-Vrystaat, was een van die kleurrykste figure in die PUK se wordingsgeskiedenis.

As student aan Grey Universiteitskollege in Bloemfontein behaal Boshoff sy BA-graad in 1911 met onderskeidings in Nederlands, Duits en Engels. Gedurende 1912 en 1913 hou hy skool en in laasgenoemde jaar verwerf hy die MA-graad in Afrikaans – weer met lof. Daarmee verwerf hy die Kanseliersmedalje van die Universiteit van Kaap die Goeie Hoop en die Koningin Victoria-beurs, en gaan sit hy sy studies aan die Gemeentelike Universiteit van Amsterdam voort.

Met die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog keer hy na Suid-Afrika terug, waar hy aan die Rebellie teen die regering se oorlogsbetrokkenheid deelneem. Hy word saam met ander rebelle gevange geneem en vir 'n tyd lank opgesluit – en verbeur in die proses sy beurs. Sy ervaringe tydens die Rebellie is opgeteken in twee boekies, naamlik *Vaalrivier die Broederstroom of: "Die uiteinde van Generaal CF Beyers"* en *"Rebellie-Sketse uit mij Dagboek, 1914-1915"*. 'n Seun van hom dra later die generaal se naam en word 'n bekende Afrikaanse speurverhaal skrywer (CF Beyers Boshoff), terwyl sy ervaringe ook as stimulus dien vir 'n gedig van Totius oor dié Boereheld. Toe daar tydens die Eerste Wêreldoorlog sprake was dat soldate die PUK sou aanval "het hyself met 'n stewige kierie in 'n stewige hand op wag gestaan, reg vir gebeurlikhede".

In 1915 is Boshoff tydelik aangestel as plaasvervanger vir prof. Jan Kamp wat vir ses maande met verlof was, en daarna word sy pos met onder meer Nederlandse finansiële steun gekontinueer en in 'n professoraat omskep. Hy was veral verantwoordelik vir Nederlandse taal en lettere, maar het ook periodiek Engels en selfs Frans aangebied.

In 1921 het Boshoff sy doktorale studie met die proefskrif *Volk en Taal van Suid-Afrika* … aan die Gemeentelike Universiteit van Amsterdam voltooi. Hy is hiervoor deur sy rektor, prof. Ferdinand Postma, geloof: "Daar was 'n boumeester aan die werk, wat 'n monument opgerig het …".

Jacs van Rooy, 'n student van hom in die middeltwintigerjare, onthou: "In sy eie vak was hy 'n reus. Dit was 'n voorreg om drie jaar aan sy voete te sit: hy dra jou dwarsdeur. Self 'n harde werker, het hy jou nie kans gegee om te slaap nie. Sonder 'n enkele aantekening kon hy aanmekaar praat, so praat dat jy luister, terwyl hy uit sy ystergeheue aanhaal. As hy 'n slag iets mooi aanhaal, en hy merk dat jy ene ore is, herhaal hy die mooi ding weer, en jy kan sommer sien hoe lekker kry hy, en dan kry jy saam met hom lekker … As jy later jou aantekeninge deurkyk, vind jy elke woord en sin op sy plek, en jy kan dit maar gaan instudeer vir die eksamen. Jy kom deur. Alles is daar."

Boshoff was van meet af 'n man vir openbare betrekkinge en het hom sterk toegespits op die uitdra van die beeld van die inrigting waaraan hy verbonde was. Hy is aktief betrokke by onderhandelings oor die vestiging van 'n Normaalkollege op Potchefstroom en by die verkryging van 'n eie stasie vir die Bult (Cachet); hy bied na-uurse klasse vir onderwysers aan en sien toe dat die beeld van die PUK na skole in Wes-Transvaal uitgedra word en beywer hom vir die aanbied van openbare lesings op Potchefstroom en in die provinsie. Saam met kollegas Jan Kamp en APC Duvenage het Boshoff in die vroeë twintigerjare veel gedoen om die stem van Potchefstroom buite die kampusgrense hoorbaar te maak.



*Mev. Hester Boshoff … sangeres van faam.*

Boshoff het vir drie agtereenvolgende termyne, 1925 tot 1927, as burgemeester van Potchefstroom diens gedoen en veel gedoen vir die handhawing van goeie betrekkinge tussen "town and gown". Hy was veral skerp in die kollig tydens die besoek van die Prins van Wallis in 1925 waartydens die PUK, behalwe vir die persoon van Boshoff, ook prominent gefigureer het in reklamestukke. Boshoff het as burgemeester ook die feestelike ontvangs van generaal JBM Hertzog in Pretoria in 1926, ná sy terugkeer van die Statebondskonferensie van 1926 en die verkryging van die Balfour-verklaring rakende onafhanklikheid, meegemaak.

Terwyl hy aan die PUK verbonde was, was Boshoff 'n aktiewe lid van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns, van welke liggaam hy later in sy lewe as voorsitter sou dien, en het hy ook vanaf 1925 as lid van die Taaladvieskomitee van die SA Uitsaaikorporasie gedien. Hy het ook erelidmaatskap ontvang van die Maatschappij der Nederlandse Letterkunde te Leiden en die Historisch Genootschap te Utrecht. Intern het hy as lid van talle kommissies daadwerklik gehelp om die PUK in sy moeilike aanvangsjare deur die drif te help.

Ook in kultuurkringe het Boshoff en sy vrou, Hester, sterk leiding geneem. Boshoff was aktief betrokke by die toneelkuns terwyl sy vrou weer 'n sangeres van faam was en dikwels in die openbaar opgetree het: "Saam met die orkes van Sidney Richfield het sy sommer die dak laat bewe" onthou Jacs van Rooy. Albei die Boshoffs was ook ywerige tennisspelers.

Boshoff het in 1930 'n professoraat aan die Universiteit van Kaapstad aanvaar, om twee jaar later direkteur van Onderwys in Transvaal te word. Hierna het hy in verskillende ander beroepe gestaan, talle belangrike posisies beklee en verskeie vererings en huldigings ontvang – onder meer twee eredoktorsgrade en erelidmaatskap van die Akademie. In dié tyd het Boshoff homself as man van formaat op die gebied van die Afrikaanse taal en kultuur bewys – en daarmee die verlies wat die PUK in 1930 met sy uittrede gely het onderstreep.

GS Nienaber gee 'n baie paslike beskrywing van hierdie besondere persoonlikheid: "Boshoff was sterk en robuust gebou, met skerp peilende oë en 'n forse stem. Hy was 'n gebore leier en 'n begaafde spreker. In die omgang was hy in gesprekke sprankelend, gevat, slagvaardig, met talle anekdotes en geestighede. As mens was hy baie toeganklik … Die kunsvorm wat sy artistieke behoeftes die meeste bevredig het, was sang. 'n Boereplaas met sy ruimtes en naghemel was, so het hy verklaar, "kos vir my gees".



*Die Boshoffs was ook ywerige lede van die Theos Tennisklub (1916) en verskyn op hierdie foto saam met etlike ander bekendes in die PUK se geskiedenis. Voor: JA Pretorius, DJ van Rooy, mej. Hester van der Walt, BJ de Klerk, FH Duvenage, mej. Lettie Lion-Cachet, ASE Yssel, HS van Jaarsveld en JC van Rooy. Middel: Mev. Boshoff, prof. Boshoff, Sylvia Pirow, prof. APC en mev Duvenage. Agter: Mej. Hester Duvenage, prof. F Postma, mej Corrie Moerdyk, OGP Grosskopf, mnr. JJA Coetzee, D Gilliland en JA Vorster.*



*Boshoff en die Prins van Wallis, 1925.*

# 2.3 J CHRIS COETZEE : AKADEMIESE REUS



*J Chris Coetzee*


In 1936, op 43-jarige ouderdom, wen J Chris Coetzee 'n 75-treë wedloop en word die wentyd op sy sertifikaat aangedui as "oombliklik"! Hy was 'n goeie atleet, van kleintyd al – dit is waar – maar dié buitengewone tydsaanduiding vertel dalk tog iets van die aard en karakter van hierdie akademiese reus in die annale van die PUK.

J Chris Coetzee (soos hy genoem is en genoem wou wees) het nie tyd verspeel nie, hy het sy dinge met spoed gedoen – maar sonder om gehalte in te boet. Daarvan getuig die ellelange lyste publikasies op velerlei terreine sowel as die byna ondenkbare aantal studente wat onder sy leiding nagraadse kwalifikasies behaal het.

Die jonge Chris was, soos so baie van die grondleggers van die PUK, afkomstig vanuit die Noord-Oostelike deel van die Karoo. "As Karooseun, daar uit die harde kliprandjies, omring deur die taaie besembosse van die kontrei, het hy dieselfde kenmerke van gehardheid en taaiheid deur sy lewe heen geopenbaar", getuig kollga BC Schutte by Coetzee se uittrede as rektor in 1963. Sy skoolopleiding het hy eers aan die CNO-skool te Venterstad en later aan die Hoër Jongenskool te Worcester ontvang. Die beroemde kaptein van die heel eerste Springbokspan, Paul Roos, was in dié tyd hoof van die skool en het, sowel wat betref sy Afrikanerskap as sy latere rugbytalent, 'n groot invloed op Coetzee uitgeoefen. Vanaf 1910 studeer hy aan die Literariese Departement van die Teologiese Skool en behaal die gemengde graad BA-Sc in 1912. In 1913-1914 bevind hy hom aan die Grey Universiteitskollege waar hy sy onderwysdiploma verwerf. Hy speel ook vir GUK se eerste rugbyspan.

Chris Coetzee wou aanvanklik predikant word, maar ds. Flippie Snyman, eertydse literariese professor te Burgersdorp en predikant te Steynsburg, wat hom so sterk vir Christelik-nasionale onderwys beywer het, het hom oorreed om hom in die onderwys te begeef. Aanvanklik gee hy dan ook onderwys aan die Steynsburgse Gimnasium, onder hoofskap van die bekende HJJ ("Lord John") van der Walt, maar skuif later oor na Potchefstroom Gimnasium. Hier benut hy geleenthede om weer vir die Theos rugby te speel en om sy studies voort te sit. Met tussenposes van twee jaar het hy gedurende 1921 tot 1924 sy MA, MEd en sy doktorsgraad verwerf.







*Bo : J Chris Coetzee as kaptein van Theos, 1918.*

*Links : Paul Roos, eerste Springbokkaptein in 1906 ... het groot indruk op leerling J Chris Coetzee gemaak.*

*Coetzee het in 1912 sulke uithalerspel vir die Wes-Transvaalse subunie gelewer dat hy gekies is vir die proefwedstryde waartydens die Springboktoerspan na Engeland saamgestel sou word. Weens studies het hy nie deelgeneem nie – tot groot ontevredenheid van Theos-grootbaas prof. APC Duvenage. In die "volksmond" is dikwels verkeerdelik beweer dat Coetzee inderdaad vir die span gekies was en nie kon speel nie.*

*In sy jong dae het Coetzee veral uitgeblink as naelloper, was hy 'n knap bokser en die stigter van 'n boksklub aan die PUK, terwyl hy ook 'n goeie krieketspeler en gimnas was.*

Vanaf 1921 is hy verbonde aan die Normaalkollege (as vise-prinsipaal) en word hy ook betrek by kursusse vir onderwysersopleiding wat deur die PUK aangebied is. In 1924 neem hy vir ‘n tyd waar as prinsipaal (rektor) van Normaal maar word aan die begin van 1925 aangestel as professor in Opvoedkunde aan die PUK.

Prof. J Chris Coetzee se aanstelling was een van die bydraende faktore vir die “rebellie” wat destyds in die PUK-Raad ontbrand het toe drie raadslede uit protes teen die aanstelling van Coetzee, senior lektor HG Stoker en lektor GJ Dekker uit die Raad bedank het. *[**Kyk Wonderdaad …!, pp 279-282**]* In die hieropvolgende jare het Coetzee egter onomwonde getoon dat hy die vertroue wat in hom as akademikus gestel is waardig was. By geleentheid, in die laat veertigerjare en tydens siekte van sowel rektor Ferdinand Postma as senaatsvoorsitter Joon van Rooy, het hy met onderskeiding as rektor waargeneem.

*Premier JG Strijdom tydens ’n besoek aan die PUK. Van links is prof. en mev. J Chris Coetzee, mev. Strijdom, adv. Strijdom en regs mev. en dr. Frans du Toit (kanselier).*



Om terug te keer na sy produktiwiteit as navorser en studieleier.

Op die vooraand van selfstandigwording is daar in die jare 1946-1947 opnames gemaak van navorsingsaktiwiteite van personeel. Soos vroeër in die dertigerjare, het Coetzee weer kop en skouers bo sy kollegas uitgetroon vir sover dit sy neergestipte aktiwiteite in hierdie veld betref. Vir 1946 word drie bladsye vol geskryf oor al sy tydskrifartikels, boeke wat gepubliseer is of reeds in die pers is, en boeke in voorbereiding. Maar dis nie al nie!

‘n Ellelange lys van DPhil en MEd-studente gaan daarmee saam:

- Twee DPhil afgehandel, 17 besig (“en nog ‘n paar ander wat onseker is”)
- Ses MEd afgehandel, 45 in voorbereiding
- En nog ‘n bladsy met name en temas, sonder aanduiding van hul status.

En die 1947-opgawe is maar basies ‘n herhaling: etlike artikels en bydraes tot tydskrifte, ‘n boek, ‘n herdrukte boek en twee op die pers. En weer die dosyne studente!

Baie opmerklik is dat ‘n man soos J Chris Coetzee glad nie figureer in die woelinge op politieke gebied in die dertiger- en veertigerjare nie, en dat sy naam ook ontbreek op die lys ondersteuners van die Stellenbosch-versoeningsinisiatief wat in 1939 deur prof. AC Cilliers op gang gekry is. Geen wonder sy lyste van uitsette en aktiwiteite op navorsings- en opleidingsgebied het gelyk soos hulle lyk nie!



*Prof. en mev. Coetzee by hulle aftrede in 1963.*

Nee, J Chris Coetzee het hom hart en siel gewy aan wat hy as sy roeping beskou het, naamlik die kragdadige uitbou van sy vak in al sy vertakkinge binne die raamwerk van die Christelike en nasionale begrensings daarvan.

Dit was in Coetzee se termyn as rektor en ook onder sy hand dat die PUK in die vyftigerjare die ideaal van aparte universiteite onderskryf het en wel met die oog op die handhawing van die selfstandige entiteit en identiteit van blank en nie-blank.

By sy uittrede as rektor (in 1963) is vanuit die destyds gangbare lewens- en wêreldbeskouingsbeeld van die PUK aan hom hulde gebring: "Deur die jare het professor Chris vir die Afrikaner 'n eie opvoedkunde daargestel wat met enige ander struktuur van opvoedkunde vergelyk kan word. Professor Chris het die tradisies van die Boer en sy godsdiens op 'n wetenskaplike grondslag saamgevleg, waarvan ons vandag die rype vrugte kan pluk in die veelbetekende C.N.O."

Die veelgeroemde uitdrukking, "Stem van Potchefstroom", is deur Coetzee só lyf en definisie gegee: "Dit wil almal se aandag vestig op die bestaan alhier van 'n inrigting vir hoër onderwys. Dit wil in die besonder die aandag van gelowige, Christelike ouers vra vir die mededeling dat hulle hier 'n inrigting vir C.H.O. het. Hierdie inrigting bou voort op die Christelike opvoeding in die huis en die skool. Dit doseer die kennis en wetenskap in die lig van Gods Woord."


Aan voornemende studente word dié uitnodiging gerig: "Kom na Potchefstroom vir u C.H.O.; kom geniet 'n gesonde Christelike studentelewe; kom delf in die Christelike wetenskap."

Coetzee se vermoë om te kan skryf het van hom 'n gewilde rubriekskrywer gemaak wat van tyd tot tyd verskeie rubrieke behartig het terwyl hy ook vanaf die begin een van die leidende figure in die uitgee van die meningsvormende tydskrif *Koers* was. Hy het ook as opvoedkundige korrespondent van die Amerikaanse tydskrif *The Calvin Forum* opgetree en was onder meer ook voorsitter van die komitee vir Opvoedkunde en Sielkunde van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns.

Hy was vanaf 1953 tot 1963 rektor van die PUK en in dié dekade het die PUK, in die destydse terminologie, "fenomenaal" gegroei. Die studentetal het meer as verdubbel (van 1016 tot 2118), so ook die personeel; 'n hele rits nuwe geboue, waaronder die lankbegeerde studentesaal (die Totius-Gedenksaal), 'n gemeenskaplike eetsaal en drie koshuise het op die kampus verrys. Daar is gevoel dat die PUK nou gunstig begin vergelyk met ander universiteite.

Met sy uittrede kon J Chris Coetzee met genoegdoening op sy lang akademiese loopbaan sowel as sy dekadelange rektorskap terugskou …

# 2.4 G (GERRIT) DEKKER : VEELSYDIGE AKADEMIESE REUS



*Prof. G Dekker*

Gerrit Dekker het wel faam verwerf as een van "Postma se helde", maar deur sy latere akademiese prestasies en statuur op vakwetenskaplike gebied verdien hy dit oor en oor om in eie reg in die heldesaal van legendes van die PUK vereer te word.

As kind van Hollandse immigrante-ouers het hy sy skoolopleiding aan die Hollandse Oosteindskool in Pretoria ontvang en sou veral die Hollandse letterkunde – naas die Duitse, Engelse en Latynse – groot aanklank in sy latere studies aan die Transvaalse Universiteitskollege (TUK) vind. In 1918, toe hy sy BA-graad verwerf, behaal hy met die Diploma vir Nederlandse Letterkunde 'n eerste plek in die hoogste eksamen van die Taalbond van die Zuid-Afrikaanse Akademie; die jaar daarna verwerf hy sy MA en wen hy 'n studiebeurs vir oorsese studie aan die Gemeentelike Universiteit van Amsterdam. Intussen neem hy 'n jaar waar as dosent aan die TUK.

As student het Dekker intens belanggestel in die opkoms van Afrikaans en was hy 'n leidende figuur tydens die totstandkoming van die Afrikaanse Studentebond in 1917 aan die TUK.

Teen die einde van 1924, terwyl hy nog oorsee met sy studies besig was, word Dekker aangestel as lektor in die departement Hollands aan die PUK in die plek van wyle prof. Jan Kamp en tree hy in Julie 1925 in diens. Sy aanstelling was een van drie wat tot 'n mini-"rebellie" in die PUK se Raad gelei het waaroor breedvoerig in *Wonderdaad!* … (pp 279-282) uitgewei word. Vroeg in 1926 promoveer hy in Amsterdam. In 1927 word hy bevorder tot senior lektor en in 1931 volg hy prof. SPE Boshoff op as professor en departementshoof. Oor jare heen het Dekker verskeie aanloklike aanbiedinge van elders van die hand gewys en hom met toewyding aan die PUK en sy ideale gewy.



*Díe afgetrede prof. Dekker saam met prof. en mev. Anna Cloete, tydens een van díe vele kunstentoonstellings wat deur hom geopen is (1970).*

As dosent het Dekker die somtotaal van sy breë en deeglike akademiese vorming met oorgawe en toewyding oorgedra na sy studente en hulle also geïnspireer en met liefde vir die letterkunde vervul. TT Cloete hou hom, vanweë sy meevoerende en boeiende voordrag, as model voor. Kollega FJ Labuschagne stel dit só: "Alger getuig opregtelik dat prof. Dekker hulle insig bygebring het in die wese van die literêre kuns en die wêreld van woordskoonheid ontsluit het, vir hulle al die aspekte daarvan op simpatieke en indringende wyse blootgelê en hulle smaak en kritiese oordeel ontwikkel het. Daarby het hy hulle leer studeer. En dis 'n dankbare wins!"

Dekker het op 'n stadium ook Frans gedoseer en grondslae vir dié vak gelê terwyl hy, as kenner en liefhebber van die beeldende kunste, ook die grondlegger was van die latere departement wat op hierdie dissipline gerig was. Hy het veral 'n groot trek gehad vir die skilderkuns en was onder meer 'n boesemvriend van die vermaarde Hollands-Afrikaanse skilder, JH Pierneef. By wyse van openbare voordragte, artikels en kunsuitstallings maar

"VAT NIE NONSENS NIE!"

*Prof. Dekker het nie nonsens gevat nie; sy lesings was vir hom 'n ernstige saak en hy het van studente verwag om sy wyshede saam met hom te beleef.*

*Eerstejaarsklas Afrikaans-Nederlands 1958, in die saal van die hoofgebou. Rye en rye stoele sit vol studente, en die fors man se forse stem dreun voort …*

*Nic Badenhorst is, soos so dikwels, besig met sy eie dinge. Dan skielik, bulder dit vanaf die kateder: "Dié meneer met die rooi das! Sal u asseblief die klas onmiddellik verlaat! Uit!"*

*Vanuit my bankgestoelte, skuins voor Nic, draai ek so effens om. Hy is rooi in die gesig, amper soos sy das. Hy kyk ook om hom heen, sien gerieflikheidshalwe nie sy eie das raak nie …*

*"Dis jy, ou maat!", voeg ek hom meewarig maar geamuseerd toe. Toe tref die stem my soos 'n voorhamer, ondersteun deur 'n bewende voorvinger: "En dié meneer dáár, wat so omdraai – ook uit! Uit!"*

*Bedroë en bedremmeld, en met al die oë in die saal vir 'n vlietende oomblik gerig op ons twee, skuifel ons uit die rye en verdwyn druipstert deur die agterste uitgang …*

ook as stigter van die Wes-Transvaalse tak van die SA Kunsvereniging het hy kunsbewustheid en kunssinnigheid bevorder. Dekker het ook as keurder vir belangrike kunswerke opgetree, soos die generaal JBM Hertzog-standbeeld in Bloemfontein. Cloete beskryf hom as "een van die belangrikste figure op die terrein van kunsgeskiedenis en kunswaardering vir dié vakbeoefening aan die PUK ...".

Hy was 'n leidende figuur vir sover dit kritiek betref en sy bydraes op hierdie gebied sowel as sy literêre studies is wyd gepubliseer. Boeke en tydskrifartikels uit sy pen beloop ongeveer 166, terwyl hy altesaam 245 boekresensies geskryf het. Sy *Afrikaanse Literatuurgeskiedenis*, wat oor byna 40 jaar twaalf drukke beleef het, is 'n monumentale werk, terwyl hy ook uitgeblink het met vertalings (veral uit Frans) en die uitgee van bloemlesings uit die Nederlandse liriek en geannoteerde Nederlandse romans en dramas. As letterkundige adviseur maar veral as vertroude fynproewer en deskundige raadgewer van Totius, het Dekker ook belangrike insette gelewer ten opsigte van die Bybelvertaling in Afrikaans en die Psalmberymings.

Op sy vakgebied (Afrikaans-Nederlands) het prof. Dekker, volgens TT Cloete, 'n tradisie geskep en 'n standaard gestel wat in Suid-Afrika maar ook in Nederland en België respek afgedwing het, en sodoende die PUK groot eer aangedoen het. Hy was ook die eerste professor aan die PUK wat in die vroeë sestigerjare kragtens 'n uitruilooreenkoms as gasdosent aan die Vrije Universiteit van Amsterdam opgetree het.

Binne die PUK-opset was Dekker 'n leidende figuur. Bo en behalwe sy vakkundige verpligtinge het hy ook nog vanaf 1930 tot 1947 as bibliotekaris van die PUK gedien. Hy was ook vir twee termyne dekaan van die fakulteit Lettere en Wysbegeerte, raadslid, lid van talle komitees van die senaat en die raad en lid van die Matrikulasieraad.

Ook na buite het Dekker 'n prominente figuur geslaan. Hy was stigterslid van die FAK, lid, raadslid en later erelid van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns, keurder vir dié akademie se bekende Hertzog-prys en wenner van die Akademie se Stals-prys (vir geesteswetenskappe), houer van eredoktorsgrade van sy alma mater en die Universiteit van Pretoria, ontvanger van toekennings van Nederlandse en Belgiese letterkundige verenigings en gasdosent aan die VU in Amsterdam, lid van die Maatschappij der Nederlandse Letterkunde te Leijden (sedert 1930) en van die Koninklijke Zuid-Nederlandsche Maatschappij voor Taal en Letteren van België. Na sy uittrede is Dekker in 1963 aangewys as eerste voorsitter van die pasgestigte Raad van Beheer oor Publikasies en Vermaaklikhede, waar hy bekend was vir sy ewewigtige hantering van sensuur.



*Prof. Gerrit Dekker en Totius (prof. JD du Toit) was groot vriende.*

Hierdie "deur die hele land erkende en gewaardeerde leiding- en rigtinggewende vakkundige", soos Dekker deur kollega Labuschagne genoem is, was "ook vanweë talryke ander dienste wat hy verrig, 'n oortuigde en stoere voortbouer". Geen wonder nie dat hy, saam met die ander uitgelesenes, geroem is as een van "Postma se helde".

# 2.5 DJ ("ROOIBEES") DU PLESSIS : "SY LEWE HET 'N VERSKIL GEMAAK"



*Prof. DJ ("Rooibees") du Plessis … 'n uitnemende geaardheid agter die 'bees'-fasade.*



*"Rooibees" het in 1920 vir Theos se tweede span uitgedraf. As dosent het hy later 'n groot hekel in rugby gehad en by geleentheid, in die laat veertigerjare, selfs 'n voorstel in die Senaat gedoen dat rugby heeltemal afgeskaf word. Oor sy aversie van die spel kan meer gelees word in afdeling 3.28: "Verdere 'Rooibees'-stories"*

Praat van 'n karakter, dan praat jy van "Rooibees". Ook van hom is met reg gesê, in 1986 en nogal deur sy "aftree"-universiteit (Zululand), dat hy 'n legende in sy eie tyd was. Pas voordat dié uitspraak gemaak is, het die PUK hom as legende "herontdek".

Soos so baie van sy tydgenootlike kollegas was David Jacobus (Kobus) du Plessis ook vanuit die Noord-Kaap (Middelburg) afkomstig. Geskool te Bethulie en "gewapen" met 'n MSc-graad van Grey Universiteitskollege is Du Plessis vroeg in 1920 as lektor in Chemie aan die PUK aangestel – en het veertig jaar later, einde 1960, uit diens getree. In dié vier dekades het hy nie net die Chemie-departement onder uiters moeilike omstandighede tot 'n spogdepartement aan die PUK uitgebou nie, maar was hy ook grondlegger van twee ander departemente, naamlik Huishoudkunde en Farmasie. Die impak wat veral laasgenoemde departement op die aptekersbedryf gehad het was verreikend en kan dié departement saam met dié van Chemie en ook die fakulteit Natuurwetenskappe in die PUK-annale as monumente vir "Rooibees" du Plessis aangestip word.

Inderdaad, 'n leeftyd van diens aan die PUK deur nog een van die oorspronklike bouers, die "Postma-helde".

"Hy is 'n lang, goedgeboude, welgeklede man met 'n mooi bos hare en 'n bloesende gesig … 'n man wat sy vak ken en wat weet wat hy wil hê en sê", het Nick Arnold, 'n eertydse student van hom uit 1937 en latere kollega, hom beskryf. Sy bloesende gelaatskleur het hom juis sy bynaam gegee – maar ook vir Dollie Schutte, vrou van prof. Ben ("Muiltjie") Schutte as kind 'n pak slae op die lyf laat loop omdat sy van hom, destyds onderwyser aan Gimnasium, as "Rooibees" gepraat het.

By sy aanstelling in 1920 was daar, instrumentsgewys, nie juis sprake van 'n "departement" nie: 'n klein, donker kamertjie met twee weegskale en enkele meetinstrumente ("gauges") was al. 'n Duidelike prentjie van die toestande word geskets deur Arnold, wat as eerstejaar 'n "stomende, halfgaargekookte, stinkende brousel uit 'n handgemaakte sink distilleerapparaat", synde senior studente se navorsing oor die kakiebos, vanuit 'n plat sinkgebou (die laboratorium) moes verwyder. In die sinksaal was daar "lang skraal houtbankies agter net sulke lang skraal planktafels", terwyl die voorbereidingskamer ook gedien het as stoorkamer, weegkamer en kantoor van die professor.

In die pioniersjare was die fasiliteite maar karig. Du Plessis het aanvanklik 'n planthuisie by die President Pretoriuswoning en later selfs die ou geboutjie van die Gereformeerde Kerk as laboratorium gebruik. Oudstudent en latere kollega Jan van den Berg onthou hoedat sy prof. met min middele op allerlei kundige wyses die probleme omseil het. So byvoorbeeld is aanvanklik sommer reënwater in 'n oopgesnyde paraffienblik gebruik, en is lig verskaf deur spirituslampies wat deur 'n goedgesinde gemeente geskenk is. Later is gasbottels gebruik voordat elektrisiteit uiteindelik voorsien is. Genadiglik was daar nooit 'n ontploffing nie, onthou Van den Berg.

Tydens die worsteljare van die PUK, vir sover dit fasiliteite betref, moes prof. Du Plessis vir 'n tydlank studente in die laboratoriums van Potchefstroom Gimnasium oplei – in ruil waarvoor hy ook sekere klasse vir die leerlinge moes aanbied – terwyl hy ook tydens vakansies van die geriewe van die Universiteit van die Witwatersrand gebruik moes maak.

Saam met plaaslike aptekers het prof. Du Plessis reeds tydens die laatdertigerjare die behoefte aan opleiding van aptekers te Potchefstroom sterk aangevoel, en kon daar reeds vanaf 1942 met opleiding vir die aptekersdiploma begin word. Hy was ook die dryfkrag agter die toesegging van aptekersopleiding op graadvlak aan die PUK in 1956 – die eerste Afrikaanstalige instelling en saam met Rhodes destyds die enigste universiteit wat hierdie opleiding gebied het.

*Kwalifiserende Aptekersklas 1959*




Hierdie sonderlinge foto, wat deur almal onderteken is, is deur die 1959-klas in aptekerswese aan prof. D.J. du Plessis geskenk. Hy sit in die middel met dr. K.W. Gerritsma links en mnr. Johan van der Walt, regs. Prof. Antoon Goossens, tans dekaan van Farmasie, staan in die tweede ry heel regs, terwyl proff. Johan Offermeier en H. de Wet, ook van Farmasie, heel agter staan. Voor is S.J. du T. Boshoff, M. Coetzee, dr. Gerritsma, prof. Du Plessis, mnr. Van der Walt, N.J. Pieters en G.J. Meyer. In die tweede ry is. E. du Toit, S.P.M. Rosslee, mej. J.M. van Dyk, mej. E. Faure, mej. W.T. Toxopeus, mej. S.J. Heyns, F.R.P. Schutte en prof. Goossens. In die derde ry is M.L. Brônn, C. Moraites en M.C.B. van Oudsthoorn. Agter is proff. Offermeier en De Wet.

Ook moet genoem word die groot rol wat Du Plessis gespeel het in die vestiging van die fakulteit Natuurwetenskappe aan die Universiteit van Suid-Afrika en die aanbieding van Chemie as vak aan dié inrigting.

Prof. "Rooibees" se groot werkywer blyk uit die feit dat hy, na 'n hartaanval in 1952, met 'n suurstofsilinder langs sy bed en met een been in die lug gehys, in 'n half-sittende posisie sy akademiese werk op datum gehou het.

"Rooibees" was, volgens CJH (Casper) Schutte – een van sy skranderste studente ooit en self 'n man wat diep spore in die akademiese wêreld getrap het – veral bekend vanweë sy vermoë om sake (wetenskaplik of andersins) na die basiese "model" van aannames te reduseer sodat 'n mens hulle kan verstaan. Hy het sy bronne deeglik bestudeer, deurdink en dan die kennis in 'n sisteem georden. Prof. "Rooibees" het in hom die liefde vir atoom- en molekuulstruktuur wakkergemaak "en vir my 'n lesingmetodologie geleer wat ek nou nog gebruik: moet nooit jou mond in 'n klaskamer oopmaak tensy jy die stof self goed verstaan en baie goed voorberei is".

Na sy uittrede by die PUK in 1961 was hy vir 'n tyd lank (tot einde 1969) as professor in Chemie aan die nuutgestigte Universiteit van Zululand werksaam. Sy eerste jare dáár moes hom na die PUK van die 1920's laat hunker het deurdat 'n klompie "dumpy" bierbottels as houers in die laboratoriums gebruik moes word!

Wat sy bynaam "Rooibees" betref, het hy self by geleentheid met die tong in die kies daarna verwys. Die "rooi" element, sê hy, het seker te doen met die feit dat hy altyd maar 'n rooi gelaatskleur gehad het. Maar oor die "bees"-gedeelte weet hy darem nie so mooi nie: na sy wete was hy darem nie so humeurig dat hy as 'n "bees" bestempel kon word nie!

Schutte huldig die mening dat die "bees"-gedeelte van die bynaam eerder 'n analogie was vir "Os" of "Ossie", "Kalfie" en ander soortgelyke byname, toegeken in 'n tyd toe die gee van byname as 't ware 'n noodwendigheid was. Volgens Casper was "Rooibees" eintlik 'n mens met 'n baie sagte hart en het daar 'n innemende geaardheid agter die "bees"-fasade geskuil.

Maar maak nie 'n fout nie – en hy erken dit ook – hy was streng, het geglo in dissipline. Daarvan getuig vele van sy studente en dit het ook aanleiding gegee tot die ontstaan van baie anekdotes. Schutte is daarvan oortuig "dat die meeste van sy 'eienaardighede' nie uit




*"Prof. Rooibees" het feitlik sy hele lewe deur vakman gebly. Hier blaai hy, op 87-jarige ouderdom, deur 'n volume van die stel ensiklopedieë wat hy by sy uittrede 'n kwarteeu tevore van die PUK ontvang het.*

willekeur ontstaan het nie, maar uit sy diepgewortelde filosofiese beskouings oor Natuur, Wetenskap en Religie".

Seun Elmar vertel hoedat hulle as kinders lusernslaai moes eet omdat dit ryk aan yster is en karakteriseer dan verder: "Hy was vêr voor sy tyd wat diëte of gesonde eetgewoontes betref en het die liggaamsfisiologie deeglik verstaan … Lank voordat dieetkundiges die rol van vesel, voldoende waterinname en beperkings mbt vleis en vet begin voorskryf het of dokters die voordele van asperien begin verkondig het was dit by hom standaard praktyk. Hy het sy eie liggaam as laboratorium gebruik."

'n Skop op sy been, toe hy in sy jong dae nog rugby gespeel het, het later trombose in sy been laat ontwikkel, wat weer in 1952 tot 'n ernstige hartaanval gelei het. "Weereens het hy die nodige aanpassings aan sy dieet en lewensstyl gemaak en met verbasend min gesondheidsteenslae tot die rype ouderdom van amper 99 geleef. Hy het tot 88-jarige leeftyd onafhanklik gebly … Op die herdenking van sy 95ste verjaarsdag het hy 'n uurlange toespraak gelewer sonder 'n nota in sy hand, wat ook tipies was van sy klasgee …"

Volgens Casper Schutte was "Rooibees" 'n fenomenale mens. Op sy grafsteen staan: "Sy lewe het 'n verskil gemaak."

[Kyk ook "Verdere 'Rooibees'-stories", afdeling 3.28]

*"Prof. Rooibees" en mev. du Plessis.*



# 2.6 LJ (WIKUS) DU PLESSIS : "POLITIEKE PROFEET … 'N HELE REGIMENT!"



*Prof. LJ du Plessis*

"Dis duidelik dat die P.U.K. met die vertrek van prof. Du Plessis nie een man verloor nie maar 'n regiment!"

Dié veelseggende woorde, uit die pen van prof. DJ (Dirk) van Rooy en neergepen toe Du Plessis sy lang verbintenis met die PUK tydelik verbreek het, is dalk nog 'n effense onderbeklemtoning. By kon gesê gewees het dat dit ook nie sommer so 'n regiment was nie. Veelsydigheid en briljantheid kan ongetwyfeld as die twee sterkste karaktertrekke van hierdie bekende figuur in die geskiedenis van die PUK uitgesonder word.

Dit kom van kleintyd af. Sy akademiese prestasies besorg hom vet beurse vir verdere studie na matriek en na sy BA-graad en dra daartoe by dat hy sommer al daardie tyd in die kollig beland. Want sien, hy verwerf beurse – maar moet dan sy studies aan 'n erkende universiteitskollege voortsit. En dit was PUK destyds nog nie; trouens, PUK as sodanig het nog nie bestaan nie: dit was bloot nog die Literariese Departement van die Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerk. Die eise wat aan Du Plessis gestel is, is knaphandig deur prof. Ferdinand Postma en kollegas gebruik ter bevordering van hul ideaal om 'n universiteitskollege te word.

Die ná-matriekbeurs is goedgemaak met geld wat gekollekteer is en die briljante leerling kon sy studies aan die PUK voortsit. Vir sy Honneurs-BA (in Klassieke Tale) moes hy egter vir 'n jaar lank (1918) aan die Transvaalse Universiteitskollege (TUK) studeer. Maar hy het klaar sy merk gemaak en word in 1919 by die PUK aangestel as lektor in Klassieke Tale.

In 1920 bevind Wikus hom in Amsterdam, studerende vir die doktorsgraad aan die Vrije Universiteit. Voordat hy klaar is, aanvaar hy 'n pos as lektor in Klassieke Tale aan sy Alma Mater. Hoewel hy nooit sy doktorale studie sou afrond nie – sê maar hy was te besig om dit te kon doen – behaal hy met verdere studie die MA (Klassieke), B Ekon, M Ekon en LL B by die Universiteit van Suid-Afrika.

Sy veelsydigheid blyk uit sy doseeropdragte in die Klassieke, Ekonomie, Etiek en Staatsleer. In 1933 word hy tot professor bevorder, met doseeropdrag Regswetenskap en Staatsleer, en in 1945 volg hy prof. Ferdinand Postma op as departementshoof vir Klassieke. In 1946 dien Du Plessis egter sy bedanking in om hom meer op die sakewêreld toe te spits.

Kommer oor die ekonomiese posisie van die Afrikaner en 'n gevoel van geroepenheid om dit te probeer verbeter is as dryfveer vir dié nogal drastiese koersverandering voorgehou. Moontlik – al is dit nêrens of nooit gesê nie – het Du Plessis die akademiese tuig neergelê omdat sy akademiese stoel op die PUK vir hom te warm geword het en wel as gevolg van die hoë politieke profiel wat hy vertoon het.

Ja, Wikus du Plessis was van jongs af in die voorste linies van die politieke stryd – 'n stryd wat hoofsaaklik en juis ook gewentel het rondom die miskende rol en plek wat die Afrikaner destyds beklee het. Saam met Joon van Rooy het hy die Afrikaanse Studentebond in 1916 op gang gekry en ywerig uitgebou; saam met swaer FJ (Frans) du Toit was hulle die eerste Potchefstroomse lede van die Afrikaner Broederbond, en sou hy en Joon van Rooy weldra en vir etlike dekades lank prominente leiersrolle in hierdie invloedryke Afrikanerorganisasie speel.

In die dertigerjare het Du Plessis hom geskaar by en grootliks leiding gegee aan daardie Afrikaners wat geen heil gesien het nie in koalisie en samesmelting tussen generaals JBM Hertzog en JC Smuts en hulle volgelinge. Toe die "Gesuiwerde" Nasionale Party van Transvaal in 1934 sy beslag kry, onder leierskap van dr. DF Malan, word Du Plessis lid van die driemanskap-leierskap in Transvaal. Agter die skerms – in Broederbondkringe – is hy en vriend Joon hard aan die werk om Afrikanereenheid te probeer behou.



*Proff LJ du Plessis (links, middelry) en AJH vd Walt (heel regs, middelry) was lede van de Grootraad van die Ossewa-Brandwag (1943).*

Afrikanerverdeeldheid tydens die Tweede Wêreldoorlog het hoë eise gestel. Du Plessis poog om as katalisator op te tree om die breuk tussen die Nasionale Party en die Ossewa-Brandwag te heel, maar die gety is te sterk en sleur hom uiteindelik mee saam met die OB-stroom. Volgens kenners sorg hy darem, saam met ander PUK-geleerdes soos HG Stoker en AJH van der Walt, dat die OB "gesond Calvinisties" bly en nie totaal oorhel na Nasionaal-Sosialisme nie, maar dit bring spanning tussen hom en andersdenkende kollegas op die PUK.

In 1946 tree Du Plessis dus uit die akademie en wend hy hom tot die sakewêreld waar hy geen vreemdeling was nie – inteendeel.

As stigterslid van die FAK het Du Plessis 'n vername rol gespeel tydens die Ekonomiese Volkskongres wat dié liggaam in 1939 byeengebring het en word hy voorsitter van die Ekonomiese Instituut wat hieruit voortgevloei het. Hy het deel gehad in die totstandkoming en bestuur van talle Afrikaanse organisasies, by name Volkskas, Reddingsdaadbond, Dagbreekpers, Voortrekkerpers, Kopersbond en Asokor. Volgens persbaas Marius Jooste kon geen ander Afrikaner by Du Plessis kers vashou as dit gaan oor die stigting van eie Afrikanersake nie.

In 1953 word die roepstem van die akademie te sterk en keer Wikus du Plessis terug PUK toe waar hy nou in die departement Regte en Staatsleer spesialiseer. Hy voer laasgenoemde tot 'n selfstandige departement, tree op as dekaan vir die fakulteit Ekonomiese Wetenskappe en doen grondleggingswerk vir die totstandkoming van 'n fakulteit Regte.

Du Plessis se skerp brein het meegebring dat hy dikwels omstrede politieke uitsprake gemaak het, uitsprake waarvoor die openbare mening eers rypgemaak moes word. "Dit", sê kollega Johan van der Vyver by sy afsterwe, "het hom vir die oomblik onguns, maar mettertyd bewondering op die hals gehaal. Want hy was 'n politieke profeet wat sy tyd telkens ten minste vyf jaar vooruit was."

Van der Vyver het hier waarskynlik gedink aan die heftige polemieke waarin Du Plessis en twee kollegas teen die einde van die vyftigerjare betrokke geraak het na aanleiding van sterk uitsprake teen die toepassing van die apartheidbeleid deur die destydse regering.

Wikus du Plessis se sienersblik was nie net beperk tot die politieke en staatkundige speelvelde nie. Nee, ook na binne, in PUK-verband, het die versiende ekonoom sterk na vore gekom en wel ten opsigte van die moontlike aankoop van die statige Calderbank-woning digby die Potchefstroom-dam.

Na 'n gesprek die vorige week, begin Augustus 1961, gee hy toeligting tot sy suggestie aan Coetzee, naamlik "dat die huis en gronde volgens meegaande akte van transport en kaart deur die Raad aangekoop word as 'n rektorswoning en/of 'n gastehuis, moontlik aan te vul met enkele koshuise vir senior studente. Die tyd om te koop is nou, aangesien ek spoedig belangrike prysstyginge verwag o.a. vanweë die vinding van goud dig ten Noorde van Potchefstroom, asook 'n waarskynlike verbetering in politieke toestande en 'n moontlike devaluasie altans van die pond sterling."

Wat die voorgestelde transaksie betref tree hy op as "gemagtigde vriend (sic) van die eienares"; die koopprys is £25 000, wat syns insiens redelik is; daarvan het sy £1 000 as kommissie aan hom toegesê "maar ek het haar beweeg om dit liewer 'n skenking aan die Universiteit te maak, sodat die eintlike prys £24,000 sal wees".

Wikus se voorstel het skynbaar nie op daardie oomblik aanklank gevind nie. 'n Paar jaar later het andere met dieselfde idee vorendag gekom en het die eer vir inisiëring elders geval …

By sy uittrede aan die einde van 1961, onder 'n wolk van wantroue en onmin, herinner Du Plessis vir rektor J Chris Coetzee, met so 'n titseltjie verwyt, daaraan "dat ek nooit aansoek gedoen het om 'n aanstelling aan ons inrigting nie, nóg by my eerste aanstelling in 1918, nóg by die tweede in 1921 teen 'n mindere salaris as persone wat in die eerste periode nog studente van my was soos drr H.G. Schulze en A.J.H. van der Walt, nóg by my derde aanstelling in 1953."

Vroeg in Januarie 1962 het LJ hom "geestelik of gemoedelik" losgemaak van Potchefstroom, betuig hy vertroue in Chris [Coetzee?] en [HL] Swanepoel en Fanie [du Toit] en voeg dan by: "Nou net dit – ek dink ek kan nog sê, met my hand op my hart: ek slinger, maar ek hou koers." Hy doen ook teenoor Coetzee 'n "skuldbelydenis ten opsigte van baie onnodige en selfs roekelose irritasies" en onderneem hy "om ons beginsels op my manier maar beter as in die jongste verlede D.V. hoog te hou in die vreemde". Soos ander kollegas (proff "Rooibees" du Plessis en Eiselen), is hy ook op pad Durban toe waar hy tydelik doseerwerk gaan verrig.

Ná sy dood was *Díe Vaderland* ietwat sinies oor "die maatstawwe waaraan sommige Afrikaanse universiteite in die jongste jare hul toekennings ter ere van Suid-Afrikaanse presteerders begin meet; wat weer die vraag laat ontstaan of ons universiteite nie hul vererings deur oorwegend stoflike oorwegings begin motiveer nie", en word onomwonde gesê: "As daar 'n man was wat 'n eretoekenning dubbel en dwars waardig was, dan was dit wyle prof. L.J. du Plessis. As hy as mens kwaste gehad het, dan kan ons wel vra wie dit nie het nie en of sulke oorwegings ons hoogste akademiese owerhede moet weerhou van die verering van hulle wat dit op loutere meriete waardig was of is. Wyle prof. L.J. du Plessis was 'n man wat in sy akademiese loopbaan briljant en op talle praktiese lewensgebiede onmeetlik verrykend presteer het."

Prof. J Chr Coetzee, tydens wie se rektorskap die breuk tussen Wikus en die PUK gekom het, getuig na sy dood: " 'n Mooi trek van Wikus was dat hy nooit na geld of eer gesoek het nie, maar diens wou lewer. Sy hooftaak was om sy volk, sy kerk en sy universiteit te dien."

Miskien sit daar meer in die evaluering van kollega Dirk van Rooy. Eerstens, "stomme verwondering dat een man soveel kon aanpak, soveel laste gelyktydig kon tors … 'n Mens het soms waarlik nie geweet wat jy die meeste moes bewonder nie: sy skerpsinnige brein, sy onversetlike wil of sy taaie liggaamskragte nie". En dan, natuurlik, die diensmotief … ja, maar hy het hom steeds die reg, sy Christelike vryheid voorbehou om sélf die koers te bepaal. Voeg nog hieraan toe sy sienersgawe, "dat hy gesê het wat ander nog nie kon of wou sê nie" – en waardeur hy hom op die duur op 'n eensame paadjie bevind het. "Te midde van geesverwante en in die simpatieke klimaat van die Potchefstroomse Calvinisme wat hy so kragdadig help bevorder het, het Wikus 'n eenloper gebly, steeds meer 'n eenloper geword."

Sou die lewe van Wikus du Plessis nie ook maar net as een groot stuk klassieke Griekse tragedie bestempel kan word nie?



*"Prof. L.J. du Plessis was sy volk 20 jaar vooruit"*

## NOG WETENSWAARDIGHEDE!

** Menslike verhoudinge*

*Johan van der Vyver: "In sy verhoudinge met sy medemens kon hy aanstootlik reguit wees, maar diegene wat aanstoot geneem het, het selde gegrief gebly omdat dit vir hom altyd om die saak gegaan het en nie om die persoon nie, en met sy besondere sin vir humor het hy nie net vir andere nie, maar ook vir sy eie tekortkominge gelag.*

** Bybelvertaling*

*As sekretaris van die kommissie vir die vertaling van die Bybel in Afrikaans (dertigerjare) het Du Plessis al die manuskripte sowel as kommentare van adviseurs moes oortik en dit boonop taalkundig versorg. Sy kennis van Grieks was veral van waarde vir die teks van die Nuwe Testament.*

** Bynaam "Broeder"*

*Dié bynaam is nie toe te skryf aan sy Broederbond-konneksie nie, maar kom van die studente af: "Hy het jou in die klas, veral as hy nie tevrede is met jou vertaling nie, aangespreek as "broeder". (Jacs van Rooy)*

** Wikus as mens*

*Johann Bekker (laat-dertigerjare) werp effens lig op Wikus du Plessis as mens. Sy heel eerste volle bier wat hy gedrink het is gekoop deur prof. Wikus en wel toe die prof. die hele eerste span ná 'n roemryke oorwinning oor Normaal in 1936 in die Royal Hotel op bier getrakteer het.*

*'n Paar maande later, vertel Bekker, is hy bedlêend met 'n ernstige kniebesering en sit twee tjomme by hom: "Skielik is daar 'n klop aan die deur en met die buitensporigheid van die jeug skreeu ek: 'Ja, kom maar in as jy 'n broek aan het!' Voordat ek kon dink dat dit mos nie 'n student se styl is nie [om te klop], gaan die deur oop, en daar staan prof. Wikus in die deur, en hy kom toe ook binne.*

*"Op sy gesig is 'n goedige glimlag en hy sê: 'Gelukkig hét ek darem 'n broek aan!'*

*"Toe sit hy lekker lank en gesels. En so tussen mens se ongemak deur, want jou onsinnige uitroep bly in jou gedagtes vassteek, doen hy wat net 'n ordentlike mens sal doen – besoek 'n student wat meer ongemak verduur as wat hy werklik siek is, toon hom hy reken hom as mens, en maak daarmee jou dag vir jou.*

*"So was daardie gedugte akademikus en volksleier ook pure mooi mens."*

*Jacs van Rooy, wat ook as student aan sy voete gesit het, was beïndruk met hierdie neef van hom: "Ek het my verwonder. Hy was altyd interessant … die aangewese man om (op kongresse) bespreking en besluite saam te vat … 'n organiseerder en sekretaris duisend. Dikwels die groot krag agter die man op die voorgrond, wat 'n beter vertoon in die openbaar kon maak …*

*"Hy het homself nie gesoek nie, en in 'n krisis sommer roekeloos deurgeploeter. Die wat hom van naby geken het, kon dit wel snap dat Wikus gelyk het, maar met minder moed, skoorvoetend gevolg, want hy het 'n mens dikwels na jou asem laat snak. Dit was die rede waarom hy nie 'populêr' was nie. Hy het nie daarna gesoek nie. Inteendeel. Hy het so 'n houding verfoei. Hoe is hy nie misken nie! Maar oënskynlik het hy hom nie daaraan gesteur nie. So was sy geaardheid. Maar wie kan sê hoe seer dit hom tog gemaak het. Die geskiedenis sal sy plek aanwys. Sonder twyfel was hy ook besiel met die groot beginsel: Soli Deo Gloria!"*

# 2.7 GTS ("EISIE") EISELEN : GENAAKBAARHEID EN AANGEBORE WAARDIGHEID



*Prof. GTS Eiselen*

GTS Eiselen is reeds in 1919, met die totstandkoming van die PUK vir CHO en slegs enkele maande voor kollega DJ du Plessis, as lektor in Dier- en Plantkunde aangestel. Nogal op aanbeveling van DJ (Dirk) van Rooy, wat nie die pos kon aanvaar nie. Soos Du Plessis sou ook hy tot met sy aftrede in 1960 verskeie hoedanighede, akademies en andersins, luister aan die PUK verleen.

Gotthilf Theodor Sebastian Eiselen was die seun van 'n Duitse sendelingspaar en ouer broer van die bekende volkekundige Werner WM Eiselen. "Eisie", soos hy veelal later bekend sou staan, het sy eerste opleiding aan die Duitse sendingskool te Bothshabelo ontvang. Afgesien van Duits maak hy ook kennis met Latyn en swart tale, en word bedrewenheid in Engels geslyp aan 'n Engelse skool in Johannesburg. Hy gaan vir verdere studie na die destydse Transvaalse Universiteitskollege en Stellenbosch en kry volle beheer oor Afrikaans. Hy hou vir 'n tyd lank skool, behaal 'n onderwysdiploma en kry toe, in 1919 en met 'n BA-graad agter sy naam, 'n lektorspos aan die PUK. In 1923 verwerf hy sy MSc in Dierkunde aan die Universiteit van die Witwatersrand.

As sendelingskind was die finansies maar skraps en omdat treinkaartjies nie bekostig kon word nie, was "Eisie" verplig om as student aan die begin en einde van akademiese kwartale per fiets vanaf Botshabelo na Johannesburg en omgekeerd te ry.

Eiselen was 'n veelsydige akademikus, soos blyk uit die vyf lewenskragtige departemente wat direk of indirek sy maaksels was, naamlik Dierkunde, Plantkunde, Fisiologie, Higiëne en Bantoetale. Hierbenewens het hy ook van tyd tot tyd doseer in Duits, Biologie, Mikrobiologie, Skoolgesondheidsleer, Higiëne en Volksgesondheid. Hy was so aktief by opleiding betrokke dat hy sy doktorsgraad, met hoogste lof, eers in 1939 kon verwerf.

Rondom hierdie prestasie het 'n interessante episode afgespeel. Die Eiselens was nog in Duitsland, pas nadat sy studies en die promosieplegtigheid in Jena afgehandel is, toe die Tweede Wêreldoorlog uitbreek. Op pad uit Duitsland uit het hulle egter enkele ure te laat by die Switserse grens gearriveer. Vanweë Suid-Afrika se dramatiese toetrede tot die stryd aan Britse kant en omdat hy volgens Suid-Afrika se destydse status as Britse onderdaan beskou is moes Eiselen daagliks by die plaaslike polisie rapporteer.

Vir die eerste keer in sy lewe, skryf prof. J Chris Coetzee in 'n biografiese skets, was "Eisie" werklik in die knyp, is sy benydenswaardige kalmte en sereniteit tot die uiterste beproef. Hy is darem 'n rukkie later vrygelaat en die Eiselens moes van omweë gebruik maak om weer 'n skip huistoe te haal net om weer in die Durbanse hawe deur die polisie geskraap te word! Teen Februarie 1940 was hulle darem weer tuis. Hy getuig self dat dit senutergende tye – en die begin van sy grys hare – was!

'n Student en latere kollega, JA van Eeden, bestempel "sy genaakbaarheid ten spyte van sy swygsaamheid en aangebore waardigheid en sy vermoë om leiding te gee deur sy voorbeeld eerder as om te domineer" as Eiselen se mees gewaardeerde karaktertrekke.

Eiselen het ook 'n leidende rol in die maatskaplike en kulturele lewe van die PUK gespeel. Hy was lank bestuurslid van die Potchefstroomse Hospitaalraad en ook voorsitter van die plaaslike Rooikruisvereniging, terwyl hy die PUK op verskeie konferensies en kongresse oor vraagstukke van volksgesondheid verteenwoordig het. Sy kunssinnigheid het hy uitgeleef in toneel en musiek as ywerige deelnemer aan en redigeerder van toneelopvoerings en as voorsitter van die Potchefstroomse Volksteater.

Op akademiese terrein was hy 'n gewaardeerde lid van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns en ook lewenslange lid van die SA Genootskap vir die Bevordering van die Wetenskap. Met verwysing na die Bybelboek *Prediker* getuig kollega Chris Coetzee dat

*Prof. "Eisie" en mev. Irene Eiselen … gewilde huis- en toerouers.*




Eisie hom nie skuldig gemaak het aan die maak van baie boeke nie, maar dat hy wel sy vlees vermoei het deur baie studie. Sy wetenskaplike bydrae beslaan wel net enkele artikels, maar lê veral in sy deeglike opleiding en onderrig.

Na sy uittrede by die PUK in 1960 het hy, soos kollega "Rooibees" du Plessis, sy skrede na die jong Universiteit van Durban-Westville gewend en gehelp om die departement Dierkunde daar te vestig. Vroeg in 1963 is hy op 68-jarige ouderdom oorlede – twee-en-sestig leefjare meer as wat hom as klein kind deur dokters gegun is vanweë 'n aangebore hartdefek!

Eiselen en sy vrou het ook vir hulle 'n plek in die annale – en in die harte van die inwoners van Heimat – verwerf tydens die jare wat hulle as huisouers opgetree het. Nadat hulle aanvanklik vir prof. en mev. JC van Rooy, wat met studie in Nederland was, waargeneem het, het die Eiselens hul posisies vanaf die begin van 1928 op vaste basis beklee tot einde 1932.

*Prof. Eiselen en mede-departementslede PAJ Ryke, JA van Eeden en tydelike dosent MC van der Westhuizen.*



Inwonende aanvanklik in Heimat, onthou JF (Jan) du Plooy, wat in 1927 een van die eerste inwoners was, dat hulle 'n gelukkige gesin was: "Die huisvader- en moeder was toe ook nog jonk en het ons verstaan en ons vir hulle. As hulle die aand wou uitgaan, moes een of meer van ons babasitwerk doen by die kleine Gudrun. Toe sy groter word, moes ons haar trakteer met stories. As sy eers gesê het: 'Vertel vir my 'n storie!', dan was daar geen uitkomkans nie, en dit moes altyd iets nuuts wees, want sy was baie intelligent."

Prof. en mev. Eiselen het dikwels as reisouers vir toerende toneelgeselskappe en vermaaklikheidsgroepe soos Alabama opgetree. Gesonde humorsin en pittige gesegdes het hom baie gewild onder studente gemaak. Tydens die omstrede Alabama-toer van 1948 het hy elke aand die konsertgangers met oorspronklike rympies verwelkom. Hy self was baie lief vir reis en het etlike besoeke buite die grense van Suid-Afrika afgelê.

Dit is minder bekend dat Eiselen, wat self as kind aan 'n ernstige siekte gely het en nie juis aan sport kon deelneem nie, 'n ywerige ondersteuner van veral atletiek was. Hy het dikwels tydens atletiekbyeenkomste as veldskeidsregter opgetree en was in die dertigerjare en weer in die veertigerjare sporadies erepresident van die PUK se atletiekklub.

Eiselen was lid van die Lutherse Kerk en het lank as voorsitter van die plaaslike kerkraad opgetree. Hy het ook lewendige belangstelling in sendingwerk getoon en was vir baie jare lid en superintendent van die Verenigde Bantoeskool in die Potchefstroomse swart woonbuurt.

*PUK Atletiekspan Bo-19, 1935. Voor: PR Nell, IJ Venter en PJ Coetzee. Middel: JH Steenekamp, JH Thuynsma, prof. GTS Eiselen (erepresident) DJ van der Walt (kaptein) en C Delaport. Agter: S Faure, FW Lombard, J Spruyt en JPS Lubbe.*



Prof. Eiselen se sieninge het nie altyd heeltemal by dié van sy kollegas ingepas nie, en Lutheraan en Calvinis was vir hom nie altyd versoenbare begrippe nie. Só maak hy vroeg in 1925 die tonge behoorlik los met uitsprake oor die evolusieleer in 'n openbare toespraak in die stadsaal van Potchefstroom. Teologiese professor JA du Plessis het hom in die pers daaroor aangevat en die saak het tot op senaatsvlak ontwikkel, met rektor Postma as vredemaker.

Ook oor die fel omstrede kwessie van dans het prof. Eiselen nie oog om oog gesien met die PUK se gebruik en beleid nie. Hy was lid van die destyds in-sommige-PUK-kringe "berugte" X-Klub en was ook toervader van Alabama in 1948, toe die bom oor dansery tydens die toer kort na hulle terugkeer gebars het. Daar was kennelik wrywing tussen hom en die SR-verteenwoordiger tydens die toer, SCW (Schalk) Duvenage, wat eksepsie teen die dansery geneem en dit gerapporteer het. *[Kyk afdeling 3.26]*

Gee aan kollega J Chris Coetzee die laaste woord, oor Eisie:

"Wat 'n mooi mens! … Om oor homself te praat of te skryf beskou hy 'n pynlike proses. Hier het ons 'n Israeliet in wie daar geen bedrog skuil nie. Hy praat nie oor of van homself nie; hy roem nooit oor eie lewe nie, behalwe as 'n blyk van dank aan ons Hemelse Vader wat hom wonderlik gelei het! Hy praat op vergaderings selde, en as hy praat, dan is dit kort en reguit, sonder omhaal van woorde, sonder drogredenering, sommer net sy mening en insig! En hoe betroubaar is dit altyd! Vir sy vriende het hy alles oor: gaan maar om hulp na hom, en jy kom met vol hande terug! Getrou tot in die kleinste dingetjie, verwag hy dieselfde van sy medemens. As hy ooit toorn – en sy swart oë kan vlam vat – dan is dit oor ontrou, oor liefdeloosheid, oor eiesinnigheid, oor pronkery!"

"Eisie" en Irene se huis op Potchefstroom het die naam "Sommerso" gedra – 'n huis waar 'n ieder en 'n elk altyd welkom was.

# 2.8 HG (HANSIE) SCHULZE : GOEDIGE LEWENSHUMOR, SIELVOLLE VOORDRAG



*Prof. HG Schulze*



*Hansie Schulze as lid van Theos se tweede span, 1917.*

Hans Georg Schulze het reeds al as onderwyser afstudeer en vir twee jaar onderwys gegee voordat hy vanaf 1915 sy studies op Potchefstroom kom voortsit het. In 1919 maak hy deel uit van diegene wat vir die eerste keer grade aan die destydse Potchefstroomse Universiteitskollge vir Christelike Hoër Onderwys behaal het, en wel die MA-graad met 'n verhandeling oor die Romantiek. Hy verleen ook hulp in die departement Geskiedenis en word in 1920 as lektor aangestel. Hy gee ook klasse in Engels en Afrikaans-Nederlands, en vanaf 1923 ook in Duits. In 1925 word hy bevorder tot professor en hoof van laasgenoemde departement – 'n posisie wat hy vir 35 jaar lank sou beklee. Hy het sy doktorsgraad in 1928 in Duitsland verwerf.

Ds Jacs van Rooy – seker een van die oud-Pukke wat met sy vertellinge en herinneringe die grootste skat van inligting aangaande die lewensomstandighede, gewoontes en gebruike op die PUK rondom die dekade twintig nagelaat het – vertel die volgende kostelike staaltjie omtrent Schulze, een van die destydse "aristokrate": "Ons het van sy klasse gehou, nie net omdat hy bekwaam was nie, maar veral omdat hy 'n liewe man was. Nie nog só een nie. En sy humor! Veral as hy iets ten koste van homself vertel het. In hierdie tyd het hy by Pastor Kohl loseer. 'n Duitse tannie wat soms by Frau Kohl gekuier het, sien hom eendag met sy boeke tuiskom, en vra vir Tannie Kohl of Hans dan nog altyd studeer. Ja-wohl. Geen wonder, sê sy, hy lyk dan ook so onnosel. Dit op die adres van ou Hansie, wat toe reeds besig was om M.A. te bemeester!"

As student het Schulze belangrike insette gelewer ten opsigte van studentepublikasies soos *Veritas Vincet* en *Jong Suid-Afrika*, waarvan hy op stadiums die hoofredakteur was. Hy was ook ywerige toneelspeler en figureer in verskeie "produksies" wat reeds in die tienerjare van die vorige eeu op inisiatief van veral prof. SPE Boshoff op die Bult opgevoer is. Saam met manne soos JC van Rooy, LJ du Plessis, HG Stoker en AJH van der Walt sou Hans Schulze se naam in goue letters geskryf word in die annale van die PUK, sover dit die handhawing van die Christelike en nasionale beginsels van die ontluikende universiteitskollege betref.

En koning rugby dan: hoe was dit gesteld met Hansie, siende dat so veel van sy tydgenote op die destydse foto's van Theos pryk?

Rugby synde nie juis 'n sport waarvoor die Duitsers ingaan nie, het Hansie Schulze darem die Theos-tweedespan in 1917 gehaal. Hy het ook op die klubkomitee gedien.

Man alleen en "met sy kenmerkende onvermoeide ywer en pligsgetrouheid" het Hans Schulze die departement Duits tot 'n spogdepartement uitgebou. Verskeie geannoteerde Duitse tekste van hoogstaande kwaliteit het uit sy pen verskyn, asook talle artikels, resensies, ensovoorts. Sy lewenstaak was sy eie insette en sy leiding in die daarstel van 'n Afrikaans-Duitse woordeboek.

As dosent het Schulze onuitwisbare indrukke gelaat. Daar was groot lof, getuig 'n oud-student, vir "sy ingebore redenaarstalent, sy presiesheid in denke en in woordweergawe, sy waardering vir suiwere formulering en goeie styl". By die voorlees van gedeeltes uit voorgeskrewe werke "kon prof. Schulze vrye teuels gee aan een van sy grootste bates: sy ingebore dramatiese talent, wat elke voordrag tot 'n suiwer genot verhef het". Hoewel hy veel gedoen het om liefde vir die Duitse kultuur en filosofiese denkwyse by studente te ontwikkel, het hy in hoofsaak egter gepoog "om eers die gevoel vir die skoonheid in die werk wakker te roep, dan om dit deur besinning die onvervreembare eiendom van sy studente te maak". Sy weerga, is die slotsom, sal nie weer gevind word nie.

Lees maar enkele uitsprake waarmee kollegas en studente hierdie besondere mens besing: "Elke klas 'n ondervinding", "sy grondige vakkennis en sy kostelike besit aan goedige lewenshumor wat steeds sy optrede deurvleg het", "self 'n meester in die kuns om voor te

*HG Schulze was ook ywerige toneelspeler, soos blyk uit dié foto van die toneelstuk "Susanna Reijniers".*




dra en 'n uitmuntende verteller, wat kan afwissel van boeiende erns tot liefdevolle humor en sprankelende geestigheid", en "daardie pragtige en sielvolle voordrag van 'n emosionele mens … Voorwaar 'n genot om te beluister!", is maar enkele uitsprake waarmee kollegas en studente die lof van hierdie besondere mens besing, en deurentyd word ook sy besondere humorsin, sy pittige opmerkings en grappies in herinnering geroep.

HG Schulze het die universiteit sien groei van 'n "wankelende klein inrigting wat steeds om sy bestaan moes veg" tot 'n kragtige, selfstandige universiteit in die vyftigerjare: "Oom Hansie", só word verder van hom getuig, "was nie die man wat met trompetgeskal homself op die voorgrond gestoot het nie, nie een van die vegters om roem of eer nie – nee, steeds die stille, onvermoeide werker, deeglik in alles, die pragtige voorbeeld vir sy studente van iemand wat nie gepraat het van 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing nie, maar iemand wie se lewe 'n voorbeeld daarvan was."

Op sy manier, voorwaar 'n gedugte manskap! Student en latere kollega Floors du Plooy salueer hom: "Das ist fürwahr ein Mensch gewesen!"

# 2.9 HG (HENK) STOKER : ONDERSOEKENDE, FILOSOFERENDE GEES

Wie van ons en almal wat die groot wysgeer HG Stoker in sy latere lewe geken het of van hom gehoor het, sou ooit kon droom dat daardie kort, effens gesette mannetjie met die spierwit hare in sy jonger jare 'n uithaler rugbyspeler was, wat vir die PUK se eerste span én vir Wes-Transvaal op die veld gedraf het!

En boonop 'n uithaler tennisspeler, die stigter van 'n personeeltennisklub so ver terug as 1926 al!

Meer nog: dat hy ook die klavier oftewel – soos dit destyds genoem is – die piano se klawers tot-in-jou-tone-lekkerkry kon tokkel en wel in 1916, as matriekseun en lid van die Teologiese Skool en Gimnasium se strykorkes, saam met die eerbiedwaardige rektor van die Teologiese Skool en digter van faam, prof. JD du Toit (Totius). Aan die Teologiese Skool speel hy gereeld die piano tydens studentefunksies en in 1920 is hy by geleentheid woordvoerder vir die "Musiek Orkes", die voorloper van die PUK-Orkes, die voorloper van die Alibama/Alabama Boereorkes en daarmee ook die voorloper van die Alabama Studentegeselskap van nou se dae.

'n Mens kan maar sê 'n Johan van Rensburg-in-die-kleine, in die vroeë twintigerjare …

Om hierdie amperse raar-maar-waar storie verder te voer: Henk Stoker was nie net die kranige rugbyspeler, die knap tennisspeler en die tokkelaar van die piano nie – hy was ook Gevangene Nommer K.2231/42 in die Koffiefonteinse Interneringskamp gedurende die Tweede Wêreldoorlog, 'n politieke gevangene van die Smuts-regering van destyds vanweë sy negatiewe siening oor die regering se deelname aan dié oorlog!

'n Mens kan amper sê die eweknie van die latere Nelson Mandela en sy vriende!

Dit – en veel, veel meer – was Hendrik Gerhardus oftewel Henk Stoker, seker een van die grootste geleerdes wat die PUK en Suid-Afrika ooit opgelewer het, 'n internasionaal-gerekende wysgeer, wat met die grootstes van sy tyd saamgesels het, maar in sy diepste wese ook maar net 'n gewone mens …

*Troufoto met byskrif: Henk en Miriam (du Plessis) op hul troudag, einde 1925. Links is Henk se ouers en regs Miriam s'n, met prof. JD du Toit (Totius) as huweliksbevestiger in die middel.*



Gebore in 1899 het die jong Stoker sy eerste onderwys, tot met standerd agt, aan 'n Duitse skool in Johannesburg ontvang. In 1916 het hy aan Potchefstroom Gimnasium gematrikuleer, waarna hy sy BA in 1919 en sy MA in Wysbegeerte in 1921 voltooi het. Hy het ook sy onderwysersdiploma verwerf. Vanaf 1922 tot 1924 is hy in Duitsland, waar hy met hoogste lof sy doktorsgraad behaal voordat hy in 1925 as senior lektor in Filosofie aan die PUK aangestel is. In 1930 is hy bevorder tot professor in Logika en Sielkunde en word in 1937 benoem as hoof van die departement Wysbegeerte.

*Die jonge Henk Stoker in Duitsland, aan 't studere. Hy was ook maar 'n ondeunde jong man. Saam met Kobus ("Rooibees") du Plessis het hulle taamlik wyd deur Wes-Europa getoer, sommige aande selfs in telefoonhokkies geslaap. Op die San Marco Piazza in Venesië het hy vir 'n foto deur sy vriend geposeer deur op een van die kaal beelde te klim en sy hand mooi onder die skrotum van die beeld te plaas, asof ter ondersteuning. Dié foto kon ongelukkig nie deur nasate opgespoor word nie.*



Reeds met sy proefskrif het Stoker internasionale aandag op hom as opkomende wysgeer gevestig. Van meet af aan onderskei hy hom by die PUK as een van die voorste bouers aan die Christelike wetenskap wat die handelsmerk van dié universiteit was. Altesaam ses doktorale proefskrifte, twee waarvan in die buiteland, is oor Stoker se wysbegeerte of aspekte daarvan voltooi. Die drie vernaamste kenmerke van sy wysbegeerte is die Christelike benadering, die openheid teenoor ander denkrigtings en oorspronklikheid van denke sonder die drang of behoefte aan skoolvorming.

Tydens 'n studiebesoek aan Europa het hy in 1930 'n internasionale kongres vir filosofie in Engeland bygewoon en ook die PUK op die halfeeufees van die Vrije Universiteit verteenwoordig. Dit was maar net die begin van 'n loopbaan waartydens hy met groot onderskeiding as ambassadeur van sy universiteit en sy land sou optree.

Bakens op Stoker se openbare pad is sy betrokkenheid by die uitdra van die Calvinistiese beginsels op studentevlak en wel deur sy rol in die totstandkoming van die Federasie van Calvinistiese Studenteverenigings (FCSV) in die vroeë dertigerjare en sy inisiërende rol in die publikasie van die PUK-gebaseerde tydskrif *Koers* en drie bundels, *Koers in die Krisis*, kort hierna.

In die eie oorloggie wat die Afrikaners tydens die Tweede Wêreldoorlog onder mekaar uitgeveg het, het Stoker op versoek van prof. AJH van der Walt hom by die Ossewa-Brandwag geskaar om 'n Christelik-nasionale Calvinistiese gees onder studente te verseker. Hy lewer veral insette ten opsigte van dié beweging se staatkundige denke en visies, deur onder meer teen volksvreemde Nasionaal-Sosialisme as sodanig te waarsku en wat hy as Afrikaanse Calvinisme bestempel te propageer. [**Vir meer besonderhede oor Stoker se sieninge, kyk Wonderdaad …!, pp 520-522**]

Sy ondersoekende, filosoferende gees inspireer Stoker om vroeg in die Tweede Wêreldoorlog die boek *Die stryd om die Ordes*, die lig te laat sien – wat op sy beurt tot gevolg het dat Stoker vir 'n rukkie die binnekant van die draadomheinde interneringskamp van Koffiefontein van binne sou beleef. Aanleiding hiertoe was die feit dat hy vir die destydse Smuts-regering se interneringspolisie te veel begrip vir die ontstaan van Duitse Nasionaal-Sosialisme openbaar het! En buitendien, so het hy self geglo … iemand van die PUK moes net geskraap word om as afskrikmiddel te dien!



*Op parool, in geselskap van Totius, op Maarten Schoeman se plaas.*



*Die interneringskamp op Koffiefontein.*

In die "akademiese drag" van die kamp – blou kortbroek en blou hemp, ook genoem "ouma-klere" – het die filosoof Henk Stoker gedurende sy internering van byna 'n jaar opgetree as "rektor" van die "kampuniversiteit" en lesings gegee in sielkunde, wysbegeerte en sosiologie. Sy "begeisterde" klasse het soms meer as 100 "studente" vanaf die laer standerds tot gedoktoreerde akademici ingesluit. Hy het ook van tyd tot tyd aan sy kampgehore lesings oor aktuele sake soos Calvinisme en evolusie gegee. En, les bes, vertel EJG Norval: "Hy het ook fluks gehelp sing in die koor onder leiding van Stephen Eyssen en Koert van der Walt e.a. en was altyd te vinde vir poetse bak en kampskerts. Hy was al heel spoedig 'n entoesiastiese sokkerspeler en skaakspeler en het die kort rus wel deeglik geniet."

Op 'n dag in die kamp worstel Stoker met 'n filosofiese probleem: "Met hierdie probleem in my kop loop ek 'n skoot tussen twee rye hutte op en neer. Ek vergeet dat ek geïnterneer is en is nie meer deelnemer aan die lewe van my kampmaats nie. As 'n mens jou so aan die kamplewe onttrek, dan vermoed jou maats dat jy draad kou en dat die draadkoors jou ontuis laat voel. Geen wonder nie dat drie van my Potchefstroomse maats … hulle oor my ontferm en met simpatieke kameraderie by my aansluit en saam op en neer loop. Hulle swyg eers 'n ruk. Dan vra hulle my of daar moeilikhede en probleme is wat my hinder. 'Ja', antwoord ek, 'daar is 'n probleem wat my moeilikheid gee.' Weer beheers 'n medelewende stilte ons wandeling. Daarna vra hulle my of hulle my nie met my probleem kan help nie. 'Nee', antwoord ek, 'ek glo nie julle sal my daarmee kan help nie.' Na nog 'n simpatieke stilte vra hulle of ek nie my probleem aan hulle wil meedeel nie, want miskien kan hulle my tog verligting gee. 'Goed', antwoord ek, 'kan julle my sê wat die verband is tussen ons gereduseerde tydservaring en ons gereduseerde ruimtebelewing?' Die komieklike uitdrukkings wat toe op hulle gesigte verskyn, sal ek nie vergeet nie en ook nie ons vier se hartlike lag wat daarop gevolg het nie."

Stoker vertel ook, in 'n meesterlike sosiologiese, psigologiese en etiese ontleding van die lewe in die Koffiefonteinse "Boerekamp", van die keer toe hy, op bevel van die huisvader, vuurhoutjies, sigaretstompies en lemoenskille wat buite die hut lê moes opruim. "Met 'n kardoesie in my een hand sit ek op my hurke – ek het net 'n blou ouma-hemp, 'n kort blou ouma-broekie en 'n paar ouma-velskoene aan – en tel met die ander hand hier 'n vuurhoutjie, daar 'n stompie en daar weer 'n skil op en gooi dit in die kardoesie. Opeens bars ek sommer hard uit van die lag. Maats wat verbystap, kom nader en vra hoekom ek lag. 'Die vraag het my nou net te binne geskiet', antwoord ek, 'wat my studente sou sê as hulle my nou hier sou sien."

Stoker se sin vir humor kom uit sy kleintyd: "Ons het in die ou huis van president Pretorius klasse gekry. Ons dosent was prof. Kamp en hy het die gewoonte gehad om 'n gedig te verduidelik tot by die klimaks en dan op die tafel te slaan en dan sê hy, 'Jóngens, is dat niet pragtig!' En toe besluit ek 'n goeie dag, om by die skeikundige laboratorium twee 'La Grande' selle (en hy beduie) só groot, te neem en daar in die hoek weg te steek. Die drade herlei ek na my bank, en die ander drade na 'n belletjie onder die tafel waarop prof. Kamp altyd slaan … Toe prof. Kamp weer 'n slag in vervoering raak oor die gedig, en sy hand op die tafel slaan, weerklink 'n skrille geluid deur die lesingkamer. Die prof. was 'n oomblik uit die veld geslaan, maar in sy verontwaardiging het dit hom gou te binne geskiet dat die skuldige niemand anders as student Stoker kan wees nie."

Bo is verwys na Stoker se lustige deelname aan koorsang in die Koffiefonteinse kamp. In sy studentedae was hy skynbaar betrokke by die byeenbring van studenteliedere vir die PUK. In Februarie 1923, met Stoker vér in Duitsland aan 't studere, word gemeld van "die beoefening van die bestaande studente-liedere met die oog op Grade-aand"; op die volgende vergadering 'n maand later word hierna verwys as "die te oefene studente-Stoker-liedere".

Hy was ook die eerste vaandeldraer van Korps nadat dié organisasie in 1919 sy pragtige nuwe vaandel in gebruik geneem het. In 1920 dien hy op die bestuur van Korps wat in hierdie tyd ook as SVR funksioneer het.

Gedurende sy lang akademiese loopbaan (hy was vir langer as veertig jaar verbonde aan die PUK en het daarna nog vir baie jare lank akademies aktief gebly) het talle eerbewyse sy kant toe gekom, onder meer die Stals-prys van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns (1963), die Dekorasie vir Voortreflike Diens van die Staatspresident (1982) en die Meesterskapsprys van die SA Letterkundige Vereniging. Hy het ook erdedoktorsgrade van sy Alma Mater en van die Randse Afrikaanse Universiteit ontvang.




*Korps Bestuur en SVR 1920. Voor: MJ Coetzee (praetor), HG Stoker en A Duvenage. Agter staan HJ Venter en WJ Snyman. Volgens Jacs van Rooy was Coetzee een van min teoloë wat praetor (voorsitter) geword het.*

Hendrik Stoker die rugbyspeler

*"Hendrik Stoker, seker die mees geslepe losvoorspeler wat Theos ooit gehad het. Maer en lig (glo dit as u wil), het hy die kuns verstaan om dwarsdeur 'n losskrum te glip en so behendig die bal te ontvoer dat die lustig skrummendes dit eers later agterkom."* Só getuig Theos-spanmaat en latere kollega, prof. Dirk van Rooy in sy herinneringe. En word dit aangevul deur nog 'n spanmaat/kollega, prof. Piet Jooste: *"Henk (H.G.) Stoker die latere groot wysgeer was een van die beste 'dribblers' wat ek geken het"*, nadat hy "dribbling" as "die losbal vry algemeen aangeskop en met die voet vorentoe beweeg" gedefinieer het. *[Kopfoto ex 2.12.2. Stoker as lid van Theos, 1920]*

Studentemaat Jacs van Rooy vertel, oor Stoker as rugbyspeler: *"Nouja, daar is weer 'n los gemaal … Stoker was in sy element binne in die oond. Hy verdwyn daar binne. Hy laat die ou grotes met rus. Hy het net met die bal te doen. Hy wikkel soos 'n terrier met 'n rot sou maak. Sommer ook gou dan sien jy die witkop uitpeul, iemand raak net aan hom, en daar rol hy, maar die bal is al veilig in Lappies of Pottie se hande, en daar gaan hulle.*

*"Eendag het hy self duidelik sy drie gedruk, en ons het gejuig by die pawiljoen dat die aarde dreun: "Stokertjie, Stokertjie, hy hét sy drie!" Skaam en alleen stap hy terug na sy maats, pluk so 'n slag sy broekie op, tipies van hom, en kruip weg onder die ander."*

# 2.10 JP ("BOK/GROOT BOK") VAN DER MERWE :

## BESIELENDE EN UITBOUENDE STUKRAG



*Prof. JP van der Merwe*

Liefde vir die plaaslewe het hom 'n stal vir 'n koei en twee perde op sy erf te Meyerstraat 4 laat oprig – daar waar die gebou van "Friendly Grocer" as deel van die groot Cachet-pleinkompleks later sou verrys. Periodiek het hy en huisdokter Van der Poel die perde opgesaal en ritte deur en buite die dorp onderneem. Later is die stal in 'n woonstel omskep en sou verskeie dosente en teologiese studente "onder die skadu en ritme van die hoë windpomp wat 'n baken op die Bult was" 'n tydelike tuiste vind.

Dié hy was professor Johannes Petrus van der Merwe, nog 'n legende in die PUK se jonger geskiedenis, een van Postma se "helde". 'n Plaaskind, afkomstig vanaf 'n familieplaas Middendeel in die distrik Boshof, het hy sy bande met die plaaslewe altyd stewig gehou en was daar groot erkentlikheid jeens drie broers wat hulle kant gebring het sodat die ander vier verder kon gaan leer. Hieronder tel Johannes en sy jongste broer, Jan Sarel, wat ook later deel van die PUK-familie sou word.

As uitblinkerstudent aan Grey Universiteitskollege behaal hy sy BA en MA met lof en verwerf 'n Rhodes-beurs vir buitelandse studie. Hy weier egter hierdie "jingo"-beurs en studeer inteendeel met 'n Nederlandse beurs verder in Amsterdam, waar hy in 1922 ook sy doktorsgraad in Geskiedenis met lof verwerf.

In die studentelewe is sy leierskapseienskappe vroeg geïdentifiseer en is hy in 1920 SR-voorsitter; hy speel ook vir GUK se eerste span rugby.

Van der Merwe is vanaf middel-1926 aan die PUK verbonde, eers in die Geskiedenisdepartement as plaasvervanger vir AJH van der Walt, wat in Duitsland met studie besig was en vanaf 1927 in die nuutgestigte departement Ekonomie en Ekonomiese Geskiedenis. Tot met sy dood was hy vir 25 jaar lank hoof van laasgenoemde departement; met die instelling van die fakulteit Handel en Administrasie in 1941 het hy dekaan geword en ook dié pos tot met sy dood in 1952 beklee. Vir departement sowel as fakulteit se groei was hy die "besielende en uitbouende stukrag".

Van der Merwe het veral in sy latere akademiese loopbaan ontpop as een van die leidende figure op die Bult wie se heldere insig en gesonde oordeel van onskatbare waarde was vir die talle komitees en rade waarop hy gedien het – veral die Uitvoerende Komitee en die Senaat. By sy oorlye sê rektor JC van Rooy onder meer: "Netheid, sisteem en orde was 'n kenmerk van sy lewe, waarvan 'n onmiskenbare bekoring en invloed uitgegaan het."

Professor Victor d'Assonville, 'n destydse studenteleier, het dieselfde waarneming gehad uit 'n formele ontmoeting met sy latere skoonpa: "Daardie sjarme, daardie korrekte vriendelikheid, daardie netjiese optrede en daardie innemende hoflikheid waarmee hierdie hoogleraar 'n jong student behandel het, is voorwaar onvergeetlik!"

Dis juis hierdie besondere kenmerk van netheid, van sisteem en orde, wat aan hom sy bynaam "Bok" besorg het. In dié tyd was daar naamlik 'n skoon- en blinkmaakmiddel op die mark genaamd "Bok Politoer", en die bokmannetjie wat so pynlik netjies aangetrek is moes die bynaamgewer (wie dit was kon nie vasgestel word nie) sterk aan prof. JP laat dink het. Toe sy jonger broer, JS van der Merwe (Aardrykskunde) ook by die PUK aangestel is, is daar van "Groot Bok" en "Klein Bok" gepraat.

Dit is ook bekend dat Van der Merwe aan die spits gestaan het van 'n klein PUK-kontingent wat in Maart 1927 daardie historiese stormloop op die plaas Garsfontein in Wes-Transvaal bygewoon het, deel was van die ongeveer 15 000 toeskouers wat op dié dag die destyds ongelooflike skouspel beleef het van 30 000 hardlopers wat met 'n vallende vlag (en nie 'n pistoolskoot nie) weggeskiet het om 'n stukkie grond met die hoop op diamantrykdom te gaan afpen.

*Herkoms van 'n bynaam ... Die "Bok"-advertensie het verskeie variante gehad en toon "Meneer Bok" telkens as bobaaspoleerder.*




Met sy intense belangstelling in en betrokkenheid by die armblankevraagstuk en die swaarkry van die depressiejare, sy deelname aan en insette tydens ekonomiese kongresse, sy meewerking aan byvoorbeeld die stigting van Volkskas in 1936 en sy leiding in die Reddingsdaadbond het hy diep spore getrap in die Afrikaner se stryd om 'n plek in die ekonomiese son van die land.

Op die kulturele front was hy met sy historiese begronding 'n krag om mee rekening te hou: handhawing van Afrikaans as taal, "regstelling" van Kerkstraat se naam tydens die Groot Trek-herdenkingsjaar 1938 (dit was die oorspronklike naam, maar is na die Anglo-Boereoorlog deur die "oorwinnaars" as buit beskou en na "King Edward"-straat herdoop). Hy was ook aktief betrokke by die Voortrekkerbeweging en het saam met sy vrou Millie – self lid van Postma se heldegalery en PUK-legende in eie reg – ook die volkspelebeweging se belange bevorder.

Van der Merwe het intens met die studente meegeleef, onder meer as luitenant in die PUK se Werda Skietklub en as president van die atletiekklub. In sy vrye tyd was hy 'n ywerige fotograaf, met toespitsing op die filmmedium. Hy het dan ook beeldmateriaal van die personeel, die soldate-aanval in 1940 en ander interessante gebeure op die PUK op film vasgelê.

Van der Merwe het ook maar, soos die meeste van sy kollegas, per fiets of per voet beweeg. Soms het hy egter met 'n klein rooi Morris met afslaankap sy draai by die PUK gaan maak, soos een spesifieke keer om 'n Senaatsvergadering by te woon. Hy parkeer toe so ewe in die halfsirkel voor die hoofgebou.

Met die uitkomslag uit die vergadersaal is die rooi Morris vir oomblikke skoonveld weg! Maar dan sien hy dit raak, waar dit ewe geduldig op die stoep tussen die pilare vir hom wag. En daar dop die een na die ander student agter die pilare uit, vanwaar hulle die prim-en-proper professor se afwisselende reaksies gadegeslaan het. Maar nou-ja, geen "hard feelings" jeens hierdie jintelman nie – en dra die belhamels ewe geduldig die rooi motortjie weer van die stoep af!

Hy is op Middendeel, sy geboortegrond, begrawe ... in die skadu van dennebome wat hyself in sy jong dae geplant het.





*Links : Prof. JP van der Merwe as erepresident van die PUK atletiekspan, 1939.*

*Regs : In uniform, as leier van die PUK Werda-skietspan, 1930.*



HOOGLEERAAR ONVERWAGS OORLEDE

Professor J. P. van der Merwe Beswyk na Operasie

*Begrafnis te Middendeel. "Hy is begrawe in die skadu van die dennebome wat hy in sy jong dae self geplant het." Die foto is geneem deur die bekende dr. Lucas Potgieter, van gewere-faam, wat destyds die SR op die begrafnis verteenwoordig het. Lucas was een van die draers en onthou nog: "Weet jy, Piet, ek het my daardie dag byna dood gedra! Ons professor was natuurlik 'n groot man. Die kis is van die huis na die begraafplaas, wat redelik ver was, gedra. Van die ander draers was personeel. Die man wat teenoor my gedra het, was prof. HG Stoker, met sy kort lyfie. Ek onthou nog, dat ek 'n slag na sy kant gekyk het … toe sien ek dat sy kort vingertjies net so liggies aan die handvatsel raak!"*

# 2.11 MM (MILLIE) VAN DER MERWE (NÉÉ RADLOFF): GRONDLEGGER, KULTUURMENS



*Mej. MM Radloff (van der Merwe)*

Die PUK se Raad is in sitting, 26 November 1925. Benoemingstyd van personeel … en dinge lol, raadslede sien nie oog om oog oor een na die ander benoeming nie en die spanning laai op. Dan moet die laaste pos gevul word, dié van lektor in Plantkunde.

Die Senaat beveel die Vrystaatse onderwyseres Mildred Mathilde Radloff, van huis uit Duitssprekend en met Engels-georiënteerde opleiding (MSc-gegradueerd te Stellenbosch) vir die pos aan. Raadslid S Vermooten, Hervormde predikant, versoek dat die naam van mnr. J de Ruiter, onderwyser by Gimnasium wat vroeër al klasse aan die PUK waargeneem het, bygevoeg word.

So gedaan, word daar gestem en word met ses stemme teen vyf op Radloff besluit. Onmiddellik hierna het Vermooten sy bedanking ingedien, "met die oog op die benoeminge", en het raadslede Izak Meyer en Charlie Olën desgelyks opgetree.

Hierdie sage, oftewel "rebellie" in die PUK se Raad, word breedvoerig in *Wonderdaad …!*, (pp 279-282) vertel. Feit is, Millie Radloff het die aanstelling gekry en daarmee vir 'n stukkie geskiedenis gesorg, deurdat sy – saam met mej. AC Norenius, as senior lektor in Engels – die eerste vaste vroue-aanstellings op die personeel van die PUK was en die grondlegger geword het van die Plantkundedepartement aan die PUK. Hiervan getuig die Millie van der Merwe/ Radloff museum van die Plantkundedepartement, wat in 1981 in gebruik geneem is.

Radloff het besondere moeite gedoen om by die eksklusiewe kultureelverfynde gemeenskap op die Bult in te skakel. Haar taak in dié verband is vergemaklik deur die aanmoediging en ondersteuning van die groepie jong dosente wat destyds aan die PUK gevestig het, sommige waarvan in dieselfde huis loseer het.

Millie en prof. JP se seun, prof. NT (Theo) van der Merwe vertel van die destydse opset: "Die inburgering in die PUK-kring het ook sy humoristiese kante gehad. Prof. HG Stoker, die dosent in Psigologie en Filosofie, het sy briljante brein nie net ingespan om die hele kurwe van die heelal tot die innerlike van die mens te deurskou nie. Hy was tewens bekend vir sy fyn



*Millie van der Merwe (née Radloff) saam met haar man, prof. JP van der Merwe.*

beplande poetse. So het hy mev. Schulze, eggenote van die vermaarde en geliefde dosent in Duits, goed voorberei op die kwansuis hardhorende Millie Radloff en eweso die omgekeerde. Die uitloper hiervan was dat beide dames by eerste kennismaking mekaar in volume oortref het om die ander tegemoet te kom – totdat beide verslae begin protesteer het dat hulle nie doof is nie!"

Millie Radloff se botaniese kennis en passie het gewortel in 'n Kaapse geslag van natuur- en plantliefhebbers en veral na haar huwelik met prof. JP van der Merwe het sy op hulle volle burgerregerf te Meyerstraat 4 daardie kennis toegepas en passie uitgeleef. Theo onthou dat aan die oostekant van die huis 'n verskeidenheid vrugtebome geplant en groentes verbou is, terwyl ten weste blomme van alle soorte in al hulle glorie gepryk het. Die munisipale leivoor asook 'n eie dammetjie, "bedien" deur 'n eie windpomp, het vir genoeg water gesorg – al moes die windpompwiel soms tydens windstiltes met die hand gedraai word!

Studente het kort voor eksamens haar bewegings met valkoë dopgehou om as moontlike eksamenwenke te sien met welke plante en blomme sy haar besig hou: uiteraard sou plante uit haar onmiddellike omgewing dalk vir eksamendoeleindes benut word. En só het dit gekom dat sy soms noodwendig snags moes rondsluip om haar keuses te maak!


Na haar huwelik het sy haar eggenoot daadwerklik bygestaan in sy strewe om sy studente as mense te vorm, hulle voor te berei en te laat begryp "watter lewenstyl hulle as toekomstige rolspelers in die sakelewe behoort ten toon te stel in kleredrag, woord en daad". Daartoe het veral meegewerk die jaarlikse onthale, waar sy gepoog het om 'n gekultiveerde sfeer te skep met versnaperinge en gesellige verkeer.

Millie van der Merwe was uiteraard ook lid van en baie aktief in die PUK se Dameskring, wat in 1928 gestig is en was in 1968 ook stigterslid en lank leidster van die Ou Garde, wat as oogmerk gehad het om bejaarde ouddosente en eggenotes van personeel byeen te bring en vereensaming te voorkom. Sy en haar man was ook heel aktief betrokke by die volkspelebeweging terwyl sy vir 'n tyd lank 'n bewegingsklas met musiek vir kinders op die Bult aangebied het.

Na die afsterwe van haar man het Millie 'n aanstelling in die tydskrifte-afdeling van die Ferdinand Postma-Biblioteek gekry, wat haar met haar liefde vir boeke soos 'n handskoen gepas het. Sy het baie gelees, veral oor plante, diere en kuns en het ook groot belangstelling getoon vir literatuur oor veral daardie lande en wêrelddele waarheen sy saam met toergroepe of familie gereis het. Sy was baie erg oor musiek, 'n gereelde besoeker tydens uitvoerings in die Konservatorium, 'n lid van die destydse Volksteaterkoor en ywerige meedoener aan aktiwiteite van leeskringe.

Om af te sluit met 'n evaluering deur Theo as kind wat beide sy ouers as onbetwyfelbare rolmodelle ervaar het: "Toe tenniswedstryde op TV beskikbaar gekom het, het sy geen spel gemis nie en die vreugde van die tennisbaan van vroeër jare herleef. In haar jaarryke lewe was sy bevoorreg dat hierdie verskillende kulturele fasette mekaar nie alleen sinvol aangevul het nie maar dat sy ook die wendinge van 'n eeu kon meemaak en verwerk – van die Victoriaanse era tot die nuwe dimensies van die inligtingstegnologie."

# 2.12 AJH VAN DER WALT (1893-1972) :
## "VADERLANDER … MAAR NOOIT CHAUVINIS NIE"



*AJH van der Walt*

Andries JH van der Walt … die jong boer, dáár uit Venterstad se wêreld, wat sou uitstyg tot eerste prinsipaal (rektor) van die Universiteit van Suid-Afrika, die man wat hom as tandarts in die Verenigde State wou gaan bekwaam, maar deur die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog gedwarsboom is. Toe het hy vir 'n rukkie sy pa op die plaas help boer, vir ses maande militêre diens in Suidwes-Afrika verrig, daarna sy skoolopleiding hervat en in 1916 op 23-jarige ouderdom gematrikuleer.

Soos verskeie ander lede van Postma se "leërbende" was Van der Walt afkomstig uit 'n pioniersgeslag van die noord-oostelike Kaapprovinsie by wie daar teen die einde van die 19de eeu 'n sterk nasionaliteitsgevoel as Afrikaners posgevat het, in direkte aansluiting by 'n soortgelyke sentiment onder volksgenote van die twee Boere republieke. Soos DW Krüger dit stel: " 'n Jong Afrikaanse Calvinis wat hom as wetenskaplike en geleerde wou bekwaam …"

Ná matriek aan die Steynsburg Gimnasium het Andries hom in 1917 by die Literariese Departement van die Teologiese Skool op Potchefstroom ingeskryf en in 1919 die Honneurs BA-graad in Geskiedenis verwerf het. Die volgende jaar behaal hy die Onderwysdiploma en in 1921 sy MA-graad in Geskiedenis. Terselfdertyd is hy as eerste voltydse lektor in Geskiedenis aangestel.

Vanaf 1926 tot 1928 studeer hy aan die Kaiser Wilhelm-Universiteit te Berlyn en behaal hy sy doktorsgraad. By sy terugkeer word hy in 1929 bevorder tot professor en sou hy in die loop van die volgende dekade en 'n half 'n sterk Geskiedenisdepartement opbou.

As student op die Bult het Andries aktief aan die georganiseerde studentelewe deelgeneem en onder meer in 1918 opgetree as sekretaris van Korps Veritas Vincet, wat destyds as SVR gefunksioneer het, en was hy ook in 1920 hoofredakteur van die jaarblad *Veritas Vincet*.

Van der Walt het ook in rugby uitgeblink vir Theos en Wes-Transvaal. Tydgenoot Jacs van Rooy onthou: "Maar ek vrees ons grootste bewondering was nie vir sy akademiese prestasies, hoe goed ook al nie, maar omdat hy Wes-Transvaal-voorspeler was. Soos 'n reus het hy gestoei onder die grotes."

In sy geskiedbeoefening het Van der Walt nie die klem laat val op die sensasionele en dramatiese nie. Hoewel sy geskiedbeskouing sterk Christelik en nasionaal gefokus was, het hy 'n hoë premie geplaas op historiese objektiwiteit. "Vaderlander was hy", sê sy opvolger DW Krüger, "maar nooit chauvinis nie … Andries van der Walt was nie slegs nougesette navorser en bekwame dosent nie, ook as skrywer van 'n robuuste en korrekte Afrikaans moet sy naam met eer vermeld word … Sy styl is rustig en sterk, sy sinsbou baie korrek en sy woordeskat uitgebreid." Hy het goeie en groot historiese prosa gelewer, 'n "bewonderenswaardige sin vir sielkundige ontleding getoon."



*In volle mondering!*

As vakbeoefenaar het Van der Walt uitgeblink in die skryf van tydskrifartikels en boekresensies en het sowel sy MA-verhandeling as sy proefskrif en enkele groter en kleiner publikasies van deeglike vakmanskap, leesbaarheid, helderheid en suiwerheid getuig. Intense navorsing vir 'n uitgebreide biografie oor Paul Kruger moes gestaak word toe sy dienste elders benodig is.

Terwyl hy nog aan die PUK verbonde was het Van der Walt as dekaan van die fakulteit Lettere en Wysbegeerte van die federale Universiteit van Suid-Afrika groot indruk gemaak en is hy gevolglik in 1946 getaak met 'n diepte-ondersoek insake eksterne studies aan dié inrigting. Dit is opgevolg met sy aanstelling as eerste direkteur van Eksterne Studies aan die Universiteit van Suid-Afrika, waardeur sy bande met die PUK deurgesny is. In 1953 het hy prinsipaal en kort daarna visekanselier geword en in 1956 het hy afgetree. Hoë lof is hom toegeswaai deur die destydse rektor Theo van Wijk: "Die baanbreker het grondlegger




*Andries van der Walt (heel regs, agter) was 'n bedrewe rugbyspeler, wat ook vir Wes-Transvaal gespeel het. Latere professore HG Stoker, J Chr Coetzee, Dirk van Rooy en WJ Snyman en die PUK se eerste Springbok, Hans Aucamp verskyn ook op die foto van Theos 1920. Agter: CA van der Linde, JH Anderson, JL Wolmarans en AJH van der Walt. Tweede ry: HG Stoker, P Jooste, L Venter, D van Rooy, HP Malan en AP du Plessis. Sittende: J Aucamp, AJ Henning, mnr. JC Coetzee (vise-pres), DJ van Rooy (kapt), W de K Kruger en WJ Snijman. Voor: P Kruger, JC Potgieter.*

geword, die toekomsvisie hedewerklikheid. Die 'nuwe' Universiteit van Suid-Afrika het beslag gekry. En hoër onderwys sou nooit weer dieselfde wees nie." (Prof. Theo van Wijk)

Na sy aftrede het prof. Van der Walt ook leiding geneem in die nuutgestigte Afrika-Instituut.

Vir sy rol in die omvorming van die Universiteit van Suid-Afrika en ook as raadslid van die destyds nuutgestigte Universiteitskollege vir Indiërs (Durban-Westville) en die Universiteitskollege van Zoeloeland is 'n besondere erepenning vir die bevordering van die universiteitswese deur die SA Akademie aan AJH van der Walt toegeken – om 'n man te vereer wat diep spore getrap het.

# 2.13 DJ (DIRK) VAN ROOY : "VLUGGE BEGRIP, BESADIGHEID EN NUGTERHEID"



*Prof. Dirk van Rooy*

Dirk Jan van Rooy, die seun van die bekende ds. JA van Rooy en Brechtje, 'n dogter van ou vader Dirk Postma, het sy BA-graad, met onder andere Wiskunde en Fisika as hoofvakke, in 1914 aan die Grey Universiteitskollege verwerf. In 1915 het hy, as 19-jarige, 'n onderwyspos by Potchefstroom Gimnasium aanvaar – en was hy die jongste in die matriekklas voor hom! In 1923, na die afsterwe van prof. APC Duvenage, is hy as senior lektor by die PUK aangestel en in 1928 is hy tot professor bevorder.

Onder sy hand het die departement Wiskunde en Toegepaste Wiskunde aan die PUK tot volle ontplooiing gekom. As vakman het sy kundigheid en roem wyd geloop en was daar op een tydstip sewentien van sy studente as dosente verbonde aan tersiêre inrigtings. Binne die universiteitsopset het hy as lid van talle Raads- en Senaatskommissies 'n groot rol gespeel in die bestuursopset van die PUK, terwyl hy op plaaslike bestuursvlak, onder meer as burgemeester, ook die beeld van die PUK sterk na buite uitgedra het. Op nasionale vlak, as kampvegter vir Afrikaans en die Afrikaner, was Dirk van Rooy 'n belangrike verteenwoordiger van die sogenaamde "stem van Potchefstroom".

Sy sterk Calvinistiese lewensstyl en denke het Dirk van Rooy ideaal gepas in die rol van "soldaat" in "generaal" Postma se "leërbende".

Prof. Van Rooy het ook vir 'n lang tydperk as koshuisvader opgetree, waar sy vlugge begrip, skerp oordeel, besadigheid en nugterheid geweldig veel vir die studentegemeenskap beteken het.

In 'n huldigingsblyk by sy uittrede as huisvader speel studenteleier FJ du Toit Lessing duiwelsadvokaat: "Prof. Dirk en die owerhede is net daar om die gees te demp. Niks kan aangepak word nie, of daar word hewige reaksie van die kant van die 'owerhede' ontlok. 'Plaas' net 'n paar dames in die Visdam, breek net 'n paar ruite, steel net die eetgerei van die dames se eetsaal, lawaai 'n bietjie in die omgewing van die swakkere vate se woonbuurte met die verontskuldiging dat dit 'n 'serreneid' was, en kyk wat gebeur. Dadelik word 'n besoek van prof. Dirk by die koshuise afgelê … en in ondubbelsinnige taal word op die verkeerde bewys. Verstaan die man dan nie die hartklop van die jeug nie!"


Maar op 'n kol kry die kritiese student tog begrip, "nadat hy gesien het hoe aan 'n student wat erg verbrou het, nog 'n kans gebied word om homself te rehabiliteer, hoe dat skade deur studente aangerig, uit eie sak vergoed word, die oombliklike bereidheid om aan die geringste versoek van die koshuisinwoners te voldoen …" En daag daar begrip "dat 'n bekwame man op bekwame wyse 'n taak, wat soms feitlik bomenslike eise stel, vervul het".

*Prof. Dirk en mev. Corrie van Rooy as huisouers, saam met ander personeel. Links van prof. Dirk sit mej. S van der Westhuizen en mev. AS de Klerk en regs van mev. Van Rooy is mev. HG Kruger.*



Dirk was 'n goeie sportman, wat vir GUK se eerste span en later ook verskeie seisoene vir Theos as heelagter uitgedraf het. Hy het Theos ook in 1920 as kaptein voorgegaan. *[**Kyk foto 2.12.2. bo**]* In dié tyd het Van Rooy ook 'n groot rol gespeel in die vestiging van Afrikaans as rugbytaal in die destydse Wes-Transvaal. Hierbenewens was hy ook 'n bedrewe tennisspeler. Reeds in 1920 het Dirk sy filosofie oor sport neergepen: "Sport het ook sij roeping … en solank ons sorg dra dat sport nie ons roeping gaan word nie, sal dit sij roeping vervul, nl. om ons liggaam instaat te hou om ons gees te dra: 'mens sane in corpore sano' *['n gesonde gees in 'n gesonde liggaam]*, nou soos altoos."

***In sy jong dae 'n kranige rugbyspeler (heelagter), wat vir Grey Universiteitskollege sowel as Theos op die veld gedraf het, kon prof. Dirk op sy oudag darem nog die vallende puin tydens die biblioteekbrand in Februarie 1949 systap!***



# 2.14 JC (JOON) VAN ROOY (1890-1954) :
## "BEMIDDELAAR BY UITNEMENDHEID"



*JC (Joon) van Rooy*

Johannes Cornelis (Joon) van Rooy: nog 'n merkwaardige persoonlikheid, 'n legende in die annale van die PUK, 'n man in die klas van 'n Ferdinand Postma, 'n Henk Stoker, 'n J Chris Coetzee, een van "Postma se helde", soos Hennie Bingle na hom en Stoker en Coetzee en nog 'n paar ander personeellede van die twintigerjare verwys. Later sou ook "vredemaker" en "man van die volk" tot sy betitelings toegevoeg word.

Soos so baie persone wat diep spore in die Puk se geskiedenis getrap het, was Van Rooy ook 'n produk uit die Noord-Kaap, Steynsburg se wêreld. Vir hoër onderwysopleiding wend hy hom na die Literariese Departement van die Teologiese Skool te Potchefstroom, die PUK-in-wording, waar hy in 1913 sy BA-graad verwerf en in 1920 sy MA in Wysbegeerte behaal. Hy het intussen ook predikantstatus in die Gereformeerde Kerk verkry.

Waarskynlik ook te danke aan sy redelike senioriteit wat ouderdom betref (hy is in 1890 gebore), was Van Rooy baie prominent in studentegeledere en onder sy leiding is bewerkstellig dat Korps Veritas Vincet vanaf 1916 as studente verteenwoordigende raad opgetree het. Hy was ook die dryfkrag agter die totstandkoming van die Afrikaanse Studentebond (ASB) in 1917 en 'n voorvegter in studentegeledere vir die handhawing en uitbou van Afrikaans. Joon was ook intens betrokke by die stigting en bedryf van tydskrifte soos *Fac et Spera, De Jonge Calvinist, Jong Suid-Afrika, Die Banier, Die Saaier, Die Veteraan, Inspan* en *Koers*.

Sedert sy aanraking met dosente Ferdinand Postma, JD du Toit (Totius) en Jan Kamp, al drie produkte en bewonderaars van die Vrije Universiteit in Amsterdam, Nederland en die koers en rigting van hierdie instelling, was daar by die jeugdige Van Rooy die brandende begeerte om ook eendag sy dors na kennis en die wetenskap dáár te gaan les. As gevolg van die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog in 1914 moes hiervan afgesien word.

In 1919 is Van Rooy aangestel as lektor in Ou Tale en in November 1920 bevorder tot professor in Filosofie. Hoewel hy nooit 'n doktorsgraad agter sy naam kon skryf nie, was Van Rooy akademies breed onderlê. Latere prof. S (Fanus) du Toit getuig hiervan in 1950: "'n Mens verbaas jou oor die gemak waarmee hy op sulke uiteenlopende terreine as die van die Filosofie, Staatsleer, Sosiologie, Maatskaplike Werk en Teologie beweeg het. Skrywer hiervan het by prof. Van Rooy se eerste onderrig ontvang in Sielkunde en Wysbegeerte en sal die indrukke wat hy opgedoen het, nooit vergeet nie." Ook HG Stoker, een van die grootste wysgere wat Suid-Afrika seker al opgelewer het, het Wysbegeerte aan Van Rooy se voete bestudeer: "Algar wat onder hom gestudeer het sal getuig van die deeglikheid van sy werk en daarvan dat sy kolleges van begin tot end geboei het, dat hy die kuns verstaan het om die moeilike verstaanbaar weer te gee, skerpe prinsipiële lyne deur te trek en dat hy geesdrif asook ideale by sy studente verwek het. Sy kostelike redenaarstalente het sy kolleges met 'n glans versier."

Sy veelvuldige aktiwiteite as studenteleier het besondere organisatoriese vermoëns openbaar wat tot groot nut van die jong universiteitskollege aangewend sou word. In 1927 word die registrateurskap van die PUK gevolglik aan hom aangebied, 'n pos wat hy tot die einde van 1937 sou beklee. Hy het die gepaardgaande sekretarisskap van die Raad en die Senaat behou tot in 1948, wat meegebring het dat hy deurlopend sy vinger op die pols en 'n leeue-aandeel in die ontwikkeling van die PUK gehad het. In menige opsig was hy die regterhand van Ferdinand Postma, van wie gesê is dat die geskiedenis van die PUK ook sy geskiedenis is. Saam met sy opvolger as registrateur, mnr. Vaatjie du Toit, het hulle simbolies Postma se hande in die enjinkamer in die lug gehou.


Interuniversitêr was Joon van Rooy hoog geag as 'n groot leier. Daar is altyd met volle erkentlikheid en waardering na hom geluister en veral in die verhouding met die federale moederinstansie, die Universiteit van Suid-Afrika, het daar "van hom as leier 'n kragtige

invloed uitgegaan en het hy met sy bekende wysheid en takt verstaan om al die botsende belange te koördineer", tot heil van almal.

Met Postma se dood in 1950 was Joon van Rooy lank reeds die kroonprins wat in sy voorganger se voetspore sou tree. Weens swak gesondheid moes hy die rektorskap na drie jaar laat vaar en het hy vir 'n baie kort termyn as kanselier gedien tot met sy dood op 29 Augustus 1954.

By Joon van Rooy was daar van kindsbeen af geesdrif vir die handhawing van die Afrikaanse taal, vir die verstewiging van die afgeskeepte posisie van die Afrikaner in die landsbestuur en in die ekonomie en vir die republikeinse strewe van die Afrikaner. Hy speel gevolglik 'n leidende rol in studente organisasies maar later ook in ander kultuur organisasies en bewegings wat met dié strewes gemoeid is, soos die Afrikaner Broederbond en die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings (FAK). Vanweë sy besondere takt en verdraagsaamheid is hy die ideale tussenganger en katalisator tussen soveel strydende partye op die weg na die ideale wat ook deur hom gekoester word.

Sy grootste oomblik, vir sover die volksdiens betref, was beslis 9 September 1939. Suid-Afrika het pas 'n week tevore tot die Tweede Wêreldoorlog toegetree, teen die wense in van die oorgrote meerderheid van Afrikaanstalige volksverteenwoordigers wat in die voorafgaande tyd erg verdeeld was in hulle politieke sentimente. Onder leiding van die Broederbond-cum-FAK is daar 'n massa demonstrasie van Afrikaners by Monumentkoppie gereël, waar Van Rooy as tussenganger bewerkstellig het dat faksieleiers generaal JBM Hertzog en dr. DF Malan saam met hulle derduisende volgelinge mekaar die hand gereik het "op die pad van Suid-Afrika, om dit nooit weer los te laat nie". Hy is gekroon met die titel "Man van die Volk".



*Bo: Prof. JC (Joon) van Rooy (links) saam met genl JBM Hertzog, by Monumentkoppie, 9 September 1939*



*Regs : Van Rooy het díe rol gespeel van Groot Versoener, maar op díe ou einde was alles tevergeefs en het Afrikanerverdeeldheid spoedig weer hoogty gevier.*

Tot sy verdriet, en dié van gelofte-voorganger JD du Toit (Totius), was dié nuutverkreë volkseenheid van korte duur en sou Van Rooy in die hieropvolgende dekade intens betrokke bly in die pogings om Afrikaner-eenheid te bewerkstellig. Met sy innemendheid, sagsinnigheid en sy kommer oor die saak van die Afrikanervolk het "Ou Joonie", in die woorde van dr. HF Verwoerd, "bemiddelaar by uitnemendheid" geword – al was dit nie bra suksesvol nie. Sy intense betrokkenheid oor 'n breë front van volksake het sy kragte getap, sodanig so dat hy by sy aanstelling as rektor in die plek van die ontslape Ferdinand Postma vriendelik maar ferm versoek is om hierdie ysters uit die vuur te haal. Wat hy toe ook gedoen het.

In 1952 het die Vrije Universiteit van Amsterdam, sy ander Alma Mater waar hy deur omstandighede verhoed is om die hoogste akademiese kwalifikasie ('n doktorsgraad) te

"JONIESE" ANEKDOTES

*Rugby*

*"Prof. Joon was nou nie wat jy kon noem 'n voetbalspeler nie. Tog het hy af en toe in die park verskyn as toeskouer. Nie van die spel nie, maar van die ander toeskouers. As student van massa-sielkunde. Dit word van hom vertel – vir die waarheid staan ek nie in nie – dat hy die Wallabies vir 'n toerende orkesgeselskap aangesien het. Red nou 'n span met so 'n man!"*

*Só vertel prof. DJ (Dirk) van Rooy, self 'n kranige rugbyspeler wat vir Wes-Transvaal as heelagter uitgedraf het.*

*Joon in die jagveld*

*Op die plaas, in Steynsburg se wêreld. Die windpompdam word deur die Van Rooy-nefies skoongemaak: "Daar kom Joon aan. Oefening sal hom goed doen. So 'n rukkie het hy ook kluite laat waai. Toe word hy moeg. Maar in die skietveld word hy nie moeg nie. Deur die Karoo-vlaktes loop hy ons almal flou, al agter die bokke aan. Die warm somerson het ons gedaan gemaak."*



*Joon die jagter, hier in aksie saam met groot vriend "Happy" van der Walt, vir 'n tyd lank magistraat op Potchefstroom.*

*Ook maar mens …*

*Dit was in Junie 1927. Joon was in Holland vir die voortsetting van sy studies en hy en sy vrou Lettie het in Hilversum gewoon. Kollega HG (Hans) Schulze en sy vrou was op hulle beurt in Duitsland, hy ook besig met sy doktorsgraad. Joon het sy vrou en haar suster weggevat Bonn toe om daar by ander familie te gaan kuier. Hy is nou graswewenaar en skryf in sy alleenheid aan goeie vriend Wikus du Plessis: "Bonn is 'n heerlik-idilliese universiteitstadjie. En die Duitse kiepies wat daar rondloop – moenie praat nie! Die Ryn-wêreld is daar een stuk romantiek. Selfs ou Hans [Schulze] word rondspringerig!"*

verwerf, hom met 'n eredoktorsgraad gehuldig. Nie soseer oor sy akademiese prestasies of faam nie – hoewel dit nie gering geag kan word nie – maar veral vir sy aandeel in "de volksopvoeding in Zuid-Afrika", vir die ontdekking van "de volkskracht van het boerenvolk, tussen Kaappunt en de Zoutpansberg". Hoe hoog die eer was, blyk uit die feit dat ook Totius onder oorweging was. Afgesien van ander faktore, gee promotor J Waterink die versekering: "zijt Gij in ieder geval de man, aan wie de u toegedachte eer voor honderd procent toekomt" in hierdie tye van nasionale herdenking [Van Riebeeckfees April 1952].

Maar Joon van Rooy se gesondheid was nie meer na wense nie, sy vlam was uitgebrand – grootliks omdat sy kerse, vir volksdiens en diens aan sy Alma Mater, aan albei kante gebrand het. In 1953 het hy afstand gedoen van die rektorskap ten gunste van prof. J Chris Coetzee, en is hy in die plek van die ontslape prof. JD du Toit (Totius) as kanselier aangewys. In Augustus 1954 is hy oorlede.

Jacs van Rooy onthou hom en bring hulde: "Hoewel ongeërg, was hy nooit onfatsoenlik. Hy was menslik, minlik, natuurlik, en daarom het almal van hom gehou. Hy was een van die skeppers van 'n nuwe tradisie wat ons tipies Jonies kan noem. Dit het lewe en kleur in die andersins stroewe akademiese atmosfeer gebring."

# 2.15 S (FANIE/"VAATJIE") DU TOIT : "VRIEND, METGESEL EN WAPENBROER"



*Mnr. S du Toit*

Die aanstelling van Stephanus du Toit as eerste assistent-registrateur van die PUK, vanaf 1 Desember 1927 was seker vir baie 'n verrassing: dat hy, as nie-Puk, nou juis die paal moes haal bokant veral 'n man soos Jan de Klerk, seun van die uittredende registrateur (ds WJ de Klerk) en in 1925 die voorsitter van die Studenteraad.

Maar Stephanus, of "Fanie/Vaatjie" soos hy weldra alombekend sou staan, het die nodige "papiere" gehad.

As seun van senator en mev. FJ (Koos) du Toit van Caroluspoort, Noupoort, het hierdie Noord-Kaaplander sy matriek aan "Paul Roos se skool", die Paarl Gimnasium, afgelê. Hy wou aanvanklik gaan boer, maar begeef hom Pretoria toe waar hy in die Departement van Landbou se afdelings Rekeningkunde en later Onderwys en Uitbreiding werksaam is. As na-uurse student het hy handelsvakke aan die Transvaalse Universiteitskollege (TUK) bestudeer. Hy was ook lid van die buitemuurse sowel as die gesamentlike studenteraad van die TUK. Sy staatsdiens ervaring as rekenkundige en as uitbreidingsamptenaar het ongetwyfeld die deurslag gegee by sy aanstelling, want dit is presies waar die leemte en behoefte in die registrateurskantoor van die PUK duidelik sigbaar begin word het.

Hy was darem ook die kleinboet van daardie skrander student en tydelike deeltydse dosent aan die PUK, FJ (Frans) du Toit. En dié was weer getroud met die suster van die vrou van die pas aangestelde nuwe registrateur, prof. JC (Joon) van Rooy – die man wat gereken het dat Frans of 'n sekere Steyn die registrateurspos moes kry en homself net as volgende op die lys beskou het. In sy voorwaardes vir aanvaarding het hy duidelik die behoefte aan 'n knap boekhouer uitgespel …

Hoe ookal, die aanstelling van "Vaatjie" du Toit, as ondersteuning en regterhand van die nuwe registrateur Joon van Rooy was een van die groot suksesstories in die geskiedenis van die PUK. Terwyl eersgenoemde hom sterk op die uitdra van die beeld van die PUK toegespits en hoëvlak onderhandelinge gevoer het sou Du Toit hom hart en siel wy aan sy taak as administratiewe uitvoerende amptenaar.

Vanaf 1938 het "Oom Vaatjie", soos hy toenemend bekend begin staan het, die registrateurskap by Van Rooy oorgeneem, met laasgenoemde steeds sekretaris van die Raad en Senaat. Saam met rektor Ferdinand Postma sou hy en Van Rooy as driemanskap die kern vorm van die bestuurspan van die groeiende universiteitskollege tot met Postma se dood in 1950, 22 jaar later. In dié jare van woeling en wording, en dikwels baie onstuimigheid en aanslae teen die voortbestaan van die PUK, was "Vaatjie" du Toit die rots waarop die administratiewe bestaansreg van die PUK gebou en uitgebou sou word. Hiervan getuig die intieme toonaard van die korrespondensie wat tussen hom en die rektor gevoer is, wanneer laasgenoemde op sy baie skakelbesoeke was en Du Toit die fort moes hou.

In 'n huldeblyk het ds. Jacs van Rooy, wat pas voor Du Toit se koms na die PUK afstudeer het, gesê dat hy soos 'n reus in die PUK se administrasie gegroei het. Dit was die begin van kritieke jare en vinnige groei vir die PUK en "Fanie het gehelp om veilig daardeur te stuur".

"Oom Vaatjie" was 'n ywerige bevorderaar van die saak van die PUK en het veral as fondsinsamelaar pas na selfstandigwording reusewerk verrig, deur £70 000 vir die PUK te in. Vir sy deeglike kennis van die administrasie en finansies van die universiteit, sy voortreflike dienste oor 'n lang tydperk en vir "sy uitnemende persoonlikheid en menslike hoedanighede" is die graad M.Comm *Honoris Causa* in 1958 deur die PUK aan hom toegeken.

Maar "Vaatjie" du Toit was ook 'n groot sportman en sou ook op hierdie gebied vir 'n groot nalatenskap sorg. Deur sy deelname aan en insette in sport het hy steeds die belange van sy aangenome Alma Mater voorrang laat geniet. In 'n huldeblyk na sy dood het rektor J

Chris Coetzee na hom verwys as 'n goeie rugbyspeler, 'n vinnige en ratse atleet, 'n goeie tennisspeler, 'n vaardige swemmer. Daarom, sê Coetzee, is die sportvelde in die omgewing van De Oude Molen na hom vernoem.



*"Oom Vaatjie" saam met prof. Hennie Bingle, aangewese nuwe rektor, en die uittredende rektor, prof. J Chris Coetzee. Dit was die laaste foto wat van hom geneem is.*

Self 'n ywerige tennisspeler, het hy in Augustus 1933 'n luisterryke massa-tennistoernooi ten bate van die PUK se boufonds gereël, waaraan 220 persone van omliggende dorpe, die Witwatersrand en Pretoria deelgeneem het.

As rugbyspeler het hy vir Tukkies en Transvaal op die veld gedraf en is hy, pas na sy aankoms aan die PUK, aangewys as kaptein van die Theos vir 1928. Gemeet aan vandag se norme, was Du Toit met sy breë skouers en gewig van 165 pond (75 kg) maar taamlik lig in die broek vir 'n voorspeler, maar aan durf en talent het dit hom nie ontbreek nie.

'n Ernstige besering het hom egter ge-"kantlyn" en hy tree vir die res van die seisoen op as nie-spelende kaptein. Vanaf 1929 is hy deurlopend in verskillende hoedanighede intens betrokke by die bestuur en administrasie van die spel, ook op provinsiale vlak. Hy was lank gewaardeerde afrigter, voorsitter en president van die klub. Spelers wat onder sy afrigtershand deurgeloop het, onthou agterna met nostalgie die riet in sy hand en sy altyd pittige sê-goed om sy punt tuis te bring.

**PUK (THEOS) EERSTE SPAN 1928**

**Wenner van die Neserbeker**





**Agterste Ry:** *A. L. Aucamp (Sek.), H. F. V. Kruger, K. S. v.d. Walt, F. L. Scheepers, J. A. Schutte, P. A. de Wet, W. J. de Wet, J. A. du Plessis, P. J. Strydom.* **Middelste Ry:** *J. F. du Plooy, M. Postma, S. du Toit (Kapt.), P. F. de Wet (vise-kapt.), J. M. de Wet (President), J. J. v.d. Walt, A. G. Coetsee.* **Voorse Ry:** *S. P. van der Walt, J. P. Bingle.*

*("Vaatjie") du Toit as beseerde, nie-spelende kaptein van THEOS, 1928. Ander spelers op die deelfoto is M Postma, PF de Wet (vise-kapt), JM de Wet en (voor) SP van der Walt en JP Bingle.*

Die naam "Vaatjie" du Toit het huishoudelik begin word in Wes-Transvaalse rugbykringe, veral as uitstekende kenner van die spel en as keurder. By geleentheid is hy ook genomineer as kandidaat vir die nasionale keurkomitee, maar dit sou wensdenkery wees om te verwag dat hy, komende van die PUK en uit Wes-Transvaal, destyds die paal kon haal. Hy was ook lewenslange erepresident van die Wes-Transvaalse Rugby-Unie.


In die reeds genoemde huldeblyk van J Chris Coetzee oor hulle samewerking getuig hy oor hoe "die daelikse band van vriend, metgesel en wapenbroer" steeds hegter geword het: "Ons het ses dae in die week gedurig met mekaar gespreek, gekonfereer en tot besluite gekom, wat ek moes neem en hy moes uitvoer. Vir my was hy meer as die getrouste en bekwaamste amptenaar: hy was my vertroueling, my raadgewer, my regterhand. As vriende en metgeselle was ons ook wapenbroers onverbiddelik in ons stryd om Christelike hoër onderwys; vir die P.U. vir C.H.O. het hy gelewe en … gesterwe."

Wat 'n wonderlike grafskrif!



*"Oom Vaatjie" as president van Theos, 1960. "Oom Vaatjie" word beskou as die doyen van PUK-rugby, met betrokkenheid vanaf 1928 tot met sy dood in 1964. Die Fanie du Toit-sportterrein op die Oude Molen-landgoed is na hom vernoem. Voor: Prof. WN Coetzee, PW Bingle, "Oom Vaatjie", Toy Dannhauser (kapt), oom Jannie Schutte, Piet Steynberg en oom Jan Henning. 2de ry: Jan van der Schyff, HB van der Walt, Schalk Hoogenboezem, Carl Grundlingh, Bok Fourie en Piet van der Schyff. 3de ry: Koos du Plooy, Frans de Bruyn, Wilhelm de Waal en Miek Moolman. Agter: Leon Thom, De Wet Kruger, Herman Venter, Piet Bosman en Amie van Wyk.*

# 2.16 PIET VAN MAARLEVELD : "PIET FOTOKUNS"



*Die man agter die kamera.*

"Piet Foudies", soos die studente Piet van Maarleveld genoem het, het oor byna vier dekades heen die PUK kampus van hoek tot kant met sy driepoot en kamera bewandel en in die proses 'n foto-versameling opgebou – en eventueel nagelaat – wat nie net uniek is nie, maar waarin die beste gedeelte van veertig jaar se wel en wee van en op die PUK in beeld vasgelê is. Daarvoor behoort hy minstens 'n oorkonde van een of ander aard te kry – moes hy dit waarskynlik lank gelede reeds verkry het!

Wie van ons, wat korter of langer gedeeltes van die jare tussen 1958 en 1993 die PUK beleef het, sal ooit daardie skynbaar altyd windverwaaide Kaaskop met sy massiewe antieke kamera op die kampus vergeet! Veral aan die beginjare, toe hy nog sy afsprake oral met sy ewe antieke fiets nagekom het – te arm om 'n motor te besit?

En hoeveel sports is daar nie gemaak as Piet 'n groep konferensiegangers of sportspanne of watse groepe ookal moes afneem nie: aan die een kant, daar van voor af, hy wat Piet is, met al sy gebaartjies en streke net om reaksie van sy "gehoor" te ontlok, om glimlagte vir 'n mooi en gesellige foto te fabriseer; aan die ander kant, sy "objekte" met al hulle pittige sêgoed oor daardie snaakse Hollander agter die kamera op sy driepoot. Veral nog toe hy, nadat hy sy groep met groot moeite opgestel het, vinnig onder die swart doek wat sy toestel oordek het, moes induik om die nodige knoppies te druk.

Piet Fotokuns het drie keer groepfoto's vir Geskiedeniskonferensies geneem … en elke keer was dit 'n "happening", as 't ware 'n item van lekker ligte vermaak te midde van al die referate en dinees en ander dinge eie aan dié soort samekomste.

So byna komieklik was Piet se vertonings dat 'n amateurstudentjie, wat op daardie stadium met sy eie boks-kamera vir eie "konsumpsie" foto's van groepe afgeneem het in 1959 tydens die foto-sessie voor die hoofgebou nie die versoeking kon weerhou om Piet in aksie af te neem nie. 'n Meesterstuk – en Piet het dit onmiddellik ingesien *en sonder enige vergoeding hoegenaamd* hierdie unieke foto vir reklamedoeleindes gebruik!

Maar teen hierdie tyd was Fotokuns stewig op die Bult ingegrawe, was Piet reeds die amptelike fotograaf vir die PUK se jaarblad, *Besembos*.

Piet van Maarleveld is 'n rasegte Hollander. Gebore in die bekende Hollandse kaasstad Alkmaar, in 1928, waar hy ook sy skoolloopbaan voltooi het, het hy aanvanklik as laboratoriumassistent te Haarlem gewerk terwyl hy na-uurs 'n skeikundediploma verwerf het. Hierna gaan werk hy by die Instituut voor Kunststof in Delft en voltooi so tussendeur sy diensplig met die rang van sersant.

In 'n tyd toe emigrasie na Suid-Afrika so-te-sê die in-ding was, volg Piet in 1952 in 'n broer se spore en tree by African Cables in Vereeniging in diens. 'n Rukkie later skuif hy oor na Sasol as laboratoriumassistent. Intussen het sy verloofde, Ina, haar na twintig maande by hom aangesluit en, soos Piet dit self stel, moes hulle toe trou – anders moes sy, volgens visumregulasies, terug Nederland toe!

Op aandrang van dr. SP Ligthelm van Sasol (latere professor aan die PUK) en Ludi Schulze, later predikant en teologiese professor, het Piet hom in 1958 te Potchefstroom gevestig en 'n fotografiese ateljee op die Bult oopgemaak.

Piet vertel: "Ek het bitter min ondervinding van fotografie gehad, behalwe die skeikundige deel daarvan. My eerste foto's het ek met 'n goedkoop Yashika geneem." En omdat hy te veel op sy senuwees was, het hy iemand anders gevra om sy eerste graadfoto's te neem – hy het slegs die ontwikkeling gedoen!

Piet het vinnig geleer. Hy moes, want daar was sterk kompetisie in die vorm van twee gevestigde fotografiese ateljees en spoedig nog 'n derde in die dorp, wat voor Piet se koms in die fotografiese koek van die studentegemeenskap gedeel het. Ideaal geleë in die destydse

petieterig-klein ou sakegedeeltetjie van die Bult (vandag wil dié gebied uit sy nate bars!), het Piet sy advertensieveldtog grootliks op die studente toegespits.

Waarskynlik die heel eerste foto van hom wat in die studentekoerant verskyn het was 'n tipiese Fotokuns-produk van student Dries Yssel, 'n geposeerde studie in lig en donker, in die uitgawe van 20 Junie 1958. "Dries was een van my mees getroue ondersteuners", vertel hy later, en onthul dat Dries in 1961 geweier het om redakteur van *Díe Besembos* te wees indien hy wat Piet is nie die foto's kon neem nie!

"Fotokuns" se eerste beskeie advertensie ("U firma vir FOTOGRAFIE") verskyn in die eerste uitgawe van 1959, saam met dié van twee gevestigde firmas wat elk hulle s'n met 'n graadfoto van 'n student opkikker. Piet leer egter vinnig en op 17 April is sy advertensie ook versier met 'n graadfoto van "Wit Lou" van Wyk!

Met sy advertensies het Piet probeer en uitmuntend daarin geslaag om tot die studente deur te dring. Op 2 Maart 1960 benut hy die ontgroeningskultuur met slagspreuk "Wie's ek?", wat dan slim opgevolg word met "FOTOKUNS Meneer!". 'n Maand later: "GEKYS/VERLIEF/VERLOOF … Dan moet daar 'n foto bokant u bed hang – natuurlik deur FOTOKUNS geneem!" Rondom Uniefeesvieringe in Mei 1960 belowe en lok hy: "'n Stel foto's van elke universiteitsgebou is na Uniefeesvakansie 1960 beskikbaar … en 'n gratis grammofoonplaat vir elk 10 wat aangekoop word!"

By die aanbreek van 'n nuwe jaar lui dit: "Sterkte vir hierdie studiejaar, Vriende!" – met 'n treffende ontgroeningsfoto daarby! As dit gradedag is, spoor hy weer aan: "Gou! Vinnig! HARDLOOP! … om teleurstelling te voorkom!" Wanneer vakansietyd aanbreek, spreek hy gewetes aan [dalkies is daar slegte uitslae!] : "Laat maak 'n portret en verras jou ouers." In die uitgawe pas nadat Vreugdedag gevier is, adverteer hy "gefotografeerde aandenkings" deur studente te herinner: "Vreugdedag is nog nie verby ... nie".

Sommer in sy tweede jaar maak hy die deurbraak en kry hy die kontrak vir foto's van *Díe Besembos*. Daar sou nie weer teruggekyk word nie: Piet het die subtiele sielkundige oorlog teen Potch se ander fotograwe gewen en die Bult verower!

Hy het sedertdien nie net foto's vir *Díe Besembos* geneem nie, maar ook vir *Díe Wapad* en by feitlik alle sosiale en akademiese geleenthede aan die PUK. Hy het ook begin spesialiseer in gradedagfoto's, ontgroeningsgeleenthede, koshuisfunksies, intervarsities – die hele spektrum van die studentelewe is deur sy lens beloer en op foto's vasgelê.

Gevra na oomblikke wat hy nie maklik sal vergeet nie, het Piet verwys na die dag toe hy die Puk se eerstespan voor die hoofgebou moes afneem. "Studente van 'n naburige koshuis het met spieëls uit hul koshuiskamers op my kamera geflits sodat ek omtrent niks kon sien nie.

*Piet saam met proff Willem Scott (registrateur) en Piet van der Schyff (Universiteitsargivaris) kort voor sy uittrede in 1998.*





*Piet Fotokuns in die PUK-Argief, besig met die ordening van sy waardevolle versameling negatiewe.*

Die eindresultaat was 'n dowwe foto met sulke vaal kolle." Hierdie foto, met die verhaal daaragter, het 'n ereplek in Hans van Zyl se boek **PUK Rugby 1906-1989** gevind. Dit was toe al die tyd Gathland se inwoners wat vir die "beligting" op sekere spelers gesorg het!

In 1983 word byna triomfantelik deur die studentekoerant aangekondig: "OOM PIET WORD 'n PUK!" Mnr. Piet van Maarleveld – om hom by sy minder bekende naam te noem – is naamlik aangestel as Hoof: Fotografiese Dienste, met taakopdrag die uitleg van brosjures en jaarblaaie en fotografie in die algemeen. Hy sou ook verantwoordelik wees vir reklamefoto's vir deursending na die pers.

Teen die einde van 1993 het Piet afgetree, maar sy dienste is onmiddellik deur die pasgestigte Universiteitsargief (PUK-Argief) opgeraap om die fotografiese aspek van die argief op die been te bring. Sy vernaamste taak was om die derduisende negatiewe wat hy oor talle dekades van PUK-persone en aksies op kamera vasgelê het te identifiseer en te orden. Hy het hierdie taak met uiterste nougesetheid aangepak en in die proses 'n uiters kosbare nalatenskap tot stand gebring.

In sy laaste jare het Piet homself openbaar as 'n groot kampvegter vir die handhawing van Afrikaans in die nuwe Suid-Afrika, en as koster van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Noord fassineer hy nou nie meer die studente nie maar bloot net 'n ander, ietwat besadiger gehoor …

Inderdaad – 'n PUK-karakter, 'n legende deur en deur!

# 2.17 MGL (GUSTAV) BOSMAN : "PROF. BOSSIE VAN DIE BOSVELD"



*"Prof. Bossie"*

In sy tyd was mnr. MGL (Gustav) Bosman sekerlik een van die bekendste persoonlikhede wat op die PUK-kampus rondbeweeg het. En om rond te beweeg, was inderdaad sy primêre taak en funksie – synde nie verniet vir dekades lank die Superintendent van Terreine en Geboue nie.

"Mnr. MGL Bosman?", sal menigeen dalk met opgetrekte wenkbroue vra: "Wie was hy dan?"

Noem egter net die naam "prof. Bossie", en 'n helder en klare lig daag in die oë. Ja, inderdaad, wie van almal wat hom geken het, sal dan ooit vir "prof. Bossie" kan vergeet!

Mnr. Bosman is sedert 1937 aan die PUK verbonde. By sy benoeming as opsigter, in Mei 1937, was een van die diensvoorwaardes dat hy sy eie gereedskap moes gebruik! In 1939 het hy egter uit sy pos bedank, maar het hy nogtans daarna op kontrakbasis gehelp met die bou van 'n washuis. In Maart 1946 het hy weer by die PUK in diens getree en was een van sy eerste take die aanlê van 'n voetbalveld "in die byekamp", een van twee velde op 'n terrein wat ook vir ander sportsoorte soos korfbal, bofbal en krieket gebruik kon word. Bygesê, natuurlik: die kontrak vir die byeboerdery, wat deur 'n buitestaander gehou is, is in hierdie tyd opgesê!

Maar werksomstandighede was ietwat beroerd. Toe hy wou begin werk, was daar nog nie 'n trekker en ploeg beskikbaar nie en moes dit vinnig aangekoop word. Weens die gebrek aan 'n lorrie het mnr. Bosman 'n week verlof gevra "sodat hy sy eie lorrie kan regmaak om self die grond ens. weg te ry wat weggery moet word".



***"Prof. Bossie" se huis en "landgoed" op die kampus grensende aan Hoffmanstraat, kan links bo-op hierdie lugfoto van die kampus gesien word. Die toegemaakte straat, wat die Bodensteingrond van die kampus geskei het maar pas tevore saam met hierdie grond aan die PUK oorgedra is, kan duidelik onderskei word.***

In die enjinkamer was daar groot tevredenheid met en vertroue in "prof. Bossie" se hantering van sake en die uitvoering van sy pligte. So was hy primêr verantwoordelik vir die uitlê van 'n nuwe sportterrein langs die dampad, totdat begin is met die bouwerk aan die wassery en nuwe losiesgeriewe (die latere Uitspan); toe het die Raad "die verantwoordelikheid vir die uitvoer van hierdie bouery" aan hom oorgedra. Maar hy mos "nog 'n oog in die seil hou" vir sover dit die sportvelde betref en die persoon wat benoem is om die werk aldaar voort te sit, mnr. Van der Walt, met advies en raad bedien. Vir die termyn van die bouery is sy salaris op £40 per maand, lewenskoste toelae ingesluit, vasgestel.

Bosman het desondanks die leeue-aandeel gehad in die uitlê van hierdie sportterrein. 'n Voorstel dat dit, na voltooiing, sy naam sou dra, is egter deur die Studenteraad geveto. Tussen die studente en "prof. Bossie" was daar nie veel liefde verlore nie … ***[Kyk afdeling 3.32, "Begrafnis" van "prof. Bossie"]***

Bosman is intussen ook as Klerk van Werke by die LO-gebou aangestel. Die nuwe koshuis (Uitspan) kon aan die begin van 1948 betrek word, nadat die PUK "etlike duisende ponde" bespaar het met die selfbouskema.

Teen hierdie tyd was daar sprake dat opsigterskap verdeel sou word tussen geboue en gronde, maar in Oktober 1948 is Bosman, wat skynbaar steeds op kontrakbasis vir die PUK gewerk het, formeel as Hoofopsigter aangestel. In die proses is, op voorstel van prof. Eiselen, die matriekkwalifikasie as vereiste vir die pos laat vaar. Bosman se salaris was £480 per jaar.

"Prof. Bossie" het gewoon in 'n huis wat byna op die suid-oostelike hoek van die kampus gestaan het en wat eers in die middel-sewentigerjare gesloop is om plek te maak vir die nuwe Sielkunde- en Opvoedkundegeboue. Dit was die terrein wat in 1945 van mnr. FH Bodenstein aangekoop is.

Kragtens die bevoegdheid wat sy pos aan hom verleen het, het "prof. Bossie" jaloers gewaak oor die PUK se terreine – tot kort voor sy uittrede nog. In Junie 1966 lees ons in die studentekoerant hoedat 'n aantal "sokkerspelers" hulle "duur bal" kwytgeraak het.




*"Prof. Bossie" (regs) saam met mnr. FJ Viljoen by sy nuwe Drott op die PUK-terrein … jaloerse oppasser en bewaker van die universiteit se eiendom.*

Hulle speel op een helfte van die grasperk voor die Ferdinand Postma-Biblioteek en word aangesê om 'n ander speelplek te gaan soek. Hulle skuif oor na die ander helfte. Die berig lui dan verder: "Mnr. Bosman, onder studente bekend as prof. Bossie, het weer sy verskyning gemaak en die bal het daarna saam met hom verdwyn. Mnr. Bosman is by die Tegniese Departement genader deur inwoners van Ons Huis. Die Rektor, prof. H.J.J. Bingle, wat toevallig teenwoordig was, het die studente deeglik oor die kole gehaal. Hy het ook geweier om die bal terug te gee. Die bal kos glo sewe rand."

Op sy oudag, en op 'n siekbed kort voor sy dood, het oom Bossie met nostalgie teruggedink aan prof. Ferdinand Postma, met wie hy dertien jaar saamgewerk het. Self nie in staat om die huldigingsfunksie ter ere van Postma in 1977 by te woon nie, laat weet hy per brief via sy vrou "dat die saamwerk op die terrein met wyle prof. Postma vir mnr. Bosman 'n groot voorreg was – en hou net mooi herinnerings in".

Ja, postuum is dit miskien tog die beste beskrywing of betiteling van hierdie legendariese figuur in die PUK-annale. 'n Man van die veld, 'n man van die aarde wat lief was vir die grond, wat genot geput het uit handewerk en toe sy laaste lewensjare in die bosveld gaan slyt het. Daar in Boshoek, Rustenburg – en diepseun-sanger Koos du Plessis – se wêreld. ***[Kyk ook afdelings 3.31 en 3.32]***

# 2.18 TT (THEUNS) CLOETE : "GESTREMDHEID HET MY VLEUELS GEGEE"



*TT Cloete … studeertafelmens*

En toe lewer die PUK 'n tweede Totius op! En tog … 'n unieke mens!


Totius (oftewel prof. JD du Toit) se naam was in die vorige eeu feitlik sinoniem met dié van die PUK en hy is geroem as seker die vernaamste "uitvoerproduk" wat hierdie inrigting in sy tyd en vir lank daarna opgelewer het. Sy roem en sy faam het gesetel in sy volksdigterskap en in sy reuse-aandeel in die vertaling van die Bybel in Afrikaans en in sy Psalmberymings.

In 2002 word die PUK se Kanseliersmedalje toegeken aan TT Cloete 'ter erkenning van sy monumentale aandeel in die skepping van 'n omdigting van die Psalms in Afrikaans". Die hoë lof en verskeie bekronings maak dat hy onthou sal word as omdigter van die Psalms aan die einde van die twintigste eeu, en is sy naam saam met dié van Totius in die annale van die PUK verewig as mede-Potchefstromer "wat sowel die digterlike vermoë as die diep geloof gehad het om die Psalms in berymde vorm te kon giet".

Maar … TT Cloete was veel meer as net 'n Psalmberymer. Luister net wat word van hom gesê toe hy in September 1986 'n eredoktorsgraad van sy Alma Mater ontvang: "Sy akademiese geskrifte getuig van 'n fenomenale belesenheid, 'n fyn onderskeidingsvermoë en 'n helder insig in alle literêre genres, die poësie, die prosa en die drama, sowel wat die Afrikaanse as die Nederlandse letterkunde betref. As literêre kritikus word daar steeds na hom geluister en sy opvattings word in literêre kringe as toonaangewend beskou. Die feit dat hy daarby ook skeppend te werk gaan in al drie genres … maak van hom 'n unieke mens in ons land."

Theuns Cloete was teologiese student in sy eerste jaar aan die Universiteit van Pretoria; 'n fikse jong man, 'n atleet en rugbyspeler wat sy liggaam met oefeninge van die destyds bekende Tromp van Diggelen in puik kondisie gehou het. Toe tref dit hom, uit die bloute, Oukersaand 1943 … die destyds gevreesde siekte polio!

Tydens sy siekbed het hy baie gelees en groot belangstelling in die letterkunde ontwikkel. Toe hy dermate herstel dat hy sy studies kon voortsit wend hy gevolglik sy skredes na die PUK. Hier op Potchefstroom het hy nie juis deel gehad aan buitemuurse aktiwiteite nie: "My gestremdheid het baie daarmee te make gehad dat ek 'n studeertafelmens geword het. Dit het my op tou geslaan, dit het my vasgepen. Tog was ek nie met die liggaamlike verleentheid totaal verleë nie. Ek dink dit het my weggehou van dinge wat my kon verlei."



*In sy studeerkamer, besig om deur pryswennende drama "Onderhoud met 'n bobbejaan" te blaai. Hier is Cloete op sy gelukkigste …*

By 'n ander geleentheid sê hy dat sy siekte, soos vir Job, ook 'n genade was: "Dit het my aan die een kant hokgeslaan, maar het ruimskoots vergoed en het my vleuels gegee."

Sy verleentheid het sy geleentheid geword, en só behaal hy die MA-graad in Afrikaans (met lof). Sy doktorsgraad, ook met lof, word by die Gemeentelike Universiteit te Amsterdam verwerf, met die vermaarde digter/skrywer NP van Wyk Louw as promotor. Hy keer as dosent terug na die PUK, beklee vanaf 1965 tot 1970 'n professoraat aan die Universiteit van Port Elizabeth om dan weer, vanaf 1971 tot met sy uittrede, in diens van sy Alma Mater te staan. In 1984, met sy sestigste verjaardag, is op 'n spesiale funksie en met 'n spesiale bundel hulde gebring aan Cloete "as gewaardeerde vriend, kollega, literêre vakman en kunstenaar".


Vir sy digterlike talent het Cloete twee keer die gesogte Hertzog-prys ontvang, drie maal die WA Hofmeyr-prys, asook die Ingrid Jonker-prys, die Louis Luyt-prys, die CNA-prys, die Rapportryers-prys en die Rapport-prys. Hy ontvang ook die SA Akademie se Gustav Preller-prys vir Literatuurwetenskap en Letterkundige Kritiek. Cloete was 'n gesiene lid van die SA Akademie en het onder meer in die raad daarvan gedien, asook in verskeie regeringsliggame en opvoedkundige en onderwysliggame. Die Staatspresident se Orde vir Voortreflike Diens (OVDG) is in 1992 aan hom toegeken vir sy skeppende skryfwerk, sy wetenskaplike navorsing en sy algemene kulturele bydrae. In dieselfde jaar het hy ook 'n eredoktorsgraad

van die PUK ontvang.

TT Cloete het die vakgebied Algemene Taal- en Literatuurwetenskap in Suid-Afrika gevestig, eers aan die Universiteit van Port Elizabeth (in 1965) en aan die begin van die sewentigerjare aan die PUK. Hy was ook die leier van 'n omvangryke RGN-projek waaruit 'n standaardwerk oor literêre terme en teorieë beslag gekry het.

Cloete het eers betreklik laat in sy loopbaan sy debuut as digter gemaak en wel op 56-jarige leeftyd. 'n Ernstige trombose-aanval en 'n opmerking van sy vrou Anna, dat hy haar tog nie met 'n papierboedel moes agterlaat nie, was die dryfveer tot publikasie en só sien die bundel *Angellíera* in 1980 die lig. Vyf jaar later maak hy sy buiging as dramaturg met die drama *Onderhoud met 'n bobbejaan*, waarin die tussenspel van die mooie en die lelike in die mens se potensiaal om 'n vol lewe te lei uitgespel word.

Behalwe die taalwetenskap en boeke en gedigte en dramas, is daar nog etlike ander fasette van die lewe van hierdie groot skrywer en digter wat 'n mens fassineer, soos sy liefde vir diere, wat van hom 'n baasteler van verskeie hondesoorte en van Bantam-hoenders gemaak het. Cloete is ook 'n groot liefhebber van musiek en beskik oor 'n unieke versameling klassieke plate – wat agtergrondmusiek bied vir daardie lang nagte agter die skryftafel of in die motor as hy en sy geliefde Anna op reis gaan. As hy 'n talent kon kies, sou dit eerder in die lyn van musiek of die skilderkuns gewees het, bely hierdie groot woordkunstenaar.



T.T. Cloete

Die Puk vereer sy bekendste digter

Prof TT word dramaturg

TT Cloete ontvang weer die Hertzogprys

WAT baie digters in 'n leeftyd nie regkry nie, doen TT Cloete sommer twee keer in ses jaar!

Prof. TT het vanjaar vir die tweede keer die gesogte Hertzogprys vir poësie met sy bundel *Met die aarde praat* gewen. Hy het in 1987 ook dié prys met die bundel *Allotroop* verower.

PROF. TT CLOETE twee keer Hertzogprys-wenner.

Prof T T Cloete word vereer

Prof TT Cloete, bekende digter en tot onlangs nog dosent aan die PU, vier op 31 Mei sy sestigste verjaarsdag. 'n Huldigingsfunksie is vroeër die maand ter ere van hom gehou.

*Prof TT Cloete in gesellige luim saam met proff J Chris Coetzee en HJ Schutte*



En op sy dag was hy ook 'n tuinier van formaat – met een van die mooiste tuine in Potchefstroom. By dit alles besit hy ook nog 'n skulp- en antieke bottelversameling!

Hegte familiebande is 'n kosbare kleinood in die gloed waarvan hy homself koester. Tog hou hy ook van mense, gewone mense, en is hy sterk gekant teen die sogenaamde broeikasgedagte. Van sy grootste lekkertes was om saam met ervare vissermanne diepseehengel te beoefen: "Dit het my daarvan verlos dat ek kon dink dat alles lyk soos dit op Potchefstroom lyk, of soos in 'n klaskamer, studeerkamer of biblioteek."

"Cloete is by uitstek Christen-literator", lui dit in die sitaat vir die toekenning van die eredoktorsgraad. Op sy beurt is die ontvanger ook erkentlik: Die PUK het hom goed behandel, getuig Cloete, en die Christelike karakter daarvan het by hom ingepas, en hy dáárby.

*Theuns en Anna Cloete … hegte verhouding tussen hulle.*



# 2.19 PD (PIETER) DE VILLIERS : MUSIEKMAN IN MURG EN BEEN


*Pieter de Villiers*

Sy voorletters is minder bekend, eintlik nie ter sake nie: hy is maar net die een en enige Pieter de Villiers, musiekman in murg en been. Sy oupa, Dirk de Villiers, was vir 40 jaar lank die orrelis op Wellington en sy oom, ds. ML de Villiers, was in 1924 (Pieter se geboortejaar) die toonsetter van Langenhoven se "Stem van Suid-Afrika'', welke lied vanaf 1938 tot 1994 die amptelike volkslied van Suid-Afrika was en vandag steeds gedeeltelik dié status het. Dié musiekmilieu was die teelaarde vir sy latere ontwikkeling as pianis, klawesimbelspeler, orrelis, begeleier, koorleier en komponis. Hy het ook diep spore getrap as dosent en as beoordelaar by musiekkompetisies.

De Villiers het sy opleiding aan die universiteite van Pretoria en Stellenbosch ontvang en sy loopbaan in 1948 as dosent by die konservatorium van laasgenoemde inrigting begin. In dié tyd tree hy ook as pianis saam met die Kaapstadse stadsorkes op. Hy woon ook die Royal Academy of Music in Londen by voordat hy vanaf 1954 tot 1961 musiek aan die PUK doseer. Hierna is hy vir 'n jaar lank aan die Musiekdepartement van die SAUK verbonde, 'n tyd wat hy beskou as "die intermezzo in my lewe … baie nuttig en belangrik". Nou volg vyf jaar by die Universiteit van Pretoria en dan is dit weer terug Potch toe, om die PUK se ander groot musiekgees, wyle prof. MC Roode se plek te vul. Na sy aftrede einde 1983 het hy en sy vrou hulle op Stellenbosch gevestig.

As komponis het Pieter de Villiers veral roem verwerf met sy toonsetting van *Sewe Boerneef-liedjies*, gedigte uit die pen van dié gevierde Afrikaanse digter. Maar ook van ander bekende digters soos Adam Smal, C Louis Leipoldt, oom IL de Villiers, Elizabeth Eybers en DJ Opperman.

De Villiers se gewildheid blyk onder meer uit spesiale komposisie-opdragte wat hy van verskillende instansies ontvang het: van die SAUK vir die Langenhoven-eeufees in 1973, van TRUK vir die opening van die Staatsteater in 1981 en vir die Eeufees van Johannesburg in 1986. Hy was ook een van tien komponiste wat deur die SAUK versoek is om toonsettings van Totius se gedigte te lewer tydens die Totius-eeufees in 1977. Ander opdragwerke is gelewer vir die FAK, KRUIK, die Stigting vir Skeppende Kunste en die Roodepoortse Internasionale Eisteddfod.

De Villiers se statuur blyk ook uit sy optrede as hoofkoorleier tydens die Afrikaanse Taalmonumentfees in Augustus 1975 by die Voortrekkermonument saam met 'n massakoor van meer as duisend stemme wat deur homself afgerig is. Saam met die gevierde sopraan Mimi Coertze het hy ook gereeld gewilde toonsettings van Psalm 23 uitgevoer. Ander erkende medewerkende sangers sluit onder meer in Werner Nel, Rina Hugo en die befaamde Universiteitskoor onder leiding van Awie van Wyk.

Dit het dalk al effens in die vergetelheid weggesak, maar Pieter de Villiers was ook die stigter van hierdie koor in Maart 1971. By die stigting het De Villiers uitdruklik verklaar dat die koor nie as opposisie teen Alabama of Thalia bedoel was nie maar bloot omdat daar 'n groot behoefte bestaan het. Die koor het 'n luisterryke debuut in September 1971 gemaak en sedertdien nooit weer teruggekyk nie. Onder die latere leiding van Awie van Wyk het dit tot een van die groot uitstalvensters van die PUK uitgegroei.

By sy formele uittrede uit die akademie, einde 1983, kon Pieter de Villiers terugkyk op 'n "fantastiese lewe". En het hy 'n stukkie advies deurgegee: "Vir die jongmens wil ek sê: As jy uiteraard talent het, en bereid is om hard te werk, is daar vir jou 'n menigte moontlikhede in die musiekwêreld." Ná sy uittrede het hy voortgegaan met sy taak as begeleier en musikus met komposisies, nou op stokperdjiebasis, omdat hy gevoel het dat hy steeds betaal word om dit te doen – hy kry dan pensioen!



*Pieter de Villiers saam met Mimi Coertze en rektor Hennie Bingle, tydens 'n konsert van Mimi in die konservatorium by die PUK in 1975. De Villiers het haar begelei en by dié geleentheid 'n splinternuwe komposisie, wat spesiaal vir die Afrikaanse Taalfees later dié jaar gekomponeer is, bekendgestel.*

# 2.20 JD (JOHAN) VAN DER VYVER : APOSTEL VIR MENSEREGTE



*Johan van der Vyver*

Reeds as student het Johan van der Vyver sy merk gemaak as skerp analis wat met groot welsprekendheid sy punt kon maak en sy meestal oorwoë standpunt helder en duidelik aan sy destydse oorwegend studentegehoor kon oordra. Hiervan getuig die derde plek wat hy in 1955 in 'n redenaarskompetisie aan die PUK behaal, ná ander PUK legendes Tjaart van der Walt (eerste) en André P Brink (tweede), en die feit dat die presidentskap van die uniale Afrikaanse Studentebond vir twee termyne (1957 en 1958) aan hom opgedra is.

As student figureer hy veral in 1955 sterk, as redaksielid van *Die Pukkie*, voorsitter van Thalia en penningmeester van sowel die ABKK as die Studenteraad. In 1954 en 1955 haal hy as spreker die foto van die Debatsvereniging, en in sy eerste jaar, 1953, sit hy ewe trots as kaptein van die Onder 19B-rugbyspan, tussen dr. Isak ("Wild Bill") Fourie en mnr. Daan Erasmus.

Veral as president van die Afrikaanse Studentebond (ASB) vir twee termyne (1957 en 1958), het Johan wyer bekendheid verwerf in 'n tyd toe hierdie studentevereniging se onderskraging van die destydse regering se beleid van apartheid skerp in die kolig gekom het. Johan was een van etlike studenteleiers wat die drie professore wat in 1959 vir die sogenaamde "professorale rebellie" aan die PUK gesorg het, met hulle uitlatings oor die apartheidbeleid, skerp veroordeel het. Een van dié professore was sy dosent in Regte, prof. LJ (Wikus) du Plessis.

Van der Vyver het op hierdie tydstip nog geywer vir die behoud van die seksionele, kulturele aard en grondslag en vir die behoud van die rassebeleid van die ASB, hoewel hy maar 'n geringe kans gesien het vir die volle verwesenliking van die ideaal van segregasie. In sy laaste jaarverslag het hy groter belangstelling vir Suid-Afrika as deel van 'n groot, ingewikkelde wêreldpatroon en kennis van toestande buite die landsgrense bepleit.

Johan het die grade BComm, LLB en Hons BA (Filosofie) aan die PUK behaal en is in 1958 as dosent in die fakulteit Regte aan sy Alma Mater aangestel.

As professor in Regsfilosofie en vir 'n tyd lank dekaan van die Regsfakulteit, was Van der Vyver ook verantwoordelik vir die instelling van 'n kursus in Menseregte aan die PUK – die eerste sodanige kursus aan 'n Suid-Afrikaanse Universiteit. Hy was ook instrumenteel in

*In 1960 was Johan (heel links) bestuurder van die Theos Rugbytoerspan na Natal en Oos-Kaapland. Die ander manne is Miek Moolman, Piet Bingle, Jan van der Schyff, Groot Frans de Bruin, Toy Dannhauser, Bok Fourie, Piet Bosman, Danie van Niekerk, Carl Grundlingh, Piet van der Schyff, Lou Erasmus, Piet Steinberg en Leon Thom.*



die daarstelling van die tydskrif *South African Journal on Human Rights* in 1985, was die skrywer van 'n hele aantal wetenskaplike boeke, 'n menigte wetenskaplike en populêre artikels en talle boekresensies.

In 1971 het Van der Vyver navorsing gedoen aan die Universiteit van Columbia in New York en aan die Universiteit van Michigan (Ann Arbor). In 1976 word hy die eerste PUK wat deur die State Department van Amerika uitgenooi word om besoek aan dié land te bring en het hy sy kennis oor menseregte verder verbreed. Sy baanbrekerswerk, die boek getiteld *Die beskerming van menseregte in Suid-Afrika*, is in 1978 deur die SA Akademie met die Toon van den Heever-prys bekroon.

Toenemende kritiek teen die Suid-Afrikaanse regstelsel en teen die destydse regering se toepassing van die apartheidbeleid, sowel as interne kritiek op die PUK, teen wat hy as sensuur op akademici bestempel het, het Van der Vyver in die laat sewentigerjare in botsing met die PUK-owerhede gebring. Dit het kort hierna tot sy bedanking en diensaanvaarding by die Universiteit van die Witwatersrand gelei. Midde-in die destydse woelinge was dit sy uitgesproke wens om in vrede van die PUK weg te gaan.

Johan van der Vyver, soos enkeles vóór hom ook 'n profeet wat nie in sy eie land geëer is nie, het ver paaie begin loop, wég van die PUK af ...

Die Wits-kampus was wel net 'n hanetreetjie verwyderd van Potchefstroom, maar wat politieke klimaat betref sou hy met sy verligte standpunte hom veel gemakliker dáár kon tuismaak – nieteenstaande die feit dat die winde van verandering tog geleidelik begin waai het op die PUK kampus. By Wits, die universiteit wat in sy ASB-dae as die broeines van die liberalisme met hand en tand bestry is, het Johan van der Vyver ontwikkel tot internasionaal-gerekende kenner van menseregte, en in 1993 het die Universiteit van Zoeloeland 'n eredoktorsgraad aan hom toegeken.

In 1995 het Johan sy draai letterlik ver en wyd gaan maak en is hy aangestel as IT Cohen-professor in Volkereg en Menseregte aan die regskool van die Emory Universiteit in Atlanta, VSA.

Intussen het die wiel op die PUK ook sy omwenteling gemaak, binne die nuwe Suid-Afrika van transformasie en verandering. Die winde van verandering, wat in die jare sedert Van der Vyver se vertrek in Potchefstroom al hoe sterker teen die regering se skeidingsbeleid aangestorm het, het ook op die PUK-kampus ingrypende gesindheidsveranderinge teweeggebring. En so

*"Afsonderlike ontwikkeling het misluk."*


CACHET APTEEK
Plus Apteek
...STRAAT 92
Tel. 4201
...t genoeg om u te ... klein genoeg om ...ken

die WAPAD

IN U LIG SIEN ONS DIE LIG

ASPU

AMPTELIKE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. vir C.H.O.

JAARGANG XXXII NOMMER 7 24 JUNIE 1977

PUKKE! Vir u kleurbaadjies en sportbenodigdhede: Johan Claassen Broers

# AFSONDERLIKE ONTWIKKELING HET MISLUK

Deur Christiena Pelser

**...d van afsonderlike ontwikkeling soos deur die Nasionale Party beoog is, het misluk. Die Nasionale Party het hierbenewens ...id om die plek van afsonderlike ontwikkeling te stel nie. Bogenoemde is van die stellings wat deur Prof. van der Vyver, voor- ...SB-President, op 'n onlangse vergadering, wat deur die Studenteraad aangebied is, gemaak.**

...s Prof. van der ...erskans die Afrika- ...self in 'n muur van ...ighede deur die be- ... die Nasionale Party ...voorbehoud na te ... jouself in die posi- ...die Bantoe in Suid- ...e stel beteken om

die wêreldopinie teen die verdeling van Suid-Afrika in tuislande kan deels aan die Nasionale Party self toege-skryf word.

Wat gaan van die stede-like Bantoe, Indiër en Kleur-ling word? Oor hierdie uiters belangrike sake het die

Prof. Van der Vyver doen 'n ernstige beroep op die stu-dente om op die komende ASB-kongres hulle van hier-die stigma los te maak en ernstig te besin oor die toe-koms van ons land.

Volgens 'n ander spreker, Mnr Liebenberg, is segrega-

alternatief vir die tuisland-beleid as metode van vreed-same vooruitgang is nie, in ag genome die samestelling van ons swart bevolking, hul uit-eenlopendheid van kultuur, taal, ens., asook ervaring el-ders in Afrika.

*Prof. van der Vyver, "Die Nasionale Party het geen beleid om in die plek van afsonderlike ontwikkeling te stel nie". Foto: Jaco Pretorius.*


gebeur dit dat die PUK-Alumni oorkonde in dieselfde jaar was wat hy sy skrede oorsee wend, aan hom toegeken word en wel vir die voortreflike diens wat hy oor baie jare aan die PUK en die breë gemeenskap gelewer het.

Nee, nog meer: in 2003 stap Johan van der Vyver op die verhoog om 'n eredoktorsgraad van sy Alma Mater te ontvang. Hy het in 1979 onder 'n wolk van verdenking en verwyte oor "radikale" sieninge weggegaan, nou is hy met glans en fanfare terugverwelkom.


Die rooi tapyt is uitgerol. Johan het as gasdosent in die fakulteit Regte opgetree, lesings in die fakulteite Teologie en Lettere/Wysbegeerte aangebied en selfs 'n gedenkbundel van die tydskrif *Koers* ontvang ter erkenning van sy status as akademikus van buitengewone formaat.

'n Verlore seun, nee, eerder 'n eens verwerpte seun, is in sy ouerhuis terug ontvang. Maar dis nie meer die ou ouerhuis nie, nee: dit is intussen gemoderniseer om in te pas by 'n heel nuwe Suid-Afrika wat in 1994 sy beslag gekry het. 'n Huis waarin Johan, met sy sterk sieninge oor menseregte, hom baie meer tuis gevoel het as in die apartheidsgerigte gebou waarin hy grootgeword het …

*Johan van der Vyver ontvang die PUK se Alumni-oorkonde van mnr. Bennie Howard, voorsitter van die Bond van Oud-Pukke, in 1995. Ook teenwoordig is kanselier FW de Klerk en rektor Carools Reinecke.*



# 2.21 JS (FAAN) DU PLESSIS : "WARE AFRIKANER-ARISTOKRAAT"



*Prof. JS du Plessis*



*Oom Faan en tant Suzie du Plessis … " mense sonder maskers".*

Prof. Tjaart van der Walt het die bekende digter NP van Wyk Louw se omskrywing van 'n aristokraat op prof. Jacobus Stephanus du Plessis (1919-1992) van toepassing gemaak en hom by sy uittrede in 1984 bestempel as 'n "ware Afrikaner-aristokraat"; die PUK kan hom gelukkig ag dat hy vir byna 'n halwe eeu die ware aristokratiese lewenshouding van "Oom Faan" kon ervaar.

Eerstejaar in 1936, het Faan du Plessis in 1940 tot die onderwys toegetree. Met deeltydse studie het hy sy MA in geskiedenis in 1945 verwerf, waarna hy eers tydelik in afwesigheid van prof. AJH van der Walt, en toe permanent vanaf 1947 as dosent in die Geskiedenisdepartement aangestel is. Saam met prof. DW ("Daantjie Donder") Krüger het hierdie gedugte tweemanskap 'n stewige Geskiedenisdepartement verder uitgebou. Faan het ook Staatsleer gedoseer en sy MA-graad in dié vak in 1948 verwerf, deur die Universiteit van Suid-Afrika. En toe word die kroon gespan met sy doktorsgraad in geskiedenis in 1953. Tien jaar later word hy bevorder tot hoogleraar.

Met die uittrede van prof. Krüger einde 1966 het prof. Du Plessis departementshoof geword; in 1972 is hy aangewys as dekaan van die fakulteit Lettere en Wysbegeerte en vanaf die begin van 1978 as viserektor – 'n eerste sodanige ampsbekleër vir die PUK.

Binne vakverband was prof. Du Plessis 'n gerekende man en het hy vir baie jare met groot onderskeiding gedien op besture van belangrike nasionale liggame soos die Suid-Afrikaanse Historiese Vereniging, die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede en die Suid-Afrikaanse Argiefkommissie.

Prof. du Plessis het ook 'n vryetydse verbintenis van meer as dertig jaar met die Burgermag gehad waar hy van kommandant gevorder het tot brigadier. Hy kan onder meer beskou word as die vader van die regiment Mooirivier, op sy tyd een van die grootste pantserkarregimente in die land. Vier besondere toekennings het na sy kant toe gegaan: die Suiderkruis-medalje, die John Chard-medalje, die Aanprysings-medalje van die hoof van die Suid-Afrikaanse Weermag en die Langdiens-medalje: Goud.

Prof. Faan was ook 'n baie gemoedelike mens en soms geneig om selfs 'n platjie te wees. Hy en boesemvriend prof. Floors du Plooy het dikwels die draak gesteek met mekaar. So stap hulle twee agtermekaar die ouderlingsbank in, neem plaas. Maar o wee! Floors het sy psalmboek by die huis vergeet. Buig oor, fluistervra vir Faan: "Kan ek dalk saam met jou sing, my psalmboek ….?" Maar Faan se boek is self nie teenwoordig nie, en hy fluister só aan Floors terug, met die toevoeging: "Ek sing sommer maar uit my kop uit."


Weer Floors: "Kan ek maar saam met jou uit jou kop uit sing?"

*'n Bestuurskomiteevergadering, kort voor "Oom Faan" se uittrede. Van links sit prof. Rassie Smit (registrateur), prof. Tom van Dyk (viserektor Vaaldriehoekkampus), prof. Faan du Plessis (viserektor), mnr. At Engelbrecht (registrateur, Finansies en Bedryf), prof. Nic Swart (viserektor) en prof. Tjaart van der Walt (rektor)*



In 'n huldigingsuitgawe van die oudstudenteblad PU-Kaner, by prof. Faan se uittrede aan die einde van 1984, is 'n ou Sjinese spreekwoord aangehaal: "Sommige mense verdien respek omdat hulle hoë posisies beklee – dit is goed; andere verdien respek omdat hulle mense is – dit is beter." Prof. Faan bevind hom onder hierdie "andere".

Die PUK se eie groot digter, TT Cloete, het ook hulde gebring aan prof. Du Plessis:




Hy't alles van 'n egte heer:
die helder en oop gesig,
die sterk gestalte atletiesgerig.
Die heer in hom het ons regeer.


Sy beminde vriendelikheid
is 'n vorm van groot krag;
en by hom was edel en sag
elemente van 'n sterk beleid.

*"HOMMAGE a' J.S. du Plessis" deur TT Cloete.*



*Prof. Faan gesels hier met oud-Geskiedenisstudent Okkie Oosthuizen, kort nadat Okkie Springbokkleure in rugby verwerf het. Regs is Elíze en Piet van der Schyff.*

# 2.22 CJ (CAROOLS) REINECKE : STREWER NA UITNEMENDHEID



*Carools Reinecke*

"Prof. Tjaart het bedank, is Sanlam toe!" … "Die PUK is rektorloos, o wee! Wie is daar om in Tjaart se skoene te stap?"

Dit was wel destyds, in 1988 – minstens in sommige kringe – die gevoel en die vrese. Maar, "as die uur slaan, tree die man aan", en dit het nou ook weer hier gebeur.

Op 1 Januarie 1989 het Carolus Johannes Reinecke, deur die Raad van die PUK as opvolger vir prof. Tjaart benoem, diens aanvaar – en dertien jaar later, op 31 Oktober 2001, het hy sy amp as hoofuitvoerende beampte van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys neergelê. In dié dertien jaar het hy nie net die PUK uit die een millennium in die ander ingelei nie, maar het hy ook met groot sukses die PUK tydens die oorbruggingsperiode tussen die ou en die nuwe Suid-Afrika, met al sy pyne en slaggate, bestuur.

Die jonge Carools was in 1960 'n eerstejaar aan die PUK.

Anders as in die geval van so baie ander PUK-legendes, tref 'n mens nie Carools se naam en foto tussen dié van die studenteleierskorps van sy tyd aan nie. Afgesien van blote sosiale meelewing, was die akademie vir hom 'n hoë prioriteit. Sy uitslae getuig dan ook van hierdie toewyding: BSc (1962) met onderskeiding, Honneurs in Chemie (1963) met onderskeiding, MSc (Fisiese Chemie) in 1965, met onderskeiding. Hierbenewens bekwaam hy hom verder in Biochemie en met 'n aanstelling as dosent in sy sak begeef hy en Drienie (Venter) as pasgetroudes hulle aan die begin van 1966 na Nederland waar hy sy doktorsgraad in Julie 1968 aan die Universiteit van Leiden verwerf.

By sy terugkeer vestig hy Biochemie as nuwe vakgebied aan die PUK en word hy in 1972 as senior lektor hoof van die departement, om twee jaar later tot professor bevorder te word. Hy het hierdie departement so kragdadig uitgebou dat dit groot aansien in Suid-Afrika en ook internasionaal geniet het. Vanaf 1983-1985 is hy dekaan van die fakulteit Natuurwetenskappe waarna hy in November 1985 as viserektor (akademie en studente) aangewys word.

Pas drie jaar later kom die roepstem om prof. Tjaart se stoel vol te sit… En hy het dit goed gedoen.

Carools Reinecke se grootste bydrae as rektor van die PUK lê waarskynlik in sy leiding in die strewe na kwaliteit hoër onderwys en in sy vermoë om nuut te dink. Prof. Albert Viljoen, wat vir 'n lang tyd as viserektor in die span getrek het, verwoord dit só: "Dit was sy oortuiging dat 'n universiteit ten taak het om die ontwikkeling van kennis en die oordrag daarvan deur sy opleidingsprogramme op die hoogste vlakke van uitmuntendheid tot uitvoer te bring. Hy het die wese van die hoër onderwys goed verstaan omdat hy self as akademikus op hoë wetenskaplike vlakke gefunksioneer het."

'n Ander spanlid, wyle prof. Willem Scott (registrateur en later viserektor) wys daarop dat Reinecke ten opsigte van akademiese kwaliteitsbevordering selfs op nasionale en internasionale vlak leiding gegee het. So het hy byvoorbeeld aktief gereageer op die regering se ondersoek na hoër onderwys in die negentigerjare en was sy kommentaar "rigtinggewend vir sowel die groenskrif as die witskrif van die departement van onderwys wat later aanvaar is".

Volgens Scott het Reinecke pro-aktief en vanuit sy denkraamwerk, kennis en ervaring begin met 'n kwaliteitsbevorderingsprogram aan die PUK. Vroeg in die negentigerjare het hy persoonlik meganismes te dien effekte in Amerika, Europa en Engeland gaan ondersoek. In die proses het hy kontak gemaak met en samewerking verkry van die Nederlandse Sentrum vir Beleidstudies oor hoër onderwys en kon dadelik begin word met die evaluering en versekering van die PUK se akademiese gehalte.


As uitvloeisel van hierdie evaluering is die ongeveer tagtig departemente aan die PUK na vier-en-dertig skole omvorm, en is strukture geskep waarvolgens gevorderde nagraadse opleiding en navorsing binne 'n raamwerk van dertien fokusareas uitgevoer kan word.

Die eer vir die oorspronklike denke oor die telematiese leersisteme (TLS) wat aan die PUK ontplooi is, kom – volgens Viljoen – ook Reinecke toe, terwyl in sy termyn ook begin is om studente met meer gesag te beklee, onder meer deur verteenwoordiging in feitlik alle vlakke van bestuur. Deur sy bemiddeling en optrede het studente byvoorbeeld in die vroeë negentigerjare vir die eerste keer verteenwoordiging op die Universiteitsraad verkry – die eerste universiteitskampus waar dit gebeur het.

In hierdie strewe na uitnemendheid is Reinecke bygestaan deur 'n knap bestuurspan, met proff Willem Scott en Albert Viljoen veral as ywerige adjudante.

*Carools as vernuwer*

# Puk: setel van hoë-vlakkennis



**UNIVERSITEITE is setels van hoëvlakkennis en navorsingsvermoë. Hierdie bate word voortdurend versterk deur die kontak van die dosente met internasionale vakgenote. By die Puk word dan ook verskeie geleenthede geskep om hierdie kontak deurlopend op 'n goeie vlak te hou - Prof. Carools Reinecke, Rektor van die Puk, oor buitefondse.**

In die openbare en privaatsektor is daar 'n behoefte aan die deskundigheid waaroor universiteite beskik.

Teen die einde van die 1980's het die Puk 'n strategiese besluit geneem om die deskundigheid van die Universiteit aktief te bemark.

Dit het bygedra dat die inkomste deur navorsing oor die afgelope jare goed gegroei het.

Die belangrikste doel van hierdie strategie is egter om die kwaliteit en relevansie van die kennis en navorsing van die Puk deur samewerking met eksterne vennote te verhoog.

In die jongste tyd is daar 'n aansienlike toename in sowel die aantal as grootte van kontrakte wat oor navorsing met die privaatsektor gesluit word.


Tans word indringend aandag gegee aan die hantering van intellektuele eiendomsreg wat 'n logiese uitvloeisel is wanneer navorsing byvoorbeeld tot produkte soos patente lei.

In die geheel gesien, het die ondernemingsingesteldheid tot navorsing die afgelope paar jaar aansienlik by die Puk toegeneem. Die Raad het die verwoording daarvan in die visie (lees visie langsaan) van die Puk onlangs heelhartig gesteun.

Soos sy voorganger (Tjaart van der Walt) het Reinecke ook 'n hoë premie geplaas om die uitbou en uitdra van die beeld van die PUK na buite, maar gefokus op die kundigheid wat van die universiteit uitgaan en het hy daarvoor geywer dat internasionaal kontak gehou en deur buitelandse studie kennis geneem word van wetenskaplike tendense wêreldwyd. In hierdie verband is veral van belang sy optrede en bemiddeling vir die herstel van akademiese bande met die buiteland en in die besonder met die eertydse susterorganisasie, die Vrye Universiteit van Amsterdam. [***Vir meer besonderhede hieroor, kyk afdeling 1.2.4***]

In Reinecke se tyd (1993) is ook as visie vir die PUK uitgespel 'n Christelike universiteit van hoë gehalte, diensgerig op toepaslike behoeftes van die tyd, die land en die mense.

*Carools en Drienie saam met Bennie Howard, voorsitter van die Bond van Oud-Pukke, en sy vrou.*



Reinecke se bestuur van die PUK in die oorgangsfase na die post-1994 nuwe Suid-Afrika het hare op die tande geverg, maar hy het die skip veilig deur die onstuimige waters gestuur. Onder sy leiding is daar diep en ernstig besin oor die toekoms van die PUK, is daar van die verlede afskeid geneem en 'n nuwe era betree. Maar nie sonder slag of stoot nie.

In Augustus 1996 is daar 'n protesaksie van ongeveer 250 lede van minderheidsgroepe by die PUK se administrasiegebou, teen die karakter en bestuursaspekte van die PUK. As uitvloeisel word vensters van die gebou en die polisie met klippe bestook en word sestien mense lig beseer en drie weens geweldpleging in hegtenis geneem. As teenpool neem ongeveer 2500 studente aan 'n optog deel vir die behoud van die Christelike karakter van die inrigting.

Inmiddels, in die binnekamers van die PUK, is prof. Carools en viserektor Willem Scott en andere dag en nag in die binnekamers van die PUK besig om die regsposisie van die universiteit ten opsigte van sy karakter in die nuwe bedeling uit te klaar, en so word die bestaansreg van die PUK as Christelike universiteit in Carools se termyn herbevestig, met die goedkeuring van 'n nuwe statuut in September 1998.

Daar is ook diep en ernstig besin oor die albatros wat oor dekades heen al swaarder op die nek van die PUK begin druk het. Die eindresultaat was 'n Senaatsverklaring op 4 Mei 1994, gevolg deur 'n Raadsbesluit in Junie, waar getuig is van pynlike bewuswording van 'n mate van versaking van die universiteit se sosiaal-maatskaplike roeping, te wete die in-gebreke-bly om apartheid te veroordeel, en die gevolglike onreg wat dusdoende mede-Suid-Afrikaners aangedoen is.

Teen die einde van sy termyn was die onweerswolke weer aan die opsteek, en het dit donker en dreigend oor die Christelike karakter van die PUK begin hang. Op hierdie stadium het hy die stuurstang van die skip aan 'n jong, avontuurlustige nuwe kaptein oorhandig ...

By dit alles was Carools lief vir sy studente, het hy op minsame manier met hulle op voetsoolvlak omgegaan. Hy was gedurende die jare 1973-1978 ook huisvader van die manskoshuis Klooster, wat vir hom waardevolle kennis verskaf het oor die wyse waarop studente gesag en verantwoordelikhede hanteer. Waar enigsins moontlik, het Carools met die studentekorps gemeng en geassosieer.

In die latere stadium in sy rektorstermyn van dertien jaar is die titel "C.S.S." spelenderwys deur die studente aan hom toegeken, synde vir "Carools Sê Só"! Enersyds dalk as gevolg van 'n effense despotiese neiging, andersyds bloot maar net 'n natuurlike tendens by iemand wat al so lank in die saal sit, die roete só goed ken … Die ligte luim waarin dit gesê is, en die merkbare skok-effek wat dit op Reinecke self gehad het toe reklameman Chris Windell hom dit een dag in die motor vertel het, toon darem dat dit nie 'n ernstige probleem was nie!

Maar dat Carools Reinecke geweet het wat hy wou hê, en dit meestal gekry het ook, is 'n feit soos 'n koei!

Sy sekretaresse onthou hom as "baie toegewyd, baie hardwerkend en baie intelligent … 'n man met hoë integriteit, 'n hart van goud, baie meelewend teenoor sy medemens en 'n Christen met 'n besondere verhouding met sy Hemelse Vader". Tydens al sy jare in die akademie en ten spyte van die feit dat hy "altyd besig" was, het Carools Reinecke steeds gesinsman gebly, sodat sy kinders met trots by sy aftrede een se opmerking kon beaam: "As ek aan pa dink, dan is dit aan iemand met die sagste bruin oë vol deernis en liefde."

'n Wonderlike getuigskrif, vir 'n man wat soveel ysters in die vuur gehad het!

*Carools en Drienie met hul kinders (1989) … 'n gelukkige gesin.*



# 2.23 THEUNS ELOFF : KLEIN MANNETJIE, GROOT HOOGTES



*Theuns Eloff*

"Klein Theuns" is en word hy soms genoem. Om te onderskei van die groter neef, ook van die PUK, wat in die jagbedryf doenig is.

Deur iemand beskryf as arrogant, het dieselfde persoon sy eerste indruk later gewysig na "dalk net seker van homself". En ook "kliphardegat ... soos sy destydse kerkraad, 'n klomp politici en 'n hand vol sakeleiers al agtergekom het" – maar dan, in dieselfde asem, "superdiplomaat", "superfasiliteerder".

Daardie geykte cliché, "klein botteltjie, groot gif" is ook al ten opsigte van hom gebruik.

Maar dis bietjies te negatief. Maak dit liewer "Klein mannetjie, groot hoogtes!"

Ja, inderdaad: Theuns Eloff is klein na liggaamspostuur. Skat hom, in die ou koloniale taal, so vyf voet agt (1.70m), 'n man wat tydens 'n saamtrek van rugbyspelers maklik tussen die rysige en reuse gestaltes verdwerg. En tog, met daardie klein maar gespierde gestalte het hy vreesloos onder die grotes en die sterkes van sy rugbydae ingeseil en manne met reputasies gelyk gemaak met moeder aarde. Of het hy sy rug gekrom en soos 'n warm bottermes deur gapings geglip, drieë gedruk en drieë gemaak.

Maar nie net op die rugbyveld nie. Nee, ook op die veel groter en wyer speelveld van die Suid-Afrikaanse politiek en op die speeltoneel van die ganse Suid-Afrikaanse samelewing het Theuns Eloff sy merk gemaak, sy "tackles" ge-"tackle", gapings geslaan, drieë gemaak en gedruk. En groot hoogtes bereik. Soos toe hy in 1994 die "Four Outstanding Young South Africans"-toekenning van die Junior Chamber of South Africa en in 1995 die "Ten Outstanding Young Persons of the World" (in die kategorie "Political and government affairs") bekroning van die Junior Chamber International verwerf het. In die volgende jaar word hy deur die Wêreld Ekonomiese Forum met die "Global Leader of Tomorrow" toekenning vereer. En dis nie sommer-so se toekennings nie ...

Theuns is 'n PUK in murg en been. Sy pa, prof. Daan Eloff, was student en vir baie jare lank dosent in Maatskaplike Werk terwyl sy ma, Cecile, ook 'n PUK en dosent in dieselfde departement as sy pa was. Theuns self was vir altesaam nege jaar lank voltydse student op die PUK (1972-1980). Maar anders as enkele ander "langtermyn"-studente waarvan ons weet, het Theuns die tyd op universiteit ekonomies uitgekoop deur die verwerwing van die B.Jur(Ekon)-graad, asook suksesvolle voltooiing van teologiese opleiding met die verwerwing van die Th.B- en Th.M-grade (beide met onderskeiding).

Theuns het egter nie in die akademie "vasgeval" nie maar het sy gewig (figuurlik gesproke!) oral in die studentelewe ingegooi. Deelgeneem en leiding gegee. Hy was onder meer voorsitter van Florna en Thalia-toneelgeselskap, vir twee termyne redakteur van *Díe Besembos*, vir drie termyne lank lid en vir een termyn president van die nasionale Afrikaanse Studentebond (ASB). Theuns was ook vir vyf jaar lank lid van die Sentrale Studenteraad (SSR) – as penningmeester, visevoorsitter en daarna drie agtereenvolgende termyne as voorsitter.

By dit alles was Theuns ook intens betrokke by die werksaamhede van die SGD (Studente Gemeenskapsdiens), onder meer as deeltydse skakelbeampte in 1980, en het hy in die redaksie van die reformatoriese tydskrif *Woord en Daad* gedien.

O ja, om nie te vergeet van sy rugby nie, waarna aan die begin verwys is. Theuns was in 1975 kaptein van die PUK se onder-twintigspan en het daarna vir vier seisoene vir die PUK se eerste span gespeel. Theuns het ook vanaf 1976 tot 1978 vir die destydse Mielieboere oftewel Wes-Transvaal (tans die Luiperds) op senter uitgedraf. Die PUK se oorwinning van 30-27 oor 'n Kovsiespan met verskeie Springbokke en toekomstige Springbokke in hulle geledere, bly vir hom een van sy grootste oomblikke op die rugbyveld. [**Kyk *Sages en Legendes*, vol I afdeling 1.5.7.**] Dié dag het hy en sy spanmaats getoon wát karakter is!

*Theuns as lid van die Wes-Transvaalse span, 1977. Hy sit heel voor, regs.*



Reeds in sy studentejare was Theuns 'n nuusmaker by uitnemendheid. Só is dit groot nuus as hy, nog voordat hy die beweging se president sou word, 'n mosie by die ASB indien wat wil hê dat swart en bruin Afrikaanssprekendes volle lidmaatskap kan verkry. Maar hy haal ook die voorblad as hy moet erken dat hy 'n fout gemaak het in die hantering van die omstrede kwessie toe die PUK se trompoppies oor hul kort rokkies en swak vertoning tydelik gedispatroneer word. [**Kyk afdeling 3.6.**] Dreigende skorsings, enersyds deur die Nasionale Party se afdelingsbestuur in Potchefstroom en wel oor politieke uitlatings van die jong Eloff, en andersyds deur die kuratore van die Teologiese Skool en wel oor dansery [**kyk afdeling 3.5.5.**], is ook lekker sappige stories vir die plaaslike maar ook die landswye media.

Geen wonder die kameras wil net op PUK se nommer dertien-senter in die intervarsity teen RAU (1978) fokus nie!

By sy uittrede uit die georganiseerde studentelewe, aan die einde van 1979, is Theuns deur die studentekoerant geloof as "een van die grootste studenteleiers op die PU ... dalk was hy die grootste". Daar is ook gewag gemaak van die baie dramas wat hy moes beleef, probleme wat hy moes oplos en negatiewe publisiteit. "Hoë bome vang immers die meeste wind", is die troos, en sy leiding word geloof: "Hy het baie nuwe perspektiewe geopen, die aandag dikwels op die PU se voorposdenke gevestig en deurgaans die PU-beeld uitgedra soos min ander studente kan doen."

In 1977 was Theuns een van die opstellers van die destyds opspraakwekkende Koinonia-verklaring, waarin talle fasette van die destydse regering se beleid en optrede aan die hand van Skrifbeginsels gekritiseer is. In 1980 was hy ook 'n stigterslid van die studentevereniging Polstu, die eerste nasionale nie-rassige politieke organisasie vir studente. Hy is erkentlik teenoor regsdosente Lourens du Plessis en Johan van der Vyver en filosowe Elaine Botha en Ponti Venter se bydraes daartoe "dat my oë as Christen vir apartheid oopgegaan het".

Theuns se progressiewe denke is nie onder 'n maatemmer weggesteek nie en só word hy, as voorsitter van REBSA en terwyl hy studenteleraar by Tukkies was, deur die bekende politikus en politieke ontleder Van Zyl Slabbert genooi om lid te word van 'n groep wat in Dakar met leiers van die verbanne ANC samesprekings sou voer. Waarskynlik was dit vir Theuns die draaipunt op sy lang Damaskuspad-ervaring. Terug in sy gemeente is die lang messe geslyp en het hy uiteindelik die pad gevat. Uit die bediening na die polities-ekonomiese terrein, met die selfopgelegde missie om te help werk aan die oplossing van die ernstige probleme waarmee die land op daardie tydstip geworstel het.

As uitvoerende direkteur van die Konsultatiewe Sakebeweging het Eloff spoedig die aandag op hom en sy organisasie gevestig en het hy hom al gou binne die maalstroom van die woeste politieke waters van die laat-tagtiger- en vroeg-negentigerjare bevind. Hier het hy met groot

behendigheid ontpop as fasiliteerder by uitnemendheid, wat 'n bepalende rol gespeel het in die samesprekings en beraadslaginge wat gelei het tot die nuwe staatkundige bedeling wat in 1994 betree is. Eloff het boonop 'n belangrike rol gespeel om die nuwe bedeling op koers te kry. Bakens op hierdie pad, wat 'n stewige plek in Theuns se CV inneem, was onder meer as hooforganiseerder van die Nasionale Vredesakkoord, hoof van die sekretariaat van KODESA (Konvensie vir 'n Demokratiese Suid-Afrika), hoof: administrasie van die Veelparty Onderhandelingsproses en adjunk-uitvoerende direkteur van die Oorgangs Uitvoerende Raad.

In Junie 2004 is Theuns Eloff aangewys as visekanselier van die oorkoepelende Universiteit van Noordwes, wat ontstaan het uit die samesmelting van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PUK), die Universiteit van Noordwes en die Vaaldriehoekse kampus van die PU vir CHO met inkorporering van die Sebokeng-kampus van die Vista-Universiteit. Vóór dit, vanaf Januarie 2001 tot Junie 2004, het hy die rektorstoel van die PUK beklee.

Theuns Eloff se aanstelling, in Junie 2001 as rektor van die PUK in die plek van Carools Reinecke was byna 'n noodwendigheid. In sy voorganger se termyn is diep en lank in die binnekringe van die PUK gewroeg, oor die foute van die verlede maar ook oor die weg vorentoe, en is 'n profiel van die nuwe leier opgestel wat, toe dit op stuk van sake kom, nommerpas was vir Eloff.

Vir hom was dit 'n wiel wat gedraai het. En, ja, dit was 'n moeilike besluit om sommer die werkkring waarin hy so geblom het, soveel sukses gehad het, die rug toe te keer. Maar die rektorskap van die PUK was vir hom 'n roeping van Bo, die antwoord op die vraag waar hy sy land en sy mense en ook die koninkryk van God die beste kon dien.

In sy kort termyn as rektor, voordat hy in Junie 2004 die visekanselierskap ("oorkoepelende rektor") by die Noordwes-Universiteit aanvaar het, was die transformasieproses by die PUK goed op dreef. Alhoewel die PUK sy kenmerkende "van", die "vir Christelike Hoër Onderwys", op aandrang van die regering moes laat vaar, hou dit volgens Theuns beslis nie in dat die



# 'Seun van Potch kom huis toe'

**Karen Engelbrecht**

'n Seun van Potchefstroom het vandag huis toe gekom.

So het mnr. Satish Roopa, uitvoerende burgemeester van Potchefstroom Woensdagaand dr. Theuns Eloff gelukgewens tydens 'n glansonthaal in die banketsale nadat Eloff vroeër die dag as die sewende rektor van die Potchefstroomse Universiteit ingehuldig is.

Woensdag is gekenmerk deur hartseer en vreugde. Vroeër die dag is die vise-rektor en adjunk-hoof van die Puk, prof. Willem Scott begrawe. Hy is Saterdag aan 'n hartaanval dood. (Lees berig op bl. 3). Scott sou Woensdagmiddag die bekendstelling van die rektor tydens die inhuldigingsgeleentheid behartig het. Die registrateur, prof. CFC van der Walt het die bekendstelling waargeneem.

Die inhuldiging in die Sanlam-ouditorium is deur meer as 'n duisend mense bygewoon waaronder adv. Leon Wessels, mnr. Mike Rosholt van die Besigheidsinisiatief en voormalige werkgewer van Eloff, twee vorige rektors prof. Carools Reinecke en dr. Tjaart van der Walt, mnr. Henry Jeffreys van Beeld asook mense uit die vermaaklikheidsbedryf soos Rina Hugo en haar man Johan van Rensburg, Elsabé Zietsman, en familielede.

Die ampsbekleding is deur die kanselier van die Puk, dr. Danie Cronjé behartig. Cronjé is ook die voorsitter van Absa.

Eloff het in sy boodskap gesê daar is 'n groeiende bewuswording dat die Puk 'n ondernemende universiteit moet wees. Hy het verwys na die strategiese herposisionering van die Puk en persepsies daar rondom. "Sommige dink dit is 'n plek waar net predikante en onderwysers opgelei word, ander interpreteer die CHO as Christelike nasionale onderwys, of apartheidsonderwys. Die feit dat die Potchefstroomkampus 'n meerderheid Afrikaanse studente het, word as 'n hindernis vir toelating beskou. Daar is ook diegene wat meen dat die Vaaldriehoekkampus en TLS maniere is om swart studente van die Potchefstroomkampus af weg te hou," het hy gesê.

"Dit is daarom duidelik dat, ten einde om homself beter na buite te posisioneer, die Puk voor 'n paar uitdagings te staan kom. Daar sal nuut gedink moet word oor hoe die Christelike karakter in wetenskapsbeoefening verstaan en geoperasionaliseer word, en na buite bemark word."

Hy het gesê die Puk sal 'n funksionele taalbeleid moet hê. "'n Universiteit, selfs 'n universiteit met die Puk se geskiedenis, is nie 'n taalstryder nie," het hy gesê. "Die behoefte op die Potchefstroomkampus is Afrikaans, op die Vaaldriehoekkampus tweetalig en afstandsprogramme Engels."

Eloff het na verskeie gemeenskaps- en navorsingsprogramme verwys waarby die universiteit betrokke is. Hy het egter gesê die Puk het nog ver om te gaan rakende sekere punte op die nasionale agenda. "Dit is veral waar van die teikens vir gelyke indiensneming van personeel in die nasionale plan. Maar daar is sterk vordering gemaak om werklik toegang tot onderwys vir alle Suid-Afrikaners te verbreed op 'n konstruktiewe en nie-paternalistiese manier."

'n Onthaal na afloop van die inhuldiging is deur die stadsraad in die banketsale gehou. Dit is deur ongeveer 600 gaste, waaronder verskeie hooggeplaastes, bygewoon.

**Dr. Theuns Eloff lewer sy boodskap tydens sy inhuldiging Woensdag. Eloff het sy akademiese pet afgehaal tydens sy toespraak. Hy is die eerste rektor wat nie uit akademiese geledere kom nie. Sien meer oor Eloff op bl. 9, 10, 11 en 12. Foto: Karen Engelbrecht.**

*Voorblad Potch Herald 8.2.2002 : "Seun van Potch kom huis toe".*

karakter van die PUK ook daarmee heen is nie ("die naam is nou van die hek af en in die harte van die mense", aldus Theuns). En wat taalbeleid betref, is sy strewe steeds om Afrikaans as akademiese en wetenskapstaal te handhaaf maar om ook nie-Afrikaanssprekendes te akkommodeer. Moontlikhede daartoe is steeds in die gistingspot ...

By alles wat oor hom gesê is, en nog gesê kan word, is Theuns 'n maklike mens, 'n gemaklike mens. "Noem my sommer Theuns", was sy "opdrag" aan die PUK-gemeenskap toe hy die leisels oorgevat het, en het hy sommer dadelik die statige ou herehuis van 'n rektorswoning tot gemeenskaplike besit van veral die PUK-familie maar ook van die plaaslike gemeenskap omvorm, deur gereelde aanbied van funksies, uitvoerings en reünies van kleiner groepe.

*Theuns en sy gesín ... almal groot maats, sê Suzette.*



Theuns is doodtevrede met sy betiteling "doktor", want hy het gewerk daarvoor; hy is min gepla oor wat in sommige kringe as die Alfa en Omega van akademiese prestige beskou word, om 'n professor te wees. Buitendien, sê hy (met 'n effense mate van onderbeklemtoning, weliswaar): "Ek is nie 'n akademikus nie ... bloot die uitvoerende hoof van die universiteit."

Hy hou van gholf, jag en perdry, is 'n man vir die buitelug en oop ruimtes, 'n gesinsman by uitnemendheid. Hy kuier graag saam met "die manne" en word deur die meningsvormende blad *Insig* bestempel as "nogal 'n bok vir sports".

## UITSPRAKE OOR EN DEUR THEUNS

*Suzette oor Theuns:*

*Ná wat sy self noem, díe "Dakar-debakel", oor Theuns se geestelike veerkragtigheid: "Hoe harder jy 'n rubberbal neergooi, hoe hoër spring hy op. Niks in hierdie lewe kry vir Theuns onder nie, en hy verloor nooit sy optimisme nie.*

*As fasiliteerder:*

*Theuns self: "Alles in die lewe gaan oor onderhandelinge. Ek dink ek het 'n gawe om te verstaan hoekom mense met mekaar verskil."*

*Suzette: "Hy het regtig geveg vir vrede. Hy noem homself 'n vredemaker. 'n Man wat in 'n loopgraaf staan en 'n wit vlag ophou terwyl twee partye aan weerskante veg."*

*Theuns oor bestuurstyl:*

*"Ek is 'n informele, buigsame en demokratiese bestuurder ... Ek volg 'n spanbenadering ... Ek kom as bestuurder uit die nie-winsgewende sakesektor na 'n nie-winsgewende akademiese omgewing."*


*Theuns oor PUK se missie:*

*"Die PUK is nie daar om die volk, die kerk of die regering te dien nie, maar om God se koninkryk, die land en al sy mense te dien. Die Universiteit is en bly 'n nasionale bate en daarom sal daar ook samewerking wees met die regering van die dag."*

*Profetiese woorde van Theuns:*

*In Augustus 1979, in 'n "terugkyk"-berig in die studentekoerant: "Ek wil graag volgende jaar na agt jaar van swot begin studeer. Al lyk dit nie so nie het ek 'n sagte plek vir die akademie." En toe kom hy uiteindelik wel "huistoe", terug na die akademie ...!*

# 2.24 DICK PUTTER : YSTERMAN ... EN OPPERSTE PLATJIE!



*Dick Putter in sy swaarverdiende Springboktrui, 1963.*

Dick Putter was 'n besondere karakter, wat dinge op besondere wyses gedoen het, soos om sy wittebroodsdae deur te bring by die proefwedstryde in Kaapstad met die oog op die kies van 'n Springboktoerspan na Nieu Seeland in 1956. Mense wat nie vir Dick goed geken het nie, sou hom dan juis oor hierdie "vreemde" optrede (wat vir hulle na die ligsinnige kant oorhel) nie vir so 'n "belangrike sending" in hul span opneem nie.

Sou die keurders dalk ook só geredeneer het – en toe eerder die belowende jong studentjie wat nog nie eens hard baard gehad het nie, Piet du Toit (die latere "Piet Spiere" van faam), gekies het? Feit is dat Dick op daardie stadium een van die "ysters" in Suid-Afrikaanse rugby was, deel van 'n bulpak voorspelers van die Mielieboere wat vir geen ander provinsie teruggestaan het nie. Twee van die pak (Johan Claassen en Harry Newton Walker) was wel in die span, en die slot Stoffel Bosch moes ook daar gewees het.

Dis nog een van daardie hartseerstories: 'n uitstaande speler wat voortdurend sy hart uitspeel en dikwels kat en muis met sy direkte opponente speel, maar wat net nie die geleentheid kry om sy staal in hoër geselskap te toon nie ...

Asof 'n man soos Johan Claassen, wat Dick as een van die heel bestes beskou het, dan so verkeerd kon wees ...

Dick Putter was nou wat 'n mens graag noem 'n legende in sy tyd – nie net oor sy vermoëns op die rugbyveld nie, maar ook vir sy streke en manewales van die veld af.

Met vurige en intelligente spel het hierdie atleties-geboude kragman van meet af die aandag op hom gevestig. Hy speel vanaf 1952 vir die PUK en vir Wes-Transvaal en draf in 1953 ook vir die Noordelike Universiteite teen die Wallabies uit as flank. Drie ander Pukke, Org Rautenbach, Ben Brink en Kort Stoney Steenkamp het ook dié dag gespeel. Spoedig hierna skuif hy oor na die voorry, waar hy meer geleentheid kry om kragtoertjies uit te voer.

In 1954 is Dick saam met neef Klein Dick Putter en nog nege ander Pukke op toer met die Noordelike Universiteite span na Rhodesië en word daar vanselfsprekend besoek afgelê by die Victoria-waterval, waar 'n amperse tragedie hom afspeel: "Ons verneem dat ons eie Klein Dick omtrent twintig treë van 'n gewisse dood af was as dit nie vir die reddende hand van

*Dick Putter op "honeymoon" tydens die 1956 proefwedstryde!*

*Links : 'n Wandeling deur die Kaapse strate ...*

*Regs : Vroulief Betsie (du Preez), self 'n oud-Puk, as nie-amptelike skoenpoetser vir haar man en sy maats.*







*Huisgenoot, 6 September 1963, p 85.*

Groot Dick was wat op die regte oomblik 'n stok aan eersgenoemde gereik het om te verhoed dat hy die Victoria-waterval afspoel nie. Koos Dreyer laat hom as volg oor hierdie voorval uit: 'Die klein Puttertjie het 'n kans uit 'n miljoen gehad en hy het dit benut'."

In 1955 is Dick lid van die Mielieboere se span wat met kragtige voorspel en Jack van der Schyff se skopskoen die sterk span van die Britse Leeus in hul openingswedstryd die loef afsteek. Hy speel ook weer vir die Noordelike Universiteitespan teen die besoekers. In 1956 is hy een van ses Mielieboere wat uitgenooi word na die 1956 proefwedstryde vir die Nieu Seelandse toer.

Maar die keurders kyk hierdie begaafde en veelsydige voorspeler steeds mis ... soos dit telkens maar weer die geval sou wees in hieropvolgende toetsreekse teen die Franse (1958), die Skotte en die Iere (1960), die All Blacks(1960), 'n toer na Brittanje (1960-61), die Wallabies (1961) en die Leeus (1963). Deurentyd is Dick 'n uitblinker en staatmaker in 'n Mielieboerpak wat wyd en syd agting afdwing ...

Intussen was daar darem so iets van 'n troosprysie: in 1959 verwerf hy Junior Springbokkleure vir 'n toer na Argentinië.

En dan, in 1963, na Piet "Spiere" du Toit se vroeë uittrede (1961) en nadat 'n ander voorryman in 1962 teen die Leeus ingespan is, kry Dick in 1963, op 31-jarige ouderdom, die kans waarvoor hy so lank gespook het: hy sak hy saam met oudspanmaat van Wes-Transvaal Fanie Kuhn en nuwe kaptein Abe Malan in die Springbokvoorry teen die Wallabies. Hy speel in die eerste twee en die vierde toetse, maar staan sy plek in die tweede af aan die jonger en snel-opkomende Hannes Marais van die Maties en WP.

Die sand in die uurglas van Dick Putter die kragtige en beweeglike voorryman was vinnig aan die uitloop. In 1962 het hy die kapteinsmantel van die Mielieboere van die uitgetrede Johan Claassen oorgeneem en het hy nog tot aan die einde van 1964 vir sy provinsie uitgedraf.

Hy het ver meer as honderd wedstryde vir sy provinsie gespeel in 'n tyd toe 'n honderdtal nog nie maklik haalbaar was nie. Dat daar min stutte in Suid-Afrika was wat nie respek vir sy krag gehad het nie, is 'n totale onderbeklemtoning, en min mense weet dat hy ook op eersteliga-vlak vir Potchefstroom Dorp in die losskakelposisie diens gedoen het!

Joviale Dick

Dick was 'n lekker toerman, altyd besig met een of ander "onheiligheid". Van sy gewildste streke was om veral nuwelinge in die Mielieboere se span op stasies te gryp as die trein vertrek en hulle dan so lank hy kan vas te hou as die trein begin vertrek. Dan moes daar sommer gate skoongemaak word om nie die steeds versnellende ysterperd te verpas nie!

'n Ander vorm van vermaak was om tydens treinritte deur die venster tot bo-op die dak van die voortsnellende trein te klim en dan rond te beweeg en passasiers van bo af deur hul vensters skrik te maak. Hy het nie 'n vrees vir treine gehad nie, soos blyk uit die keer toe hy met sy koffers in sy hande uit 'n verbysnellende trein op Cachet-stasie afgespring het. Dit was seker toe daar nog blombeddings op die perron was!

Daar is reeds bo gesien hoe hy Klein Dick van 'n gewisse dood by die Victoria-valle gered het. Hy wat Groot Dick is het self sy geluk amper te ver gedryf toe hy 'n handstand op die reling van die brug oor die valle gemaak het met die kolkende water honderde meter ver onder hom. Hierdie vreesloosheid was ook deel van sy rugby en het van hom so 'n uitstaande speler gemaak.

Toe daar in die vierde toets teen die Wallabies van 1963, wat te Port Elizabeth gespeel is, 'n bottelgooiery vanuit die skare ontbrand het, het Dick onverskrokke die "uitdaging" aanvaar en teruggegooi!

In 1964 het Wes-Transvaal hulle bure Transvaal op 'n sneeubedekte Ellispark aangepak. Spanbestuurder Johan Claassen het al sy moeite gehad om Dick te laat afsien van 'n

vasberade voorneme om met sy lang wit onderbroek onder sy kort rugbybroek op die veld te draf. Toe Avril Malan die wendrie vir Transvaal druk, het Dick verontwaardig die sneeu van die doellyn weggeskop om die skeidsregter daarop attent te maak dat Malan kort gedruk het. Tevergeefs!

En lees maar hier neffens hoe die sterk man vir die grote Toy, met klem in die kaak, te hulp gesnel het!

# Dick Putter het Vinnig Gehandel

**"Toy" Dannhauser die heelagter van die Wes-Transvaalse B-span het Saterdagmiddag op Springs toe sy span teen Oos-Transvaal gespeel het amper sy lewe ingeboet.**

Dannhauser het 'n teenstander op volle vaart gelak maar in die proses op sy nek te lande gekom. So erg was die skok van die botsing dat die Wes-Transvaalse heelagter half bewusteloos was en klem in die kaak het ingetree. Dannhauser se tong het in sy keel geglip sodat hy moes worstel om asem te kry.

Dick Putter een van Wes-Transvaal se A-span manne het die petalje langs die buitelyn sit en aanskou en dadelik hulp gaan aanbied. Hy het 'n korrekte diagnose gemaak en met die eerste beste voorwerp - 'n vlagstok - het hy Dannhauser se kake begin oopbeur. Dit het spook en spartel gekos want laasgenoemde is 'n groot en fris kêrel en hy was doodbenoud.



*Toy Dannhauser.*

# 2.25 BASIE VAN WYK : BOKKE SE BLESKOP "TOORDOKTER"!



Op die 1951 Springboktoer deur Brittanje storm Basie van Wyk in 'n losskrum in ... net om oomblikke daarna nog vinniger daaruit te steier ... met 'n af neus! Toe hy later, voor die toets teen Engeland, aan die Hertog van Edinburgh voorgestel word en dié nuuskierig vra of sy opponente nie soms sy kop vir die bal aansien nie, het hy ietwat verwytend teenoor sy Skotse Hoogheid geantwoord: "Ja, U Edele, hulle hét een keer – in Skotland!"

Oud-PUK Christiaan Johannes (Basie) van Wyk is 'n waardige toevoeging tot die galery van PUK-legendes.

As student het Basie sy kant gebring. Hy dien op verskeie verenigings se besture en is in 1947 lid van die Studenteraad. Ook is hy 'n gereelde uitblinker in PUK se atletiekspanne en verower Wes-Transvaalse kleure in dié sportsoort. Maar hy is veral 'n rugbyman.

Van Wyk maak reeds in 1944, as 19-jarige, sy verskyning op die eerstespanfoto van die PUK en sit in 1946 en 1947 in die voorste ry, in die kapteinstoel. Hy is ook in hierdie tydperk 'n gereelde lid van die Wes-Transvaalse span, soms as slot en soms as losvoorspeler (flank). Hierna sit hy sy rugbyloopbaan in Transvaal voort, waar hy as onderwyser aan die Wes-Rand diens doen en draf ook gereeld uit in die trui van die Rooibontes (Transvaal).

Reeds in sy tweede jaar aan die PUK is hoër louere vir hom voorspel. Tydens en vir die eerste paar jaar na die Tweede Wêreldoorlog was daar geen Springbokspanne in aksie nie en het joernaliste en koerante maar van tyd tot tyd barometers verskaf van spelers se gehalte deur "skim" Springbokspanne saam te stel. Die Johannesburgse dagblad *Die Transvaler* het vir Basie in sy "Springbokspan" vir 1945 ingesluit en 'n spotprenttekenaar het sy indruk van hierdie knap speler vasgelê.

In 1946 maak prof. Dirk van Rooy, op sy dag self 'n kranige heelagter wat vir Theos en Wes-Transvaal gespeel het, 'n voorspelling gekoppel aan 'n vraag: "Dit word so stadigaan tyd dat P.U.K. se volgende Springbok sy verskyning maak. Gaan Basie van Wyk dit wees?" Maar vir nog 'n verdere twee seisoene is daar geen Springbokrugby nie ...

*Basie van Wyk as kaptein van PUK se eerste span, 1946. Links van hom sit mnr. S (Vaatjie) du Toit (voorsitter) en regs GBS (Rabbo) Pasch (breier).*



*Basie (tweede van regs, agter) saam met spanmaats voor 'n wedstryd op die Springboktoer van 1951. Die kordaat uitgevatte vlagman (regs) is die blitsige vleuel "Chum" Ochse.*



*Basie van Wyk in aksie op die 1951-52 Springboktoer.*





In 1949 is Basie, saam met ander oud-Pukke Piet Malan en Piet du Plooy, kandidate vir die eerste Springbokspan sedert 1937, wat teen die All Blacks van daardie jaar moes uitdraf. Maar hy haal slegs die kortlys van 32 – Piet Malan het wel in die laaste toets gespeel. Basie lewer egter steeds spel uit die boonste rakke vir 'n omgekrapte Transvaalse span onder leiding van die legendariese Springbok agtsteman en latere kaptein, Hennie Muller, wat in 1950 die Curriebeker wen. In 1952 is Basie self kaptein van die Rooibontes wat met dié gesogte trofee wegstap.

In 1951 word hy gekies vir die Springboktoerspan na Engeland en Frankryk. Van die PUK se kant is 'n ere-saluut gebring aan Basie wat "as ambassadeur van ons land saam met sy spanmaats vir Suid-Afrika louere inoes" en daar is vertrou dat sy optrede op en af van die veld vir sy span en vir sy land en vir sy Alma Mater roem sal verwerf.

Op dié toer, as lid van 'n span wat as een van die bestes van alle tye bestempel is en asemrowende rugby gespeel het, vorm Basie saam met toerkaptein Hennie Muller en Stephen Fry 'n losvoorspelertrio wie se samespel selde, indien ooit, agterna in Springbok-geledere geëwenaar of oortref is. Hy speel in al vyf toetse. Die meegaande twee aksiefoto's van Basie op daardie toer sê genoeg om die voorgaande stelling te staaf.

Sportskrywer Jan Fourie was oortuig daarvan dat Basie se kaalkop tot in lengte van dae in Brittanje en Frankryk onthou sal word vanweë spel van skitterende gehalte in die agtien wedstryde op toer. Nee, meer nog: "Nougesette Britse rugbykenners het hom onvoorwaardelik uiteindelik bestempel as die beste losvoorspeler wat hulle nog ooit in Brittanje gesien het ... Basie van Wyk het spel gelewer wat seker nog nooit deur 'n losvoorspeler in 'n Springbokspan oortref is nie ... Hy was dikwels onkeerbaar op die aanval en verwoestend op die verdediging." Fourie vertel ook hoe Basie die idol van die Walliesers, 'n jeugdige Cliff Morgan, telkens in hulle ontmoetings hokgeslaan het.

Sy vurige spel het vir Basie vier toetsdrieë besorg: twee teen Ierland en een elk teen Skotland en Frankryk.

Ons Basie was, saam met spanmaat Basie Viviers, ook een van die voorste pretmakers, met 'n onweerstaanbare droë humorsin. Hand in die broeksak was hy gedurig op soek na moontlike kattekwaad wat hy kon verrig. Basie het ook op die toer ontpop as "dolosgooier", deur aanvanklik strandklippies oor 'n tafel te laat rol en dan, tot groot vermaak van sy spanmaats, allerlei probleme daardeur te probeer oplos. Ondersteuners uit Suid-Afrika het hom met regte dolosse en 'n mussie van muskeljaatkatvel uitgerus vir hierdie rol van hom!

In 1953 is dit steeds die kombinasie Basie, Fry en Muller (kaptein) wat teen die besoekende Wallabies uitdraf – in al vier die toetse. Muller tree hierna uit en Fry neem in 1955 die kapteinskap van die Bokke oor. Basie is steeds daar in die epogmakende eerste toets teen die besoekende Britse Leeus van Robin Thompson. Voor ongeveer 100 000 mense – die grootste skare ooit by 'n rugbywedstryd – word die Bokke in 'n dramatiese naelkoustryd net-net met 23-22 geklop. Twee bekende foto's uit dié stryd het die lot van Basie en heelagter

*Basie en Cliff Morgan, eerste toets 1955 op Ellispark 1955. Agter is 'n deel van die byna 100 000 toeskouers. Lees wat Morgan later hieroor te sê gehad het.*



Jack van der Schyff beseël: een waar Jack met hangskouers wegdraai toe sy vervyfskop wat die wedstryd vir die Bokke sou wen, skeef trek, die ander waar Basie met uitgesteekte tong tevergeefs probeer om die blitsige losskakel Cliff Morgan se drie onder die pale te verhoed.

Laasgenoemde foto, is gesê, wys dat Basie te stadig geword het – en hy verloor sy plek in die span en bevind hom vir die res van die reeks in die koue.

Byna veertig jaar later het Cliff Morgan hoë hulde aan die ou pankop gebring deur te wys hoe onregverdig die kritiek na aanleiding van die besondere foto was. In 'n onderhoud vir 'n TV-reeks *Springbokrugby 100 Jaar* het hy daarop gewys dat Basie in al hulle ander ontmoetings die beste daaraan toe was en het hy hom met nostalgie in sy stem bestempel as "a great, great break-away forward".

Maar Basie was 'n kanniedood en speel sy plek oop in 1956 se toerspan na Nieu Seeland - net om, tydens 'n oefening in Australië nog voordat 'n wedstryd gespeel is, sy been te breek!

Dana Nieuhaus, oud-PUK wat as sportskrywer die toer meegemaak het, het die verlies betreur van hierdie "veteraan van tien toetse en 'n man na wie omgesien is om die groen en goud met welslae teen die Wallabies en in die land van die silwervaring te dra". So hoog was Basie se teenwoordigheid as lid van die toerkomitee geag dat hy nie, soos gewoonlik gedoen word, huistoe gestuur is nie maar die res van die toer meegemaak het – as spesiale gas van die Nieu Seeland Rugbyunie. Dit op sigself is hoë hulde aan hierdie besondere sportpersoonlikheid uit die PUK se geledere.

Die beenbreuk het ook Basie se rugbyloopbaan ten einde laat loop. In sy latere lewe het hy enkele kere rugby afrigtingskursusse aan die PUK meegemaak en só sy kennis en ervaring teruggeploeg.

Basie van Wyk was 'n model van 'n sportman en 'n jintelman.

*Soos tydens die 1951-52 toer, het Basie die dolosgooier weer in 1956 sy "toorgoed" gesprei. Hier "voorspel" hy die uitslag van die tweede toets vir dr. Craven en kaptein Basie Viviers – toevallig die enigste toets wat die Bokke kon wen.*



*Basie se af neus, in die Skotse wedstryd waarna aan die begin van hierdie bydrae verwys is, was toe nie 'n Skotse opponent se skuld nie. Op die skip terug, nà die toer, het slotmaat en kattekwaad-gesel Salty du Rand die identiteit van die skuldige openbaar: "Dit was ek wat daardie hou gemik het, na 'n Skotse voorspeler. Maar ongelukkig het die Skot gekoes en die Toordokter se kop was in die pad van die hou!"*

# 2.26 JOHAN VAN DER SCHYFF : "ONGELUKKIGSTE NIE-BOK" WORD "ONGELUKSBOK"




"Gebeur dit dat Van der Schyff uittree, sal hy onthou word as een van die ongelukkigste senters van die afgelope dekade om nie Springbokkleure te kry nie. Hy was by verskeie geleenthede op die nippertjie in die Springbokspan."

Só skryf die gesoute sportskrywer George Gerber vroeg in 1969 oor Johan van der Schyff, wat pas sy ankers uit Transvaalse rugby gelig en naby Potchefstroom kom boer het.

Maar Johan het nié uitgetree nie en hy het wel later in dieselfde jaar die gesogte en swaarverdiende Springbokkleure verwerf, net om hierna, deur 'n sameloop van omstandighede en faktore, die stempel te dra as een van die ongelukkigstes wat ooit die Springboktrui gedra het ... byna soos Jock van Niekerk, skitter-vleuel van 1931, wat in sy heel eerste wedstryd op die Britse toer nà drie minute die veld met 'n besering moes verlaat – en nooit weer kon speel nie.

Dis 'n mooi storie dié, maar ook 'n storie met baie "bad luck", ryklik gespesery met ironie en hier en daar tekens van nepotisme en bevoordeling ten koste van Johan.

Reeds as skoolseun is Johan 'n veelsydige uitblinker op die sportvelde: krieket, atletiek (hekkies, verspring, naellope) maar veral rugby. Soos broers Jan en Piet voor hom, speel hy vir die Mielieboere se skolespan en onder 19's en draf hy in laasgenoemde seisoen ook vir PUK I en Wes-Transvaal se senior span uit. In sy laaste seisoen vir die PUK, 1962, word hy baie deur beserings gepla en sit hy meestal op die pawiljoen.

In 1963 verhuis Johan na Vereeniging en sluit aan by die klub van Springbokkaptein Abe Malan. Sy spel gedy en hy draf ook vir die Rooibontes (Transvaal) uit, word as dié provinsie se "vonds van die seisoen" aangewys. 'n Skittervertoning teen die Wallabies en hy word genoem as moontlike Springbok vir die laaste toets. As beloning vir sy puik spel word hy gekies vir die SA Barbarians. Weens 'n besering kon hy nie speel nie en neem die jong en nog onbekende Sid Nomis sy plek in. Nomis word 'n legende in die groen en goud ...

Van 1963 tot 1968 is Johan een van die topsenters in die land. Hy neem aan feitlik elke seisoen se proefwedstryde vir die kies van Springbokspanne deel en word feitlik jaar na jaar vanuit verskillende kennersoorde bejammer omdat daar nie vir hom plek in die spanne gevind kon word nie. Talle sportskrywers en kenners van die spel wil hom telkens in die span sien: die doyen van rugby- en sportskrywers, AC Parker van die Kaap en knap sportskrywers soos Paul Irwin, Gert Kotzé, Roelf Theunissen en George Gerber breek telkens lansies vir hom; beroemde oud-Springbokke soos dr. Louis Babrow, die gevierde Springbokkaptein Hennie Muller en selfs tydgenote en amperse tydgenote John Gainsford en Dave Stewart, wat die Springboktrui met onderskeiding gedra het, sien sy potensiaal en beskou hom as 'n proposisie. Maar die Groot Vyf (Keurders) bly steeds ander pad kyk en kom kort-kort met ander nuwe name te voorskyn: Wynand Mans, Gertjie Brynard, Sid Nomis, Eben Olivier, Tony Roux, 'n uitgetrede Mannetjies Roux ... maar steeds nie Johan van der Schyff nie!

In 1964 speel Johan in die Springbokproewe, met Sid Nomis as sentermaat. Hulle word hoog aangeslaan. Mannetjies Roux, destyds van Lugmag-faam, voer 'n "flying tackle" op Sid uit, swaai heeltemal om en sy skoen veroorsaak 'n gapende wond in Johan, wat langs Nomis beweeg het, se knie. Af is Johan – en as plaasvervanger kom Matiesenter Eben Olivier op. Dit was die begin van Eben se roemryke loopbaan ...

Die volgende jaar is dit weer proewe en is Johan een van die gunstelinge om die span na Nieu Seeland te haal. Pas 'n paar dae vroeër het hy skitterend vertoon teen WP se gevierde senterpaar John Gainsford en Wynand Mans, wat albei wel die span sou haal (Mans as vleuel). 'n Paneel kennis sluit Johan in hul vooraf-spanne in en Paul Irwin van die *Sunday Times* is uitgesproke dat Johan eerder as Sid Nomis toe wel in die span moes wees.

In 1967 is Johan steeds tops, maar steeds is daar nie vir hom plek nie. Party kenners meen steeds hy is beter as Nomis, maar die destydse bygelofie dat daar altyd 'n Jood in die span moet wees word skynbaar ernstig opgeneem ... In 1968 is Johan onderkaptein van Toy Dannhauser se puik Transvaalse span wat die Curriebeker-eindstryd haal en die Britse Leeus 'n loesing gee. In die proefwedstryde vir die toetse teen die Leeus beïndruk hy weer, maar steeds is dit nee; Mannetjies Roux doen van die plaas af 'n hertoetrede tot die spel, langs Eben Olivier.

*Johan van der Schyff soos rugbyliefhebbers van die middelsestigs hom sal onthou:*

*Links : Met krag deur 'n laagvat ...*

*Regs : Op pad doellyn toe, vir nog 'n drie!*







*Dalk sy grootste uur: Johan (SA Barbarians) in volle vaart verby die gevierde Engelse senter Dave Duckham.*

Teen die einde van die seisoen lewer Johan verskeie skitterende vertonings, met 'n hoogtepunt teen die WP – toe hy drie keer met geweldige vaart die verdediging aan flarde ruk en drie drieë druk. Kenners en sportskrywers was in vervoering: kom Johan van der Schyff se kans nou, einde ten laaste? Weer proewe toe, nou vir 'n einde van die jaar toer na Frankryk – weliswaar met 'n effens beseerde enkel, opgedoen in die Curriebeker-finaal kort tevore. Maar wie sê: Die Tukkie-"meteor" Tonie Roux, ywerig "gestoot" deur die invloedryke Tukkie en Noord-Transvaalse rugbybaas prof. Daan Swiegers, is die nuwe ekstra senter in die span.

Moedverloor se vlakte was immers nou Johan se voorland. Wat moet hy dan nog doen?

En daar is ook nog die ironie dat sowel Syd Nomis as Eben Olivier, wat as plaasvervangers vir hom in groter geselskap begin speel het, reeds gevestigde Springbokke was ...

Hy gaan boer op sy plaas naby Potchefstroom. Maar rugby is in sy bloed en hy draf vir Potchefstroom Dorp uit, en vir die Mielieboere. Alles loop klopdisselboom, saam met uitblinkers soos Kobus Koorts en die ervare ou jakkals agter die skrum, Dirk de Vos. In Meimaand val die eer hom te beurt om vir die SA Barbarians teen hulle Britse eweknie uit te draf. Dalk was dit sy grootste uur op die rugbyveld.

Johan lewer nogeens 'n spogvertoning. Keurder en beroemde Springboksenter van 1949–1953, Tjol Lategan, sien hoe Johan kringe om Dave Duckham, die beroemde Engelse senter, hardloop. Ook die befaamde Leeu-skrumskakel van weleer en Barbarian bestuurder, Dickie Jeeps, was beïndruk ...

'n Verdere goeie wedstryd volg, toe Wes-Transvaal die Leeus pak gee. Teen sy ou provinsie Transvaal, met keurder Ian Kirkpatrick op die pawiljoen, is sy breekslae weer skerp. Die beroemde oud-Springbokkaptein en –afrigter, Hennie Muller, het Johan se insluiting as "stewige senter" in die Springbokspan na Engeland noodsaaklik geag.

En, ja waarlik, net na twaalf daardie Saterdagaand laat in Oktober 1968 word Johan se naam uitgelees as lid van die toerspan. Ná soveel seisoene se bestendige en meestal uitstaande senterspel, ná soveel proefwedstryde waarvandaan hy telkens as "ongelukkige" geoormerk is, is die droom uiteindelik bewaarheid ...

Toe kom die opwinding, die vooruitsigte om die keurders se uiteindelike vertroue te regverdig. Hy beïndruk in die spanoefeninge en kenners meen hy kan die heersende senterprobleem in die span oplos. Maar in Brittanje het teenspoed op Dawie de Villiers se span – en op Johan gewag ...

Tydgenote sal die berugte "betogertoer" van 1969–1970 goed onthou. Die teenstand en haat teen die destydse Suid-Afrikaanse regering en sy volkerebeleid het die Springbokke met woeste geweld getref. Wedstryde is gekanselleer of moes verskuif word en betogers het die lewe van die toerspan op en af van die veld behoorlik vergal.

Nie te verwonder nie: die Springbokke is aanvanklik die kluts skoon kwyt, ploeter van wedstryd tot wedstryd voort, terwyl wen- en verloorslae mekaar reelmatig opvolg. Gevestigde agterlynspelers soos skakelpaar Dirk de Vos en Piet Visagie sukkel om hul voete te vind. Dawie is siek en die nuwelinge in die span vind dit deur die bank moeilik om in te pas. Johan speel twee wedstryde aan die buitekant van 'n af-van-vorm Visagie en vaar nie te waffers nie; met Mike Lawless as losskakel gaan dit spanne beter in sy derde wedstryd en druk hy darem ook 'n drietjie.

Die toerbestuur is in die war, val terug op gevestigde spelers en laat die nuwelinge effens in die koue. Maar ook dit werk nie. 'n Paar spanlede doen boonop griep op en saam met kaptein Dawie de Villiers kyk Johan vanuit sy hotel op beeldradio na die eerste toets teen Skotland. Ná die verloorslag teen die Skotte kry die nuwe spelers die groen lig en sou Johan waarskynlik teen die sterk span van Cardiff, 'n week later, opdraf. 'n Wedstryd wat toe 'n effense keerpunt in die rampspoedige toer sou blyk te wees ...



*Trotse oomblik! Johan en mede-nuwelinge Renier Grobler en Johann van der Merwe pas hulle Springbokbaadjies aan.*

Intussen was die Springbokke se stelskopwerk pateties. Die effens nog grieperige Johan, wat pas voor die toer 24 punte vir Potch Dorp geskop het, oefen stelskoppe, om dalk dié probleem te kan help oplos.

Na 'n paar skoppe slaan hy soos 'n os neer: bobeenspier geskeur! Krul van die pyn!

Daar is gewik en geweeg, mediese verslae aangevra ... maar dit was neusie verby en die einde van Johan se toer. Ook die einde van 'n droom – 'n droom wat in 'n nagmerrie ontaard het.


Hy bly nog 'n rukkie by die span, woon die toets teen Engeland op 20 Desember by. Weer kry die Springbokke pak. Dié aand op die onthaal sê Dicky Jeeps aan 'n bekende Suid-Afrikaanse reisagent dat die Springbokke se beste senter op die pawiljoen gesit het ...

Kort voor Kersfees is Johan terug by die huis.

Na intense behandeling het Johan weer van sy besering herstel en vir etlike seisoene steeds uithaler spel vir Potch Dorp en sporadies ook vir die Mielieboere gelewer. Die kans waarop hy soveel jare gewag het, om aan sy aanhangers sowel as die keurders te toon dat hy hulle bewondering en vertroue waardig was, is egter – net soos destyds, in 1964, op Nuweland – deur 'n fratsbesering verongeluk.

PUK se grootste "Ongeluksbok", voorwaar! As hy maar net vroeër in sy blink loopbaan sy slag in die groen en goud kon wys ...

*FOTO 2.26.5 : Johan van der Schyff het wel nie veel op die Britse "betoger-toer" van 1969 - 1970 gespeel nie, maar haal tog sowel die voor- as die agterblad van die spogtydskrif "Rugby World". Albei foto's toon hom op die verdediging – soos dit trouens deurgaans met die Bokke die geval was, op en af van die veld. (PFvdS)*



# 2.27 JOHAN VAN RENSBURG : "ONDER HOM HET ALABAMA 'N REVUE-GROEP GEWORD"

## Johan

Hy vertel dat die eerste tree na revue op 5 Oktober 1966 gegee is. Tot op daardie stadium het hulle vertonings uit operettes en mono- of dialoë bestaan. Met die jaarlikse Lentekonsert wat op hierdie aand gehou is, het die Alabama net liedjies gesing en is deur 'n uitgebreide orkes begelei.

Mnr. H.M. Robinson (of Oom Robbie, soos hy algemeen bekendgestaan het), die destydse Hoof van Ontwikkeling aan die Puk, het ná die konsert voorgestel dat hulle 'n hele vertoning op hierdie trant saamstel.

Hoewel die idee aanvanklik nuut was en nie uit alle oorde ewe entoesiasties ontvang is nie, het die Alabamalede besluit om die bul by die horings te pak. Populêre liedjies is verwerk en sketse ("skiets") is in die vertoning ingewerk vir afwisseling.

Die idee om op die maat van die musiek te beweeg het van Nesco du Toit, 'n oud-lid, af gekom, vertel Johan. Hy het een aand kom kyk hoe hulle oefen en toe voorgestel dat hulle op die verhoog rondbeweeg. Dáár is die choreografie, waarvoor dié groep vandag nog so bekend is, gebore.

Van toe af het alles net begin om in die regte rigting te beweeg, aldus Johan. Verhoogligte wat toe maar pas met kleurwiele begin vervaardig is, is aangeskaf, reklameplakkate is gedruk, en twee jaar later, in 1968, is eenvormige drag vir die groep gemaak.

Van toe af het die sale ook begin vol word. In 1969 het die groep vir die eerste keer in die Johannesburgse Stadskouburg opgetree, 'n voorreg wat geen studentegroep nog voorheen beskore was nie.

Wat baie gehelp het om die groep se sukses te verseker, sê Johan, is die plaat wat in 1968 gemaak is. Die media het hulle ook begin raaksien en oor hulle begin skryf.

In 1969 het die Alabama vir die eerste keer 'n professionele persoon gehuur om die choreografie te behartig. David Matheson, 'n bekende in teaterkringe, het tot 1971 gehelp om 'n standaard daar te stel. Hy is tans verbonde aan Sukovs.

Geoffrey Sutherland, sy opvolger, het die Alabama die volgende tien jaar bygestaan met choreografie. Vandag is hy ook 'n top-regisseur en werk by Naruk.

Johan het in 1969 sy graad voltooi. Omdat hy nie kans gesien het om die Alabama op hierdie hoë noot te verlaat nie, het hy 'n pos as lektor by die Departement Musiek aanvaar.

In 1971 is hy en Rina Hugo getroud. Hy het toe voortgegaan met die vertonings, en in Augustus 1973, net nadat die jaarlikse toer afgehandel is, is hulle oorsee om verder te studeer.

Terwyl hy weg was, het Louis Drummond, sy jonger broer, die leisels oorgeneem en die volgende twee jaar die groep gelei. Louis, wat 'n graad in die Regte behaal het, het ook 'n graad in Musiek voltooi en is vandag hoof van die Departement Ligte Musiek aan die Pretoriase Technikon.

Johan is in 1980 aangestel as regisseur by SAUK-TV. In hierdie hoedanigheid kry hy steeds die geleentheid om sy musiektalent uit te leef en is die skepper van talle kenwysies en agtergrondmusiek wat daagliks deur TV-kykers gehoor word.

Van die dramareekse waarvoor hy agtergrondmusiek geskryf het, is *Galery, Sondaarspoort* en *Die voortreflike familie Smit*. Sy kenwysies word ook gehoor in programme soos *Potpourri, Collage* en *Maplotters*. Films waarvoor hy agtergrondmusiek geskep het, was *You must be joking* en die ou Elmo de Witt-film, *Vergeet my nie*.

As Johan die aand huis toe gaan, hou sy musiekbrein nie op werk nie. In sy ateljee doen hy baie vryskutwerk, en beskou dit as 'n "tweede beroep". Intussen help hy klein Riaan om die tromme te bemeester, en hy gee klasse in Elektroniese Musiek aan die Pretoriase Technikon.

## Puk-video's gewild by Kaapse filmfees

Dokumentêre programme deur Kommunikasiekundestudente aan die Puk het baie goeie reaksie ontlok by die afgelope Kaapstadse Studentefilmfees. Veral drie programme wat deur Pukke gemaak is, het geesdriftige kommentaar van die Kapenaars, verteenwoordigers van opvoedkundige instansies en mense uit die filmbedryf gekry.

'n Video waarvan Gracelle Gerber, 'n meestersgraadstudent, die regisseur is, is gekies as een van tien inskrywings wat aan 'n uitgesoekte gehoor vertoon is. Dié video, *'n Swart Geskiedenis*, handel oor 'n oorlewende van die Krugersdorpse konsentrasiekamp (1899–1902), die 96-jarige mnr. Daan du Plessis van Cullinan.

*Eksistensialisme* deur Marlene Bramley en *Hentie*, wat deur Mariekie van der Walt geregisseer is, is ook hoog aangeslaan deur die beoordelaars.

*Hentie* handel oor die kampuslewe van Hentie Nortjé, 'n blinde Pukstudent. Dié video was vroeër vanjaar een van die vyf finale wenners in die Sony-Personality Tuisfliekwedstryd.

Tydens die Filmfees het mnr. Attie Gerber, senior lektor in Kommunikasiekunde aan die Puk, 'n referaat gelewer oor die noodsaaklikheid van professionele opleiding in rolprent- en televisieproduksie op universiteitsvlak.

## Johan van Rensburg

# Onder hom het Alabama 'n revuegroep geword

*Johan van Rensburg, gewese regisseur en liedjieskrywer van die Alabama-studentegeselskap, vier vanjaar sy agtste jaar by die SAUK. Onder dié talentvolle leier se leiding het die revue-gedagte van Alabama, soos ons die groep vandag ken, tot stand gekom.*



*Johan van Rensburg en Rina Hugo is een van die bekendste musiekegpare in die land. Hulle het mekaar ontmoet toe hulle aan die Alabama-studentegeselskap behoort het.*

Johan vertel dat hy eintlik toevallig in die Alabama-studentegeselskap beland het. Hy was een aand, hier aan die einde van Junie se kant, besig om klavier te oefen toe lede van die orkes sy pa kom vra het of hy nie saam met hulle kon oefen nie, want hulle trompetspeler het skielik siek geword.

Johan se pa, wat 'n dansorkes gehad het, het ingestem en 'n opgewonde Johan is saam Totiussaal toe waar die groep geoefen het. Hy vertel dat ná hulle daardie aand tot eenuur geoefen het, daar eenparig besluit is dat hy die trompetspeler sou wees op die toer wat eersdaags sou begin.

Omdat die skool eers oor 'n paar dae sou sluit, was daar 'n paar "formaliteite" wat afgehandel moes word, maar toe die bus vertrek het, was hy daar.

Die toer wat hulle daardie jaar Suidwes toe aangepak het, is die een wat hy seker die langste sal onthou, aldus Johan. Hý, 'n matriekseun wat nog nat agter die ore was, was aanvanklik skrikkerig vir die studente. Hulle het hom egter baie gou laat tuisvoel, en weldra was hy 'n Alabama in murg en been.

Johan het aanvanklik B.Sc. studeer, maar het terselfdertyd sy musiekstudie onder mnr. Hans Babst volgehou. Later het hy besluit om hom voltyds op musiek toe te spits, en in 1966 het hy toe sy kursus na B.Mus. verander. In dieselfde jaar is hy aangewys as die nuwe musiekleier van Alabama.

# 2.28 RINA HUGO : "ORAL WEN SY HARTE"

## Rina Hugo

Johan speel 'n baie groot rol in haar loopbaan, sê Rina. Hoewel hy nie haar plaatopnames verwerk nie, het hy 'n groot invloed op haar besluite. Hy is ook haar grootste kritikus. Elke keer as sy van die verhoog af stap, vestig hy haar aandag op iets wat sy kan verbeter of verander. "Dít is baie belangrik", sê Rina, "want daarsonder kan geen kunstenaar sy aanbieding verbeter nie.

Rina is op die oomblik baie bedrywig met ligte musiekkonserte, maar is nog gereeld betrokke by operaen oratorium (gewyde opera)- uitvoerings. Sy is ook baie lief vir musiekblyspele en het in onder meer *The sound of Music* en *The Student Prince* opgetree.

Sy het Johan ontmoet toe sy in die Alabama-Studentegeselskap begin sing het en hy leier van dié revuegroep was. Hulle is in 1971 getroud, net nadat sy haar graad voltooi het.


Sy het aanvanklik skool gehou, maar in 1973 is hulle saam Boston toe om verder te studeer. Sy het haar meestersgraad in musiek aan die New England Conservatory of Music behaal, en Johan het 'n kursus in moderne jazz en elektroniese musiek aan die internasionaal bekende Berklee College of Music gevolg.

Rina het in 1976 sang aan die Puk se Konservatorium begin doseer. Omdat Johan 'n betrekking as regisseur by SAUK-TV aanvaar het, moes hulle in 1980 na Johannesburg verhuis. Hulle het hulle in Randburg gevestig, waar hulle steeds woon.

Omdat Johan en Rina altwee in die musiekwêreld beweeg, word die kinders baie aan musiek blootgestel en openbaar hulle reeds baie talent. "Ons hele lewe draai om musiek", sê Rina. "Of die kinders eendag 'n musiekrigting gaan inslaan, sal ons egter maar moet sien."

Rina glo dat sy baie van ander kunstenaars leer; daarom luister sy gereeld na ander sangeresse. Sy hou baie van Cleo Lane en Barbra Streisand en is ook op hoogte van wat in die plaaslike musiekwêreld aangaan.

Haar sangloopbaan hou haar baie besig, sê Rina. As sy nie kostuums aanpas of repeteer nie, is daar altyd iets wat sy by die platemaatskappy moet gaan doen. Sy probeer egter om hierdie dinge tot die oggende te beperk, want smiddae wil sy saam met die kinders deurbring.



*Rina en Johan saam met die kinders, Riaan en Anri. Hulle albei openbaar reeds baie musiektalent en tree partykeer sommer vir die lekker saam met pa en ma op.*

Gelukkig vir haar duisende aanhangers sal haar liefde vir musiek nooit verdwyn nie. "Iets verskrikliks sal moet gebeur om my te laat ophou sing", sê sy. "Óf ek sal te oud word om te sing, óf die mense sal my nie meer wil hoor nie."

Sy is ook nie van plan om te kies tussen ligte en ernstige musiek nie. Sy sal egter in die toekoms daaraan dink om weer klas te gee.

Rina vertel dat daar op die oomblik baie min dinge buiten haar sangloopbaan en gesin is waaraan sy aandag kan gee. Voor 'n kospot moet 'n mens haar nou nie eintlik indruk nie, maar sy is lief daarvoor om met haar vingers in die grond te werskaf en tuin te maak.

'n Eienskap wat duidelik na vore kom wanneer 'n mens met dié aanvallige vrou gesels, is dat sy haarself nie te ernstig opneem nie, en miskien is dit waar die bekoring vir haar duisende aanhangers lê. Een ding is seker: ons gaan nog bàie van haar hoor!

## Rina Hugo

# Oral wen sy harte

***Rina Hugo, voormalige dosent en oud-Alabamalid, is in Suid-Afrika al sinoniem met die sangwêreld. En dit is nie net met ligte liedjies wat sy naam maak nie; op die operetteverhoog en selfs in musiekblyspele is sy ewe gewild en bedrewe.***

Die oomblik dat jy Rina se voordeur betree, besef jy: hier word musiek gelééf. Prente van viole, orkeste en musici versier die mure, en musiekinstrumente wat rondstaan, word ooglopend gereeld gebruik.

"Soms wil jy mal word van al die musiek in die huis", sê Rina. Omdat die hele gesin saamgaan wanneer konsert gehou word, kan sy egter volhou met die singery. Johan speel in haar orkes, Riaan (12) is al heel bedrewe met die tromme, en Anri (10) sing sommer partykeer saam.

Om met vyf goue plate te spog en boonop as die gewildste sangeres in die land aangewys te word, is nie elke sangeres beskore nie. Dit verg baie talent, harde werk en baie opofferings.

"Party dae raak ek so moeg vir musiek dat ek voel ek wil nooit weer iets met musiek te doen hê nie", sê sy. Hierdie emosie ondervind sy darem net as sy werklik 'n onmoontlike vol program het, en keer op keer pak sy die volgende werkstuk met dieselfde ywer aan.

Rina kom nie uit 'n musiekgesin nie. Omdat sy as kind altyd op haar ma se teetafel speel-speel getokkel het, het haar ma vir haar 'n klavier gekoop.

Op hoërskool het sy sanglesse by die plaaslike orrelliste, mev. Margaretha Prins, begin neem. Haar stem het verrassend vinnig ontwikkel, en kort voor lank was sang ál wat sy wou doen en was die fondament van haar toekomstige loopbaan gelê.

Rina het in 1967 musiek, met sang as hoofvak, aan die Puk begin studeer. Haar kontak met ligte musiek het begin met solo-optredes as lid van die Alabama-studentegeselskap.

Haar kans het gekom toe Johan in 'n penarie beland het met 'n sangeres wat saam met sy orkes moes optree en siek geword het. Hy het besluit om Rina kans te gee om as soliste op te tree en sy is besonder goed deur die gehoor ontvang.

Rina het hierna, in 1978, besluit om vir die ATKV-Crescendo-kompetisie in te skryf, wat sy toe ook met een van Johan se liedjies, *Winterwens*, gewen het. Van toe af was ligte musiek net so deel van haar loopbaan as die musiek van Bach, Mozart en baie ander klassieke komponiste.

Dit was egter eers in 1983 dat haar eerste plaat, *Ek sien vandag die son weer skyn* die lig gesien het. Dit was só 'n groot treffer dat die bal toe behoorlik aan die rol gesit is.




*Rina met een van haar goue plate. Benewens die vyf goues wat sy reeds verower het, is sy beslis een van die gewildste sangeresse in die land.*

# 2.29 ANNETTE COMBRINK : 'N STERK KRAG AAN DIE STUUR

*Annette jou doring, jy het dit gedoen!*
*Dit voel seker soos die Lotto se miljoen!*
*Maar, anders as die Lotto, geen gelukskoot of miskien –*
*Nee, jy het dit ten volle verdien!*

Vreemd, né … só 'n rympie uit die mond en die hart van 'n man, en dit nadat nog 'n kei-harde mans-"vesting" voor die gelykmakingsproses tussen die twee geslagte geswig het. Maar toemaar, die rymelaar en seer sekerlik valle Puk-mans wat Annette goed ken, het geen "hang-ups" hieroor nie. Op hierdie tydstip in die PUK se geskiedenis is dit dalk net die regte medisyne vir die inrigting wat die afgelope jare deur diep ontwikkelingswaters sy weg moes baan. En is dit dalk werklik 'n geval van "The best man for the job is a woman"!

Vanaf sy stigting, ver terug in 1869 dáár in die dorre Karoolandskap van Burgersdorp, was die PUK se voorganger, die Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerk, 'n eksklusiewe mansklub. En het dit vir dekades só gebly. Dames is sedert 1910 maar langtand toegelaat – en dan net om klasse by te woon, en die eerste volwaardige graadstudent, Martha Lugtenburg, het eers in 1917 ingeskryf. Die eerste vrouedosente, in die persone van Ann Norenius en Millie Radloff, het eers in 1925 hul plekke op die personeelfoto ingeneem. Norenius, soos Annette dosent in Engels, het in 1930 die besondere prestasie behaal om tot die eerste vroulike professor aan die PUK bevorder te word. Haar voortydige bedanking, om haar op geestelike bearbeiding toe te spits, was vir die PUK 'n groot verlies. Sy was 'n waardige grondlegger van die departement Engels.

Ironies genoeg, toe Norenius se opvolger, prof. Martin Titlestad, in 1943 sy pos ontruim en die pos geadverteer word, was 'n waardige lid van die PUK-Raad diep beswaard dat ruimte gelaat is vir dames om ook aansoek te doen. "Dit moet 'n heer wees", het hy by die registrateur geprotesteer: "So 'n belangrike Professoraat mag nie deur 'n dame beklee word nie. Dit moet 'n sterk krag wees."

Gelukkig is dié tydsgees lankal iets van die verlede. Annette, 'n sterk krag in die voortsetting van die bouwerk binne die departement Engels en 'n ewe sterk krag binne die breër opset van die universiteitsbestuur, is nou die sterk krag wat aan die roer van die skip staan. Dit laat mens terugdink aan daardie waar word wat reeds kort na die Anglo-Boereoorlog gespreek is, toe gepleit is vir 'n damesinstituut binne die voeë van die destydse Teologiese Skool: "Het heden hangt van de mannen af, de toekomst van de vrouwen."

Kom ons bekyk hierdie fenomeen, Annette, 'n bietjie van nader.

Om lesers van *Sages en Legendes* … te vergas met besonderhede uit haar 20-bladsye volgepropte CV is 'n onmoontlike taak en sou beslis ook nie hier van pas wees nie. Selfs die opsommende drie bladsye sê maar net wat mens in min woorde kan uitdruk: hier is 'n formidabele akademikus, 'n uiters bedrewe organiseerder en bestuurder, 'n persoon met geweldige dryfkrag, inisiatief en visie. Iemand uitgeknip vir die hoë pos wat sy nou beklee.

Maar wie is Annette (gebore Marais) nou werklik?

"Ek is die oudste van vyf kinders wat grootliks op 'n lappie grond buite Vereeniging grootgeword het waar ons moes help met die plaaswerkies – veral my (Hollandse) ma het gevoel dat sy mos haar eie arbeid in die huis het. Ons is net verskoon van plaaswerk as ons met skoolwerk besig was. Dit verklaar dalk hoekom al vyf Marais-kinders glad en vinnig deur skool en universiteit is – ons was nie van plan om ook te boer nie! Ten spyte daarvan het ons 'n baie gelukkige kinderlewe gehad – daar was 'n kliprantjie om in te dwaal en 'n

sementdam om in te swem, en baie boeke en radio – aande se ritueel het *Die Du Plooys van Soetmelksvlei* ingesluit."

In 'n neutedop, 'n leerskool vir die lewe – wat Annette in haar suksesvolle latere loopbaan goed te pas sou kom.

Te arm vir die PUK, is toe maar met 'n TOD-beurs koers gevat, na Normaalkollege, Potchefstroom. En is sy een van so baie Pote wat later diep spore op die PUK-kampus sou trap. Tydgenote was onder meer Pieter Theron (Puk-professor in Dierkunde) en die bekende akademiese tweeling, Pieter en Rudi van Eldik, die professore-egpaar Daan en Marié Wissing.

Annette onthou nostalgies dat sy ook op Pote aan atletiek deelgeneem het, maar dat Marié (néé Van Aswegen) haar altyd gewen het. Maar toemaar: "Ek het darem pryse gewen vir redenaars, veral Jagger Bequest ['n prestige redenaarskompetisie aan die POK] en ASB [waarvan sy bestuurslid was]. Daar was nog nooit fout met my bek nie!", lag sy hartlik en voeg by hoedat haar oudste broer konstant na haar verwys het as "hoofmeisie-tipe". En ja, sy was hoofmeisie van Vereeniging Hoërskool – en sommer Dux-leerling ook! Op Pote was sy onder-primarius van haar koshuis, Huis Republiek.

Huiskomitee Huis Republiek, 1965. Annette sit links, heel voor.

Annette kan tereg, net soos Theuns Eloff en enkele ander latere PUK-dosente, dans as item op haar sosiale CV uit haar studentejare inskryf – maar vir haar was dit nie destyds, soos vir Theuns en sy deelgenote, taboe nie: "Natuurlik het ons lekker gesokkie – ek was darem mos 'n Poot! Ek was nogal 'n voordanser ... my pa het my geleer "ballroom".

Annette is uitgesproke lief vir kinders. Uit haar huwelik met wyle dr. Jacob Combrink (Sielkunde, PU vir CHO) drie kinders gebore – Jaco, Louisemarié en Cecile. In 1983 is sy getroud met prof. Don Loots (Dierkunde, PU vir CHO). Don het vyf kinders (Rolani, Jaco, Sonia, Heleen en Francois), en hierdie spannetjie het saam nogal die lewe interessant gemaak. Al agt kinders het intussen hulle universiteitsopleiding voltooi, en vier is reeds getroud. Daar is al sewe kleinkinders.

Oor haar vrou-wees in die akademiese lewe is sy, soos ten opsigte van alle sake waaroor sy sterk voel, heel uitgesproke. Haar wedervaringe maak deel uit van die lang en uitgerekte sage van die emansipasie van die vrou in Suid-Afrika. Sy vertel self: "Daar is natuurlik gediskrimineer teenoor vroue omdat ons anatomies gedepriveer is. Toe ek dosent geword het, moes ek maar tevrede wees met 'n pos wat gesê het 'tydelike pos op 'n permanente grondslag' – dis darem gou reggestel. Ek het as vrou tot laat in die sewentigerjare aansienlik minder verdien as 'n man op dieselfde vlak. Toe ek my derde kind verwag het, moes ek hoor ek moet bedank, en dan, as hulle weer 'n pos vir my het kan ek dalk weer aangestel word. Gelukkig was ons twee – ek en Dawn Swanepoel, bekende regsgeleerde, en ons het geveg vir ons regte en dit gekry.

"Toe ek teen 1978 by prof. Rassie (Smit), ons registrateur, kla oor die feit dat ek nie tot die pensioenfonds kon bydrae nie, was sy antwoord: 'Maar jou man gaan mos pensioen kry.' Toe ek my stem terugkry en sê: 'Fyn, ons kry ons lewe lank twee salarisse en dan moet ons aftree met een pensioen', kon hy nog nie die probleem insien nie. Kort daarna (in 1981) is dit wel reggestel."

Regstel, veg vir regte ... dit is deel van die wapenrusting van die energieke nuwe rektor van die PUK-kampus van Noordwes-Universiteit. Toegewyde sekretaresse Martie van der Merwe lys 'n klompie eienskappe wat Annette goed te pas sal kom in die nuwe verantwoordelikheid: oop-deur-bestuurstyl (altyd vir almal toeganklik), werksywer en energie (vroeg op kantoor, werk tot laat – selfs oor naweke; baie ysters in die vuur, hanteer dit goed), humorsin (altyd iets om oor te lag), medemenslikheid (deel in elkeen se vreugde en leed), hanteer dinge saaklik maar altyd professioneel, geen teken van hoogmoed, ongelooflike deernis vir haar medemens, veral dié wat swaarkry.